’n PRAKTIES-TEOLOGIESE ONDERSOEK NA DIE MENSWAARDIGHEID EN ROEPING VAN LIDMATE IN DIE VGKSA GAMTOOSVALLEI

deur

STEPHEN WILHELM JONAS

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in Praktiese Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch

Promotor: Prof. H. J. Hendriks

Maart 2013

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERKLARING

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleenouteur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publikasie daarvan deur die Universiteit van Stellenbosch nie derdepartyregte sal skend nie en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Datum: 1 Desember 2012

Kopiereg © 2013 Universiteit van Stellenbosch
Alle regte voorbehou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

DANKBETUIGINGS

Hiermee wil ek my dank betuig teenoor:

- Die Here wat my die genade, krag, wysheid en gesondheid gegee het om hierdie navorsing te kon doen en afhandel.
- My promotor Prof. Jurgens Hendriks, vir sy uiters bekwame leiding, sy geduld en aansporing en sy nasienwerk wat my deur die studie gehelp het.
- My vrou Erica vir haar gebede, begrip, liefde en ondersteuning asook die opoffering wat sy en my twee kinders Samantha en Jenovan gemaak het.
- Die kerkraad van die VGK Gamtoosvallei vir hul begrip en die studieverlof aan my toegestaan.
- Mev Rene Smith vir die redigering en die noukeurige taalversorging.
- Ds Cecilna Grobler vir die aansporing, finansiële hulp wat sy deur die NNS gekry het en die ondersteuning waarsonder die navorsing sekerlik nie moontlik sou gewees het nie.
- Retha Venter vir die toestemming om haar navorsing te kon gebruik.
- Almal wat vir my gebid het en opregte belangstelling getoon het.

Soli Deo Gloria!

S W Jonas

Patensie, Oktober 2012.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OPSOMMING

In die inleidende hoofstuk word die navorsingsvoorstel uiteengesit. Dit is ’n prakties-teologiese studie wat handel oor die menswaardigheid en missionale roeping van die VGKSA Gamtoosvallei se lidmate. Die navorsingsvraag lui: **Hoe begelei ’n mens lidmate in ’n tipiese plattelandse gemeente, wat in armoede en ’n instandhoudingsbediening vasgevang is, om hul menswaardigheid in Christus te ontdek, en om die lidmate te transformeer na ’n missionale gemeente wat fokus op God en sy agenda vir hulle en hul gemeenskap?**

Hoofstuk 2 is ’n konteksanalise wat, uit die demografiese gegewens, die omvang van armoede in die omgewing toon. Die vraag wat gevra is: Kan lidmate in dié konteks werklik positief bly en hoop en nuwe lewe in die gemeente en die gemeenskap bring?

Hoofstuk 3 is ’n identiteitsanalise en toon watter omstandighede ’n besondere rol in die vorming van die identiteit en kultuur van die VGK Gamtoosvallei gespeel het.

Hoofstuk 4 belig die profiel van die gemeente in sy huidige konteks. Dié hoofstuk bring nuwe hoop wanneer dit fokus op lidmate wat hul menswaardigheid in Christus ontdek het en wat hul missionale roeping onder leiding van die Heilige Gees begin uitleef het.

Hoofstuk 5 is ’n literatuurstudie wat ’n prakties-teologiese basisteorie uiteensit waarvolgens die navorser te werk gaan om te toon wie God is en hoe die Triniteit ’n teologiese templaat vir die ekklesiologie en antropologie bied. Dié hoofstuk toon hoe die herstel van die *imago Dei* menswaardigheid herstel en hoe belangrik verhoudings is. Wanneer die mens in verhouding met God begin leef en sy missionale roeping in Christus begin uitleef, vind herstel van menswaardigheid vanself plaas.

In Hoofstuk 6 gaan dit oor hoe die transformasie in die gemeente kan plaasvind. Dit vind aanknoping by die *missio-Dei* konsep en spel die strategie van transformasie uit.

Hoofstuk 7 ondersoek die rol van die leierskapsontwikkeling van die predikant en kerk-raad, asook die gemeente, op die reis na missionale transformasie. Die gevolgtrekking bevestig die hipotese synde dat sommige lidmate hulle missionale roeping ontdek het en die kragtige werking van die Heilige Gees in hul midde ervaar het toe hulle, weg van hulself, op ander se nood gefokus het. Dit kan die sleutel bied tot die herontdekking van hoop en ’n nuwe lewe.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SUMMARY

The introduction deals with the research proposal. The thesis is a practical-theological study dealing with human dignity and the missional vocation of the Gamtoosvalley Uniting Reformed Church in Southern-Africa. The research question asks: How do you guide members of a typical small, poor, rural congregation, caught in maintenance to discover human dignity in Christ and how are they transformed to focus missionally on God's agenda for their community?

Chapter 2 is a context-analysis where demographic information confirms poverty. The question is asked whether members can stay positive and develop hope for an alternative reality for themselves and their community.

Chapter 3 is an identity analysis describing how the identity and culture of the congregation and its community was shaped in history.

Chapter 4 outlines the present profile of the congregation. In this chapter the secret to hope and human dignity is described in what happened in the community when some members through the power of the Holy Spirit became missionally engaged.

The fifth chapter is a literature study that outlines the theological theory about God as a Trinity that serves as a template for ecclesiology and anthropology. The chapter proves the importance of the *imago Dei* concept for human dignity and the importance of relationships. When people experience a living relationship with God and discover their vocation in and through Jesus Christ, human dignity is restored.

Chapter 6 deals with transformation. It links to the *missio Dei* concept and describes a strategy for the transformation process.

The last chapter focuses on leadership development for the pastor and church council and how they and the church members should be take on a missional journey. The conclusions confirm the hypothesis. When some of the members discovered a missional calling and experienced the powerful guidance of the Holy Spirit in their lives, they got involved in reaching out to "the stranger" in their midst. This led to the affirmation of their dignity and created hope for a new and better future.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE

DANKBETUIGINGS ii

OPSOMMING iii

SUMMARY iv

HOOFSTUK 1 1

INLEIDING 1

1.1 DIE KONTEKS VAN DIE STUDIE 1

1.2 PROBLEEMSTELLING 1

1.3 HIPOTESE 2

1.4 DIE NAVORSINGSVRAAG 2

1.5 METODOLOGIE 2

1.5.1 Deelnemende waarneming 6

1.6 BELANGRIKE BEGRIPPE 7

1.6.1 Menswaardigheid 7

1.6.2 Missionaal 9

1.7 ETIESE VERANTWOORDING 11

1.8 UITLEG Van DIE NAVORSING 11

HOOFSTUK 2 13

DIE KONTEKSTUELE ANALISE 13

2.1 INLEIDING 13

2.2 GEOGRAFIESE GEGEWENS 14

2.2.1 Die geografiese grense van die Gamtoosvallei 15

2.3 DIE SOSIO–EKONOMIESE PROFIEL VAN DIE GAMTOOSVALLEI 16

2.3.1 Die demografiese gegewens van die Gamtoosvallei 16

2.3.2 Die scenario van die werksplek 17

2.3.3 Die vlakke van geletterdheid in die Kouga munisipale gebied 19

2.3.4 Gesondheidsorg in die Kouga munisipale gebied 19

2.3.5 Watervoorsiening in dié area 20

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.3.6 Sanitasie-geriewe 20
2.3.7 Die behuisingsprobleem 21
2.4 PAAIE EN TOEGANKLIKHEID TOT DIE VALLEI 21
2.5 GEVOLGTREKKINGS 22
HOOFSTUK 3 25
DIE VROEË GESKIEDENIS VAN DIE VGKSA GAMTOOSVALLEI 25
3.1 INLEIDING 25
3.2 DIE EERSTE BEWONERS VAN DIE GAMTOOSVALLEI 26
3.4.1 Die erfenis van die slawekultuur 40
3.4.2 Die grondkwessie 43
3.5 DIE ONTSTAANSGESKIEDENIS VAN DIE VGK GAMTOOSVALLEI 47
3.5.1 Kambria Skool / Kerk 49
3.5.2 Grondtransaksie vir die aanbou van die kerkgebou te Kwagga 49
3.6 TUSSEN ANDER KERKE EN GENOOTSKAPPE 51
3.7 GEVOLGTREKKINGS 53
HOOFSTUK 4 55
DIE VGKSA GAMTOOSVALLEI VANDAG 55
4.1 INLEIDING 55
4.2 DIE PLAASLIKE REALITEITE VAN DIE VGK GAMTOOSVALLEI 55
4.2.1 Kerkverband 55
4.2.2 Gemeenteprofiel 56
4.2.3 Leraars wat die gemeente bedien het 56
4.2.4 Kerklike samewerking 57
4.2.5 ’n Arm gemeente van hoofsaaklik plaaswerkers 58
4.2.6 ’n Klein gemeente wat sorg vir mekaar en uitreik na vreemdelinge 60
4.2.7 ’n Tekort aan goed-ontwikkelde missionale leierskap 62
4.2.6 Samevattend: Ons situasie, verleenthede en geleenthede 62
4.3 DIE MESO-KONTEKS VAN DIE VGK GAMTOOSVALLEI 63

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3.1 Samevattend: Ons situasie, verleenthede en geleenthede 67
4.4 GEVOLGTREKKING: DIE GEMEENTE EN HAAR KONTEKS 67
4.4.1 Die navorsingsdoel, probleem, hipotese en die gevolgtrekkings.....67
4.4.2 ŉ Kernagtige samevatting van die probleme 68
4.4.3 ŉ Kernagtige samevatting van positiewe faktore 68
HOOFSTUK 5.....70
IDENTITEIT EN DIE *MISSIO DEI* 70
5.1 INLEIDING.....70
5.2 DIE TRINITEIT EN DIE *MISSIO DEI* 71
5.2.1 God is uniek in sy bestaanswyse 71
5.2.2 Die drie-eenheid van God 71
5.2.3 Die Triniteit bestaan in terme van verhoudings 72
5.2.4 Die gelykheid van die persone in die Triniteit.....73
5.2.5 Die verhouding binne die Triniteit – *perichoresis*.....74
5.3 DIE *MISSIO DEI* 76
5.4 GEVOLGTREKKING 78
HOOFSTUK 6.....80
DIE TEORETIESE VERSTAAN VAN ŉ MISSIONALE KERK.....80
6.1 INLEIDING.....80
6.2 Missionale PATRONE van GESTUURDE GEMEENTES 80
6.2.1 Patrone vir gestuurde gehoorsaamheid 81
6.2.2 Toepassing van die patrone in die Gamtoosvallei 85
6.3 ŉ DEFINISIE VAN ŉ MISSIONALE GEMEENTE.....85
6.4 DIE MISSIONALE GEMEENTE: GESTUURDHEID, GEMEENTEBOU EN *MISSIO DEI* 88
6.5 GEVOLGTREKKINGS.....89
HOOFSTUK 7.....92
LEIERSKAP.....92

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

7.1 INLEIDING 92
7.2 MISSIONALE LEIERSKAP 92
7.3 DIE VORMING VAN MISSIONALE LEIERSKAP 95
7.4 DIE KERKRAAD AS MISSIONALE LEIERS 98
7.5 GEMEENTELEDE AS MISSIONALE LIDMATE 99
7.6 RIGLYNE VIR DIE PAD VORENTOE 101
7.6.1 Die rol van die leraar 101
7.6.2 Die rol van die kerkraad en ander leiers 102
7.6.3 Die rol van die gemeente 103
7.7 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS 103
7.7.1 Die navorsingsdoel 103
7.7.2 Hipotese 103
7.7.3 Die navorsingsvraag 103
7.7.4 Die antwoord op die navorsingsvraag 104
BIBLIOGRAFIE 107
ETIESE KLARING: VERLOF VAN KERKRAAD VIR DIE STUDIE 109
KAART: KOUGA MUNISIPALE AREA 110

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 DIE KONTEKS VAN DIE STUDIE

Hierdie Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK) is geleë in die Oos-Kaap, in die dorpie Patensie, bekend vir sy vee-, groenteboerdery en sitrusverbouing. Die area strek oor ŉ afstand van 120 km in die Gamtoosvallei. Die lidmate is hoofsaaklik afstammelinge van die Khoi. Dié wat werk het, is hoofsaaklik plaaswerkers. Hulle bevind hulle voor en na 1994, in die onbenydenswaardige situasie om as ‘t ware bannelinge (“exiles”) te wees op die grond waar hulle voorgeslagte gebore is en geleef het. Die groot invloei van mense uit Lesotho en Zimbabwe en ander Afrika-lande, wat voorkeurbehandeling van talle boere ontvang wanneer hulle werkers soek, kompliseer sake. Dié tendens het aanleiding gegee tot baie gevalle van xenofobiese aanvalle in verskeie dele van ons land, maar veral in die Wes-Kaap. Die verrassende was dat die gemeentelede, ondanks hul armoede en ŉ skaarste aan middele, hul harte wyd oopgemaak het vir die vreemdelinge. Dit het die Kerk intens bewus gemaak van sy roeping en menswaardigheid. Gemeentelede het mense van Zimbabwe gehuisves, kos en klere gegee, en selfs verhoudinge met hulle begin bou.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Dié leraar/navorser word deur twee skynbaar teenstrydige realiteite gekonfronteer: aan die een kant is daar armoede, drank, dwelms, seksuele probleme, en hoë werkloosheid. Talle van die Vallei se oorspronklike mense se menswaardigheid is oor geslagte heen so afgetakel dat hulle nie in hulself, of in hul Godgegewe potensiaal, glo nie. Dis mense wat moed opgegee het en van dag tot dag oorlewe – en wat enigiets aangryp om van die ellende te ontsnap.

Aan die ander kant haal die navorser voorbeelde aan wat aantoon dat daar onder hierdie mense lidmate is wat amper intuïtief iets verstaan van ŉ missionale kerk, van ŉ kerk wat uitreik na die vreemdeling, die arme, die ontwortelde, die mense óm hulle wat in nood verkeer.

In die gemeente is daar dus mense wat in ellende verval het, ander wat doodeenvoudig uitreik na noodlydendes, en nog andere wat, in die konteks waarin hulle “exiles” op hul

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geboortegrond is, die kerk wil gebruik as die laaste oorblywende veilige hawe waar hulle versorg word en tuis voel by hul eie mense.

Die navorser vra: Hoe kan hy in dié omstandighede by die positiewe werking van die Heilige Gees in sommige lidmate se harte en lewens aansluit en die gemeente inspireer of begelei om ’n missionale gemeente te word? **Die doel van hierdie navorsing is om, met behulp van ’n literatuurstudie, riglyne neer te pen wat die kerkraad van die gemeente kan volg om die reis na missionale transformasie doelgerig verder te voer**. Hiervoor sal hy materiaal van die Suid Afrikaanse Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes, asook ander bronne, soos die werk van (Marais 2007), *God praat – leef luisterryk vir vergadering* en (Guder 1998), *Missional Church* gebruik.

1.3 HIPOTESE

Die navorser se vermoede is **dat lidmate, wat hul missionale roeping ontdek het en die kragtige werking van die Heilige Gees in hulle midde ervaar het, die sleutel kan bied tot die herontdekking van hoop en nuwe lewe.** Hierdie vermoede geld as die navorser se hipotese.

1.4 DIE NAVORSINGSVRAAG

Herhaal van ’n ander hoek, is die navorser se vraag: **Hoe begelei ’n mens lidmate in ’n tipiese plattelandse gemeente, wat in armoede en ’n instandhoudingsbediening vasgevang is, om hul menswaardigheid in Christus te ontdek en te transformeer na ’n missonale gemeente wat op God en sy agenda vir hulle en hul gemeenskap fokus?**

1.5 METODOLOGIE

Die navorsingsontwerp is prakties-teologies (Hendriks 2004:23). Die verduideliking van die kruis dien as metodologiese vertrekpunt vir die studie. Die aangepaste skets van die kruis waarna verwys word, is met goedkeuring van Hendriks gebruik.



Die kruis-simbool stel die teologiese raamwerk van Praktiese Teologie voor.

In hierdie hoofstuk wil ons die kruis-simbool gebruik as die teologiese raamwerk vir hierdie gemeentelike studie. Dit word gedoen uit ’n Afrika perspektief. Die uitgangspunt is dat die kerk ’n groot verskil in Afrika kan maak, maar dan meer spesifiek in die gemeentelike konteks. Gemeentes kan ’n verskil maak, ongeag wat hul bepaalde konteks mag behels. Ons gemeente kan ’n verskil maak in dié dinge waarmee ons, as kerk van die Here, in die konteks waarin ons leef, gekonfronteer word. Ons glo dat teologie kontekstueel van aard is

en dat dit sekere kritieke vraagstukke en probleme in die gemeente en gemeenskap op ŉ holistiese manier behoort aan te spreek (Hendriks 2004:19-23).

God het sy kerk, en daarom ook óns gemeente, geroep om sy evangelieboodskap te verkondig, sodat dié gemeente ook ŉ manifestasie van die kerk van God in die gemeenskap kan wees. Gemeentes behoort geloofsgemeenskappe te wees wat hulle beywer om getroue en effektiewe getuies van Christus te wees. Wanneer ons van gemeentes praat en die tipe teologie wat daar bedryf word, kom Praktiese Teologie ter sprake. Praktiese Teologie kan as ŉ voortgesette hermeneutiese proses van geloofs-onderskeiding gedefinieer word. Dit wil die vraag beantwoord: Hoe moet die Woord in woord en daad in die wêreld verkondig en geleef word (Hendriks 2004:19)?

Die metodologiese raamwerk vir hierdie proses word met ŉ kruis simbool (sien Hendriks 2004:23) verduidelik. Dit is ŉ missionale benadering want die teologiese vertrekpunt is die Drie-eenheid (Bosch 1991:389-393). Die voet van die kruis beeld vir ons die identiteit van ons missionale teologie uit. By implikasie, sê dit dat die drie-enige God die bron van identiteit is. Die kerk is sy liggaam wat op ŉ unieke wyse met mekaar in verhouding staan, gesimboliseer deur sowel die driehoek as die hande wat mekaar vashou. Dit sê dat ons in die kruis geanker is, maar ook dat ons geanker is in die verhouding wat ons met die drie-enige God ervaar, asook ons onderlinge verhoudinge, wat ŉ verbondenheid aan mekaar impliseer. Deur ons verhouding met die drie-enige God, ontvang ons ons identiteit wat ŉ behoort-aan-mekaar identiteit is.

Die linkerkant van die kruis en die beeld van die aardbol verteenwoordig die teenwoordige wêreld waarheen God, sy Seun Jesus gestuur het (Joh 3:16), en waarheen die drie–enige God, Vader, Seun en Heilige Gees ons, as die kerk, ook nou stuur. Soos die Vader my gestuur het, so stuur ek julle ook (Joh 20:21). Dit is in dié wêreld waar ons ŉ missionale geloofgemeenskap wil word.

Die regterkant van die kruis herrinner ons aan ons verlede - waar ons vandaan kom, die pad waarlangs die Here met ons gekom het. In die kruis maak ons hierdie selfontdekking. Wie “in Christus” is, lees die Bybel, en leer dit binne ŉ geloofsgemeenskap. So ontdek ons ons identiteit sowel as ons missionale roeping in Christus.

Die bokant van die kruis wys op die toekoms van die kerk en op die koninkryk van God wat aan die kom is, en wat ook reeds in Christus gekom het - na diegene wat hulle harte in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die geloof vir die Here oopgemaak het. Dit behels die eskatologiese werklikheid wat in Christus reeds daar is, en wat die hoop van die kerk simboliseer.

In die middel of kruispunt van die kruis vind ons die gelowiges aan die worstel met die wil van God in ŉ proses van geloofsonderskeiding. Filippense 1:9-10 verduidelik iets daarvan:

> Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom.[1]

Die gevolg hiervan is om in geloofsgehoorsaamheid betrokke te raak in die wêreld deur, met ŉ strategiese plan, jou te beywer om die koninkryk te laat kom.

Samevattend, is die vraag: "Hoe doen ons teologie?" beantwoord. Wat ons beskryf het, vat Volf (1998:245–263) se woorde baie goed saam:

> We believe that it is in discerning the will of God in the process of obediently participating in his mission, that we learn to understand that faith makes sense. The definition is a methodology. One does theology by being prayerfully, reflectively, systematically involved in God's ongoing mission guided by his Word and Spirit.

In sy boek, *Studying congregations in Africa,* som Jurgens Hendriks (2004:24) die doen van missionale teologie, volgens die kruis-metodologie, in die volgende agt stappe op:

1. Die missionale praxis van die drie-enige God, Skepper, Verlosser, en Heiligmaker
2. Oor God se liggaam, ŉ apostoliese geloofsgemeenskap (die kerk)
3. Oor ŉ spesifieke tyd en plek binne ŉ globale wêreld (ŉ breër kontekstuele situasie)
4. Oor lede van die geloofsgemeenskap wat betrokke is in ŉ roepingsgebaseerde en ŉ konstruktiewe interpretasie van hul huidige realiteit (lokale analise),
5. Oor die interpretasie van normatiewe bronne (die Skrifte en tradisie)
6. Oor die worsteling met die onderskeiding van die wil van God vir die teenswoordige situasie (ŉ kritiese korrelatiewe hermeneutiek)
7. Om ŉ teken van die Koninkryk van God op aarde te wees, terwyl ons ŉ eskatologiese geloofs-gebaseerde realiteit van die koninkryk in sig het (dit sal lei tot ŉ visie- en missie-formulering)
8. Om gehoorsaam deel te neem aan transformatiewe aksies op verskillende vlakke: persoonlik, kerklik, sosiaal, ekologies en wetenskaplik (dit is die doen van ŉ bevrydende transformasie-teologie wat sal lei tot ŉ strategiese implimentering en evaluering van beweging in missionale teologie) (Hendriks 2004:24).

---

[1] *Die Bybel nuwe vertaling*. electronic ed. Cape Town, South Africa : Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1998, c1983, S. Php 1:9-10.

Missionale teologie gaan dus oor: God, die geloofsgemeenskap, die tyd en plek, interpretasie, Skrif en tradisie, geloofsonderskeiding, die Koninkryk, en transformasie.

Volgens Jurgens Hendriks (2004:34), kan ons die doen van teologie so saamvat:

- Theology is about the discernment that takes place in faith communities
- That leads to their active involvement in church and society
- This being their reaction to the presence of a triune, missional God
- Who speaks to us through Scripture and tradition
- In our context
- And who beckons to us from the future.

In die manier hoe gelowiges hul roeping verstaan en ook oor hoe hulle hul publieke getuienis as Christene verstaan, beoefen die geloofsgemeenskap sy teologie. Dit is hoe hulle hul deelname in die realisering van die Koninkryk laat gebeur. God se sending en ons deelname daaraan het ŉ transformerende uitwerking op ons lewens as gelowiges.

Die gemeentelike leiers en gelowige lidmate van die VGK Gamtoosvallei glo vas dat hulle deel moet wees van dit wat God in die Vallei wil doen. Sommige se deelname is baie gering, maar daar is etlike lidmate wat baie goed verstaan wat die roeping van die kerk behels, en wat hul persoonlike roeping ook is. Hul menswaardigheid word daardeur gestimuleer. Aangesien hulle deur blanke sendelinge geëvangeliseer is, beskou hulle hulself as opgewasse om die evangelie verder uit te dra. Dit is goed om te sien dat hierdie lidmate en leiers glad nie deur hul verlede geïntimideer word nie, maar dat hulle betrokke wil raak by dit wat God ook deur hulle in die wêreld kan doen.

1.5.1 Deelnemende waarneming

Die navorser is al dertig jaar woonagtig in die gemeente waar die navorsing gedoen word. Hy maak dus telkens gebruik maak van deelnemende waarneming. Die konsep van deelnemende waarneming kom volgens Mouton en Marais (1990:94) daarop neer dat die navorser natuurlik deel is van die omgewing en sy mense wat hy waarneem.

In dié studie word die navorser se menswaardigheid en missionale roeping ook deur deelnemende waarneming getoets. Die hipotese van die betrokke studie is dus ook toetsbaar wanneer die navorser se persoonlike ervaring gedeel word. Hulle waarsku egter dat die lyn van onderskeid tussen wetenskaplike waarneming en alledaagse waarneming duidelik getref moet word (Mouton en Marais 1990:162). Deelnemende waarneming kan gedoen word, deur met oop oë en ore die handel en wandel van tradisionele

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gemeenskappe op te teken, óf met behulp van vooraf getoetsde vraelyste, bepaalde verwagtinge te bepaal (Mouton en Marais 1990:162).

Deelnemende waarneming word volgens Mouton beskou as kwalitatiewe waarneming. Van die besondere kenmerke van die soort kwalitatiewe waarneming is:-

1. Die navorser is betrokke in die gebeure of verskynsels.
2. Die voorbeelde wat gebruik word is spontaan en toevallig.
3. Dit geskied nie op `n gestuktureerde wyse nie.
4. Dit vind plaas in `n oop ruimte sodat enige onverwagte gebeure geregistreer kan word
5. Die konteks van die navorsing word behoorlik inaggeneem.

1.6 BELANGRIKE BEGRIPPE

Sekere begrippe, wat kortliks hier omskryf word, speel ŉ sleutelrol in hierdie studie.

1.6.1 Menswaardigheid

Die afgelope tyd het die term “menswaardigheid” ŉ kernbegrip in die Afrika konteks geword. Die “Afrika Renaissance,” wat deur oud-president Mbeki ontwikkel is en waarop die inisiatiewe van die New Partnership for Africa’s Development (NEPAD) en die Afrika Unie gebou is, se grondslag lê in die soeke na die herstel van Afrikane se menswaardigheid na dekades van koloniale onderdrukking, burgeroorloë en ekonomiese verval (Vorster 2005:134). Volgens die konsep van die Afrika Renaissance kan die menswaardigheid herstel word deur terug te keer na die wortels van Afrika se tradisies en kultuur, asook deur ŉ ekonomiese herlewing, wat Afrika in staat moet stel om die dominasie van die Weste af te skud. Een van die belangrikste doelstellings van die Suid-Afrikaanse Grondwet is om ŉ soewereine demokratiese staat te skep wat gebaseer is op die uitbou van ŉ groter menswaardigheid (Grondwet 1996:Artikel 1a). Die aanhef van die Grondwet begin eerstens om die ongeregtighede van die verlede te erken en met ŉ doelstelling om “die verdeeldheid van die verlede te heel en ŉ samelewing, gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte, te skep” (Grondwet – 1996:Aanhef).

Menswaardigheid is nie ’n konsep wat eie is slegs aan die Suid-Afrikaanse Grondwet nie, maar dit is ook ’n erkende internasionale kernwaarde (Ntoubandi 2000:4). Daar is ten minste drie van die vernaamste internasionale verklarings van menseregte wat almal na menswaardigheid, as ’n kernwaarde, verwys.

1 Die Universal Declaration of Human Rights (1948)
2 Die International Covenant on Social, Economic an Cultural Rights (1966)
3 Die International Covenant on Civil and Poltical Rights (1966).

Volgens die aanhef van die Universal Declaration of Human Rights (1948) word menswaardigheid beskou as “die inherente waardigheid en die gelyke en onvervreembare regte van alle mense as die grondslag vir vryheid, geregtigheid en vrede in die wêreld” (Vorster 2003:136). Volgens Artikel 1 van dié deklarasie word menswaardigheid beskou as die bron van alle ander regte en dat menswaardigheid in die redelike kapasiteit van die mens gefundeer is. In die inleidings van sowel die International Covenant on Social Economic and Cultural Rights (1966), as die International Covenant on Civil and Political Rights (1966), word menswaardigheid weereens beskou as die waarde van waaruit alle ander regte ontleen word (Vorster 2005:136). Hieruit word die volgende belangrike waarnemings gemaak:

1. Menswaardigheid word beskou as die fondament van regte wat sowel individuele as kollektiewe belange dien.
2. Menswaardigheid is fundamenteel, nie net vir burgerlike en politieke regte nie, maar ook vir sosiale en ekonomiese regte.

Binne die Suid-Afrikaanse konteks is dit belangrik dat ons ook, deur die bril van ’n Christelike perspektief, na menswaardigheid moet kyk om die Grondwetlike waarde van menswaardigheid te kontekstualiseer. Die belangrikste fokus van die Christelike perspektief is die mens se beeldskap van God. Die waardigheid van die mens is gefundeer in die mens as draer van die beeld van God. (Vorster 2005:150). Die begrip *imago Dei* dui op die mens as beeld van God. Die mens is na die beeld van God geskape en, volgens Moltmann, sê Vorster (2005:150) is die mens dan ook God se verteenwoordiger hier op aarde. Die mens as die beeldskap van God staan nie los van die mens se verhouding met God nie. Volgens die navorser se hipotese, word die menswaardigheid van die VGK Gamtoosvallei se lidmate herstel wanneer hulle hul geroepenheid in Christus ontdek en by die Triniteit inskakel by dit wat God in die wêreld en in ons omgewing wil doen. Die

deelname in die missionale roeping van die kerk help ons om ons menswaardigheid te ontdek en uit te leef.

Menswaardigheid is dus ŉ status wat God self aan die mens toeken. Omdat God self die mens na sy beeld geskape het, is menswaardigheid ŉ universele kenmerk van alle mense. Elke mens is dus verantwoordbaar teenoor God (Vorster 2005:151). Ook Calvyn het (volgens Voster 2005:151) die klem laat val op die mens se beeldskap van God; dat die mens, as gevolg daarvan, God se deugde in sy (die mens se) lewe moet weerspieël (Inst. 1.15.4). God gee aan die mens die status van menswaardigheid, sodat die mens ook op ŉ menswaardige wyse teenoor sy medemens kan optree. Hierdie menswaardigheid impliseer dan ook afhanklikheid en gerigtheid op God (Vorster 2005:151). Saam met die status van menswaardigheid wat God aan die mens verleen het, het die mens ook bepaalde regte, vryhede en verantwoordelikhede wat hy self moet verwesenlik. Een van daardie regte en vryhede is die reg tot werk om menswaardig te kan lewe (Vorster 2005:152). "Onmenslike werksomstandighede, armoede, die ontkenning van basiese ekonomiese regte, ekonomiese uitbuiting, die weerhouding van toegang tot natuurlike bronne ensovoorts, is ŉ wesenlike aantasting van die mens se beeldskap van God".

Volgens Vorster (2005:134), is ŉ Gereformeerde definisie oor menswaardigheid: "human dignity as a relational concept and not an inherent possession. It closely links rights and responsibility, as well as individual and social rights." Vanweë die sekularisasie van die Grondwet van Suid-Afrika, is die begrip "menswaardigheid" ook vanuit daardie invalshoek ŉ staatsregtelike begrip (Ackermann 2004:1). Volgens Ackermann verbind Jürgen Moltmann en Duncan Forrester ook hierdie begrip aan die *imago Dei* - met ander woorde, die mens se beeldskap van God (2004:1). Menswaardigheid kom dus neer op die erkenning, respek en beskerming van menseregte waarop elke mens geregtig is. "In hoofstuk 2 van die Handves van Menseregte word menswaardigheid in artikel 10 nie alleen tot fundamentele reg verklaar nie, wat as sodanig gerespekteer en beskerm moet word, maar word dit ter aanvang verklaar dat elkeen alreeds 'ingebore waardigheid' besit. Menswaardigheid is dus ŉ konstitusionele kategoriese imperatief" (2004:6).

1.6.2 Missionaal

Dit is ook belangrik dat ons begin deur eers te sê wat "missionaal" is. Alan Hirsch (2006:87) erken dat daar groot verwarring is rondom die ware betekenis van die woord missionaal. "The word sums up precisely the emphasis of the radical Jesus movements

that we need to rediscover today. But more than that, in my opinion it goes to the heart of the very nature and purpose of the church itself."

Volgens Hirsch (2006:87) is 'n werkbare definisie van missionaal die volgende: "So a working definition of missional church is a community of God's people that defines itself, and organizes its life around, its real purpose of being an agent of God's mission to the world. In other words, the church's true and authentic organizing principle is mission."

Missionaal is nie sinoniem met 'n "opkomende kerk" (*emergent church*) nie. Die opkomende kerk is 'n vernuwingsbeweging wat poog om die Christendom te kontekstualiseer vir 'n post–moderne samelewing.

Missionaal is ook nie dieselfde as "evangelisties of soeker-sensitief" nie.

Missionaal is ook nie 'n nuwe manier van praat oor kerkgroei nie. Kerkgroei is maar net 'n klein aspek van die missionale agenda.

Missionaal is meer as sosiale geregtigheid. Om by die armes betrokke te wees of om die ongelykhede van die verlede uit te wis, is belangrik, maar dit moet nie verwar word met die betekenis van missionaal nie.

'n Beter verstaan van die woord missionaal begin met 'n beter verstaan van wie God is. God, in sy diepste wese, is 'n God wat stuur. Jesus was die "Gestuurde van die Vader" en, soos die Vader Hom gestuur het, so stuur hy sy kerk (Joh 20:21). Dit is God wat die inisiatief neem om sy skepping te verlos.

Volgens Guder (1998:11) se verstaan van die woord missionaal, laat hy die klem op vyf kernpunte val, naamlik:

1. 'n Missionale ekklesiologie is bybels. "The biblical witness is appropriately received as the testimony to God's mission and the formation of God's missionary people to be instruments and witnesses of that mission."

2. 'n Missionale ekklesiologie is histories. "When we shape our ecclesiology for a particular culture, we must take into consideration the historical development of other ecclesiologies."

3. 'n Missionale ekklesiologie is kontekstueel. "The gospel is always translated into a culture, and God's people are formed in that culture in response to the translated and Spirit-empowered Word. All ecclesiologies function relative to their context."

4. ŉ Missionale ekklesiologie is eskatologies. “Our doctrine of the church must be developmental and dynamic in nature, if we believe that the church is the work of the creating and inspiring Spirit of God and is moving toward God’s promised consummation of all things.”

5. ŉ Missionale ekklesiologie is prakties uitvoerbaar. “A missional ecclesiology serves the church’s witness as it makes disciples af all the nations ... teaching them to obey everything that I (Jesus) have commanded you” (Matt. 28:19-20).

1.7 ETIESE VERANTWOORDING

Vir die aanpak van hierdie hoofsaaklik literêre studie is die volgende etiese goedkeuring in 2008 verkry en het die navorsing aan die volgende belangrike etiese aspekte voldoen:

- Toestemming is van die kerkraad van die VGK Gamtoosvallei verkry om die navorsing te doen.
- Die prakties-teologiese ondersoek is aan die hand van verskillende literêre bronne gedoen. Daarom word daar met billikheid en die nodige respek erkenning gegee aan die intellektuele eiendom van verskeie outeurs na wie daar in dié navorsing verwys word.
- Die gebruik van die kruissimbool as vertrekpunt om die metodologie vir die prakties-teologiese ondersoek te kon verduidelik, is met prof H J Hendriks se goedkeuring gedoen.
- In die *konteksanalise* wat gedoen is, om veral die klem op die sosio-ekonomiese profiel van die Gamtoosvallei te skets, het die navorser, met goedkeuring, gebruik gemaak van die Kouga Spatial Development Framework (2009), asook die Kouga Integrated Development Plan (2007-2012).
- Om die leierskap van die gemeente te kan lei en toerus met die oog op missionale transformasie en leierskapsontwikkeling, word daar met groot waardering en erkenning gebruik gemaak van die materiaal van die *Suid-Afrikaanse Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes,* asook van die werk van Frederick Marais, *God praat – leef luisterryk vir vergaderings.*

1.8 UITLEG VAN DIE NAVORSING

Die navorsing sal soos volg aangebied word:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 2 beskryf die konteks van die VGKSA Gamtoosvallei. Dit handel breedvoerig oor die *konteksanalise* van hierdie kerk se gemeente. Daar word in diepte gekyk na die sosio-ekonomiese profiel van die Gamtoosvallei, en hoe dit verband hou met die navorsings-vraag. Hoe begelei ŉ mens lidmate in ŉ tipies-plattelandse gemeente, wat in armoede en ŉ instandhoudingsbediening vasgevang is, om hulle hul menswaardigheid in Christus te laat ontdek en hulle te transformeer na ŉ missionale gemeente wat fokus op God en sy agenda vir hulle en hul gemeenskap?

Hoofstuk 3 handel oor die vroeë geskiedenis van die Gamtoosvallei, sodat dit ŉ beter verstaan kan verskaf oor die historiese konteks waarbinne die VGK Gamtoosvallei sy ontstaan gekry het.

Hoofstuk 4 skets die prentjie van die VGK Gamtoosvallei vandag - hoe die gemeente na ongeveer 65 jaar lyk.

Hoofstuk 5 handel oor die teologiese begronding vir die navorsing, naamlik die *missio Dei* van die trinitariese God.

Hoofstuk 6 beskryf hoe ŉ missionale gemeente eintlik behoort te lyk en te werk, en hoe ver die VGK Gamtoosvallei gevorder het op die pad na missionale transformasie. Hierdie hoofstuk wys ook op die leemtes van die gemeente in terme van sy vordering op die pad na missionale transformasie.

Hoofstuk 7 handel oor die oplossing vir die gemeente, wat lê in die ontwikkeling van missionale leierskap. Dit moet met die leraar begin, dan na die kerkraad, en ook na die gewone lidmate uitkring.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 2

DIE KONTEKSTUELE ANALISE

2.1 INLEIDING

Die doel van hierdie studie is om, met behulp van ’n literatuurstudie, riglyne neer te pen wat die gemeentelike kerkraad kan volg om die reis na missionale transformasie doelgerig verder te voer. Die navorsingsvermoede is dat lidmate wat hul missionale roeping ontdek het en die kragtige werking van die Heilige Gees in hul midde ervaar het, die sleutel kan bied tot die herontdekking van hoop en nuwe lewe. Wat die navorser voortdurend vra is:

> **Hoe begelei ’n mens lidmate in ’n tipies-plattelandse gemeente, wat in armoede en ’n instandhoudingsbediening vasgevang is, om hul menswaardigheid in Christus te ontdek, en te transformeer na ’n missonale gemeente wat fokus op God en sy agenda vir hulle en hul gemeenskap?**

Ten einde hierdie vraag te beantwoord, moet die prentjie van die konteks van die gemeente - wie hulle is en hoe hul omstandighede daar uitsien - geskets word. Dit word in hierdie hoofstuk gedoen.

Binne die raamwerk van hoe mense Praktiese Teologie doen (vorige hoofstuk), verduidelik hierdie hoofstuk die konteks, in terme van die simbool van die kruis, die wêreld waarin die gemeente sigself bevind.

Meer spesifiek word aspekte van ’n metodologie, wat in die Praktiese Teologie bekendstaan as die “kontekstuele analise,” hier toegepas (Hendriks 2004:69-103).

Volgens Hendriks (2004:69), word die tipe analise wat gebruik word, bepaal deur die tipe probleem wat geïdentifiseer word. In die VGK Gamtoosvallei se geval sou die belangrikste geïdentifiseerde probleme wees: armoede, die gemeente se selfgerigtheid op eie oorlewing, en byna geen, of baie min, fokus op dít wat God in die omgewing wil doen. “Contextual analysis is necessary when a congregation is self-centred, or to such an extent focused on its own institutional well-being that it loses sight of its missional character and the needs and challenges that must be addressed in its community” (2004:69) ’n Kontekstuele analise kan beslis nie die teenwoordigheid van die Triniteit manipuleer nie maar, volgens Hendriks (2004:69), kan dit die bewustheid van die lidmate aanwakker wanneer hulle met hul eie werklikhede gekonfronteer word. Wanneer ’n gemeente hul fokus op God

verloor het, kan hulle nie na behore fokus op die naaste en die gemeenskap se pyn, lyding en angs nie. Dan kan daar nie sinvol geïdentifiseer word met dié wat in armoede leef, of diegene wat aan MIV/VIGS ly nie, of dan raak ons gewoond aan die morele verval, of ons kan korrupsie in ons gemeenskappe en ons land nie raaksien nie. Om dié rede is dit nodig dat ons 'n *konteksanalise* van die stand van sake in die gemeente en die gemeenskap moet doen. Dit sal ons ook help in die proses van geloofsonderskeiding, sodat ons die wêreld waarin ons leef, beter kan ken, ons eie konteks en kultuur beter kan verstaan en op ingeligte manier met die feite kan omgaan (2004:72).

Om in aanraking te kom met die omgewing, of die godsdienstige ekologie van 'n gemeente, is baie belangrik. Indien daar moontlik 'n gedeelde geskiedenis of stories uit die verlede is wat gemeenskaplik gedeel word, is dit belangrik om te weet wát ons in gemeen het. Daar is nie een enkele gemeente wat nie deur sy omgewing beïnvloed word nie (Hendriks 2004:76). Om 'n gemeente te kan verstaan, moet ons 'n *konteksanalise* van die omgewing doen. In sy boek, *Studying congregation in Africa,* onderskei Hendriks (2004:77) drie vlakke van *konteksanalise*:

1. Die makro-konteks - dit is die globale omgewing.
2. Die meso-konteks - dit sluit die verskillende groepe in die gemeenskap, groeperings, organisasies, institusies, hospitale, skole en politieke partye in ons onmiddellike omgewing in.
3. Die mikro-konteks - hier word gekyk na ander mense en gebeure wat die onmiddellike omgewing beïnvloed het, of moontlik sal beïnvloed. Dit ondersoek die huidige situasie, ook die verlede, maar daar word ook gefokus op die toekoms van die gemeente.

In wat volg word aspekte van die meso- en mikro-omgewing beskryf.

2.2 GEOGRAFIESE GEGEWENS[2]

Die VGK Gamtoosvallei heet na die Gamtoosvallei, asook na die Gamtoosrivier wat as 't ware die vallei deurkruis en wat uitmond in die see naby Gamtoosmond, of te wel Kabeljous - die gebied waar die beroemde Stuurmans familie en stamhoofde van die Khoi oorspronklik gebly het ten tyde van die vroegste seereise om die kusgebiede op weg na Indië.

[2] 'n Kaart van die gebied word as addendum na die bibliografie geplaas.

Die gemeente is geleë oor die hele Vallei en strek tot naby die berugte selfmoordbrug - die Van Stadensrivierbrug.

Die een uiterste punt van die gemeente is Thornhill naby die Van Stadensrivierbrug en die ander uiterste is Kambria in die hartjie van die Baviaanskloof, ’n baie gesogte toerisme aantreklikheid. Dit is inderdaad die pragtige natuurskoon, die natuurlike 4 x 4 roetes, die verskeidenheid van inheemse plante en bome, asook die voorkoms van ’n verskeidenheid wildsoorte wat die gebied so gewild maak onder toeriste vanuit die buiteland, asook plaaslik. Die Kougarivier en die besproeiingskanaal het dit ook ’n baie vrugbare vallei gemaak en voorspoed vir baie boere in die kommersiële landbou beteken. Aan die ander kant, is dit ook ’n vallei wat min, of bykans geen, voorspoed inhou vir die meerderheid van sy inwoners - die Khoisan en die Xhosa plaaswerkers - die grootste deel van die bevolking van die VGK Gamtoosvallei.

2.2.1 Die geografiese grense van die Gamtoosvallei

Dié gebied val in die Hankey landdrosdistrik, deel van die Kouga munisipale gebied, wat resorteer onder die Cacadu distriksmunisipale gebied (sien die kaart van die gebied onder die addenda). Die naaste ander munisipale areas is dié van Koukamma, die Baviaans, en die Nelson Mandela Metropool. Verder, belangrik omtrent die Gamtoosvallei is dat dit oor sowat 120 kilometer al langs die kronkelende Gamtoosrivier lê. Dit sluit in die volgende klein woonbuurtes wat rondom Thornhill, Loerie, Hankey en Patensie gebou is. Ander bekende plekname in die Gamtoosvallei is Longmore, Kleinrivier, Weston, Centerton, Vensterhoek, Kwagga, De Mistkraal, Andrieskraal, Kouga en Kambria - die gebiede waar die plase in die boerderygemeenskap geleë is.

2.2.2 Gamtoosvallei as besproeiingsgebied

Soos reeds aangetoon, loop die kronkelende rivier regdeur die Vallei, wat as ’n besproeiingsgebied bekendheid verwerf het. Die Gamtoosrivier is eintlik ’n samevloeiing van twee riviere, die Kouga- en die Grootrivier. Die Kougarivier het sy oorsprong in die Willowmore omgewing, en vloei by Stadtus in die Kougadam, vir die Vallei se vars drinkwater en hoofsaaklik besproeiingswater vir die landbousektor van die Vallei, asook om die Nelson Mandela Metropool van water te voorsien. Die Grootrivier begin by ’n Karoo dorpie met die naam, Victoria-Wes, en loop daarvandaan verby Willowmore en Steytlerville deur die Winterhoekberge en die Baviaansberggebied tot by die Grootrivierpoort by Condomo waar dit in die Kougarivier vloei om die Gamtoosrivier te vorm. Dié rivier staan algemeen

bekend as die "Brullende Leeu" (Malan 1970:16–41). Van der Merwe (1988:12) se navorsing toon dat die rivier se naam beteken "slu of geslepe soos 'n leeu" omdat die rivier sy walle so maklik oorstroom. Coetzee (1984:7–8) is van mening dat dit 'n verkeerde afleiding is. Sy volstaan by die betekenis wat die eerste bewoners van die Gamtoosvallei aan die rivier gegee het, naamlik "Cold Day River." Dit was moontlik die koue bries wat van die see afkomstig was wat hulle aan die naam laat dink het en omdat hulle aan die onderste punt van die rivier, naby die Gamtoosmond, gevestig was.

Die grootste gedeelte van die opvangsgebied bestaan uit Tafelbergsandsteen en kwartsiet; gevolglik word baie slik afgevoer en is die water helder en vry van skadelike soute, sodat dit van die Gamtoosvallei 'n baie vrugbare landbou-besproeiingsgebied maak. Die Vallei is alom bekend vir sy gesogte sitrusbedryf, wat vir 'n groot verskeidenheid van uitvoer- asook plaaslike markte produseer. 'n Groot verskeidenheid van groentegewasse word ook hier gekweek. Weens die gebrek aan goeie brûe was die Gamtoosrivier van die vroegste tye 'n bron van groot kommer. As gevolg van oorstromings en vloede het dit groot probleme veroorsaak in terme van vervoer. Wanneer die rivier in vloed was, het dit dikwels ook die binnelandse gebied vir lang tye van die res van die besigheidsarea van Port Elisabeth en Humansdorp afgesny.

2.3 DIE SOSIO–EKONOMIESE PROFIEL VAN DIE GAMTOOSVALLEI

2.3.1 Die demografiese gegewens van die Gamtoosvallei[3]

Kouga is die digsbevolkste munisipale gebied in die Cacadu Distrik, met 'n bevolking van ongeveer 70 695 wat, volgens die 2001 sensus, in 10 wyke versprei is. Dit was die jongste beskikbare data waarmee die navorser kon werk (Kouga Spatial Development Framework 2009:26). Volgens hierdie demografiese ontleding, word ongeveer 30% van die huishoudings deur vroue gelei, veral in wyk 9; en waar die meeste van die Xhosasprekende lidmate woon, is daar ongeveer 797 huishoudings wat deur vroue gelei word. Volgens die opname van die Council for Scientific and Industrial Research (CSIR), Development Bank of Southern Africa (DBSA) en die Nasionale Department van Provinsiale en Plaaslike Regering, was die bevolkingsgroei in die Kouga munisipale gebied tussen die jare 2000 en 2010 ongeveer 2.4% per jaar, wat bereken is uit inligting wat die Kouga Munisipaliteit vrygestel het. In 1996 was dit 62 542, en in 2010 het dit gestyg tot 87 170 (Kouga Spatial Development Framework 2009:26).

[3] 'n Kaart van die gebied word as addendum na die bibliografie geplaas.

Die bedieningsgebied van die VGK Gamtoosvallei strek oor die volgende munisipale wyke 4, 7, 9, en 10, volgens die munisipale wyksindeling van die Kouga Munisipaliteit wat ook beter bekend is as E C 108 (d.w.s. die nommer van die munisipale kiesafdeling). In wyk 4 lê Andrieskraal; in wyk 7 Weston, Rooidraai, Loerie, Thornhill en Sunnyside; in wyk 9 die Gamtoos plase, Phillipsville, Centerton en Hankey; terwyl in wyk 10 die dorp Patensie lê (Kouga Integrated Development Plan 2007-2012: 21). ŉ Belangrike deel van die gemeente is woonagtig in ŉ ander munisipale gebied, naamlik die Baviaans Munisipaliteit, dit is Kambria – die een uiterste punt van die gemeente, terwyl die ander uiterste punt, Thornhill, naby die berugte brug van die dood, die Van Stadensrivierbrug, geleë is. Die brug heet só omdat daar al ongeveer 80 mense selfmoord gepleeg het deur na hul dood te spring.

Die bedieningsgebied van die VGK Gamtoosvallei lê in die dorpsgebiede waar meeste van ons lidmate woon en werk. Patensie se huidige bevolking word bereken op 4041, Hankey s'n op ongeveer 12 319, Loerie s'n 2489, en Thornhill s'n word op 2284 bereken. Die gebiede se aantal inwoners groei stadig aan - daar is geen inkrimping van getalle nie (Kouga Integrated Development Plan 2007-2012: 22).

Die beskikbare tabelle toon dat die bedieningsgebied die volgende uitdagings vir ons inhou. Daar is ŉ groot konsentrasie van jongmense in die gemeenskap wat hoë eise stel in terme van opvoeding en werksgeleenthede. Ongeveer 52.8% tussen die ouderdomme 20 en 64 is ekonomies-aktief, terwyl 28.3% die skoolgaande bevolking, ouderdomme 5 tot 19 jaar verteenwoordig (Kouga Integrated Development Plan 2007–2012: 22).

2.3.2 Die scenario van die werksplek

Die volgende data is verkry van die (Kouga Spatial Development Framework 2009:27).

In Patensie is daar 2092 in die arbeidsmag, met 830 werkloses waarvan ongeveer 39.7% (221) seisoenale plaaswerkers is; 83 is huishoudelike werkers, terwyl 258 permanente plaaswerkers en 1070 fabriekswerkers by sitruspakstore en ander besighede is. Ongeveer 92 is professionele werkers.

In Hankey is daar 6388 in die arbeidsmag, met 2078 werkloses waarvan ongeveer 32.5% (430) seisoenale plaaswerkers is; 430 is fabriekswerkers, 860 is huishoudelike werkers, 2364 is plaaswerkers, en 227 is professionele werkers.

In Loerie is daar 1320 in die arbeidsmag, met 429 werkloses. Meer statistiek was ten tyde van die opname nie beskikbaar nie.

In Thornhill in die arbeidsmag, is daar 1224, met 398 werkloses. Meer statistiek was ten tye van die opname nie beskikbaar nie (Kouga Spatial Development Framework 2009: 27).

	Patensie	**Hankey**	**Loerie**	**Thornhill**
Arbeidsmag	2092	6388	1320	1224
Werkloses	830 (39.7%)	2078 (32.5%)	429 (32.5%)	398 (32.5%)
Seisoenale plaaswerkers	221	430	Onbekend	Onbekend
Fabrieks-werkers	1070	430	Onbekend	Onbekend
Huishoudelike werkers	83	860	Onbekend	Onbekend
Plaaswerkers	258	2364	Onbekend	Onbekend
Professionele werkers	92	227	Onbekend	Onbekend

Die werkloosheidsyfer wissel tussen 32.5% en 39.7%, die grootste waarvan in die Kouga munisipale gebied in wyke 7, 9, en 10 voorkom - toevallig in die bedieningsgebied van die VGK Gamtoosvallei. In ŉ vorige studie, deur Cacadu gemaak, was die syfers tussen 13% en 15% (Kouga Spatial Development Framework 2009: 27).

Die ekonomies aktiewe deel van die bevolking vir die streek word soos volg gegroepeer:

Landboubedryf	20.1%
Mynboubedryf	geen
Vervaardigingsbedryf	11.7%
Elektrisiteit	4.79%
Konstruksie	8.13%
Handel	14.9%
Vervoer	5.86%
Finansies	14.5%
Gemeenskapsdienste	20.0% (Kouga Spatial Development Framework 2009:28)

In dié bogenoemde sektore word die werkgewers ook gevind. Oor die algemeen, is die arbeidsverhoudinge van aanvaarbaar tot redelik. Daar vind nie te dikwels noemenswaar-

dige arbeidsgeskille plaas nie, behalwe vir dié wat ontstaan het met die wet op sektorale vasstelling en die wet op minimum lone wat die verhoudinge tussen veral die plaasboere en hul mense baie versuur het. Die situasie het later weer na normaal gekeer namate albei partye hulle begin hou het by die bepalings van die wet.

2.3.3 Die vlakke van geletterdheid in die Kouga munisipale gebied

Die tabel toon verder dat die hoë werkloosheidsyfer toe te skryf is aan die beperkte vlakke van geletterdheid. In 1996 is die geletterdheidspeiling op 60.5% geraam, en in 2002 was dit 64.4%. Die statistiek toon dat ongeletterdheid aan die toeneem is, wat beteken dat ongeveer ʼn derde van die bevolking in die area nie geletterd is nie. Dit het ʼn aansienlike uitwerking op ekonomiese ontwikkeling en werkskepping. Bykans 11% het geen skool-opleiding gehad nie; ʼn verdere 40% het slegs laerskool-opleiding. Dit beteken dat ongeveer 51% van die bevolking in dié munisipale gebied het geen, of baie min, opleiding. Dit is juis in wyke 4 (Andrieskraal), en 7 (Weston, Rooidraai, Loerie, Thornhill), 9 (Centerton, Hankey, Phillipsville), en 10 (Patensie), waar ons gemeentegrense val, waar die probleem die grootste is. Wyk 7 het die meeste huishoudings met ʼn inkomste van minder as R800 per maand. Dié gegewens weerspieël die belangrikheid van ʼn goed-geletterde gemeenskap. Die huidige slaagsyfer vir Graad 12s van Patensie word geraam op 29.41%, terwyl Hankey ongeveer 48.35% haal (Kouga Integrated Development Plan 2007-2012: 41).

2.3.4 Gesondheidsorg in die Kouga munisipale gebied

Gesondheidsorg word baie nadelig geraak weens die nypende tekort aan opgeleide personeel wat diens kan lewer. Die tekort aan personeel in die Kouga munisipale gebied word geraam op ongeveer 45%, wat daarop neerkom dat 70 uit 128 posisies gevul is; gevolglik is die verpleegsters se werkslading die tweede hoogste in die Provinsie (bykans 44.4%). Ontoereikende ambulansdienste is ook ʼn bron van groot kommer in dié munisipale gebied. In Kouga is daar ongeveer 14 330 tuberkulose (TB) pasiënte wat 20.3% van die totale bevolking van die munisipale gebied verteenwoordig. As gevolg van die noue verbintenis tussen TB en HIV/Vigs, is dit ʼn bron van groot kommer vir die omgewing se gesondheidsorg. Die tempo waarmee HIV/Vigs in die Oos-Kaap versprei, is kommerwekkend hoog, met ʼn styging van 15% in 1997, en 23% in 2000. Die jongste syfer is nie in berekening gebring nie (Kouga Integrated Development Plan 2007-2012: 55).

2.3.5 Watervoorsiening in dié area

Die gebiede van Patensie, Hankey, Loerie en Thornhill kry hul water vanuit die besproeïingskanaal wat dwarsdeur die Gamtoosvallei loop. Die infrastruktuur is gekoppel aan die Kougadam wat water aan die hele Gamtoosvallei asook die Nelson Mandela Metropool voorsien. Dit sluit in oop kanale, pyplyne, reservoirs, en watersuiweringsaanlegte. Die grootste hiervan is in Loerie, vanwaar die gesuiwerde water met ʼn pyplyn aan die Nelson Mandela Metropool gelewer word. Die meeste huishoudings in dié woongebiede het waterkrane in hul huise, terwyl die informele nedersettings krane naby hul huise het.

In Hankey is daar ongeveer 3039 huishoudings waarvan 2619 water óf in die huis, óf ten minste ʼn kraan op die werf het, 420 huishoudings maak gebruik van gemeenskaplike krane.

In Patensie is daar ongeveer 928 huishoudings, die meeste waarvan water in die huis of in krane op die werf het. Etlike gemeenskapskrane bestaan wel.

In Loerie is daar ongeveer 533 huishoudings wat almal water in die huis, asook ʼn kraan op die werf het.

In Thornhill lyk die prentjie soos volg: daar is sowat 660 huishoudings, 450 het water in die huis of ʼn kraan op die werf, terwyl 210 huishoudings gebruik maak van gemeenskaplike krane (Kouga Spatial Development Framework 2009: 30).

2.3.6 Sanitasie-geriewe

In die Kouga munisipale gebied is daar ongeveer 4000 huishoudings wat nog gebruik maak van die emmerstelsel.

In Hankey maak sowat 420 van die ongeveer 3039 huishoudings nog gebruik van die emmerstelsel; 1782 huishoudings het spoeltoilette en 837 maak van ander buite toilette gebruik.

Van Patensie se sowat 928 huishoudings gebruik 808 buite toilette; 120 het óf geen toilette, óf gebruik die emmerstelsel. Baie min huishoudings het spoeltoilette.

In Loerie is daar ongeveer 533 huishoudings, met 300 wat spoeltoilette het, terwyl 233 óf geen toilette het, óf gebruik maak van die emmerstelsel.

Thornhill het 660 huishoudings; 450 het spoeltoilette, terwyl 210 geen toilette het nie, of van die emmerstelsel gebruik maak (Kouga Spatial Development Framework 2009: 31).

2.3.7 Die behuisingsprobleem

Behuising in die woongebiede bly ŉ kritieke vraagstuk. Wanneer tydelike strukture ontruim word, word dit byna onmiddellik deur ŉ ander huisgesin met ŉ behuisingsprobleem beset. Sodra die HOP-huisies voltooi is, word dit onmiddellik in gebruik geneem vanweë die groot behuisingsnood in die Gamtoosvallei. Daar is nie genoeg grond beskikbaar waarop meer huise gebou kan word nie en die koste van beskikbare grond is ŉ wesenlike probleem. Die nood aan behuising word bereken op ŉ bevolkingsgroei van 4.5%.

In Hankey is daar tans ŉ behuisingstekort van 1840 eenhede. Die behoefte aan beskikbare grond is ongeveer 46 hektaar met ŉ digtheid van 40 eenhede per hektaar.

In Patensie is die tekort aan behuising 740 eenhede terwyl die behoefte aan grond ongeveer 18 hektaar is.

In Loerie is daar ŉ tekort aan 410 huise en die behoefte aan grond vir ontwikkeling is ongeveer 10 hektaar.

In Thornhill is die tekort 500 eenhede en die behoefte aan ontwikkelingsgrond is 12 hektaar (Kouga Spatial Development Framework 2009: 24).

2.4 PAAIE EN TOEGANKLIKHEID TOT DIE VALLEI

Die huidige regering het baie gou self kennis gemaak met die werklikheid van die situasie. Dit het daartoe gelei dat ponte aangebring is by die verskillende riviere se deurgange. Die ponte was eintlik net ŉ kort drywende brug, wat die vervoersituasie aansienlik verbeter het. Die groot gesukkel en die gepaardgaande verkeersprobleme het die bou van brûe oor die groot riviere in die Gamtoosvallei ŉ groot uitdaging gemaak. Op 3 September 1895 is die eerste brug wat gebou is, geopen (Slabbert 1991:10). As gevolg van die gesukkel om met ossewaens hul produkte by die mark te kry, het die boere die behoefte aan ŉ spoorlyn uitgespreek. “Die eerste treinbrug oor die Gamtoosrivier was ŉ houtbrug. Hierdie eerste spoor was vir die Gamtoos-boere ŉ groot uitkoms” (1991:10). Die treinspoor, wat Patensie via Loerie met Port Elizabeth verbind het, is amptelik op 3 April 1914 geopen. “Vertoë is in 1911 gerig, die taklyn is gebou en op 3 April 1914 is dit geopen” (1991:10). Die paaie het mettertyd verbeter - van rowwe grondpaaie wat amper onbegaanbaar was na ordentlike

teerpaaie wat vanaf Andrieskraal strek tot in Port Elizabeth, Humansdorp en Uitenhage. Vroeër het die teerpad net vanaf Andrieskraal tot by die NG Kerk in Kwagga geloop, ongeveer sewe kilometer buite Patensie (1991:10). Die pad vanaf Andrieskraal na Kambria en die res van die Baviaanskloof is nog steeds ŉ grondpad en sal, na alle waarskynlikheid, so bly ten spyte van die Baviaaanskloof se groot toerisme-aantreklikheid.

Die Gamtoosvallei kan vanaf Humansdorp deur Hankey en ook vanaf Uitenhage en Port Elisabeth per teerpad bereik word. Die grondpad vanaf Andrieskraal deur Kambria in die Baviaanskloof eindig in Willowmore.

2.5 GEVOLGTREKKINGS

Die sosio-ekonomiese profiel van die Gamtoosvallei, soos in die voorafgaande gedeeltes beskryf, vorm die konteks waarbinne die VGK Gamtoosvallei funksioneer.

Die gevolgtrekking is duidelik: armoede is die uitstaande kenmerk en word gesubstansieer deur die hoë persentasie werkloosheid in al die streke van die gemeente, asook in sake soos die behuisingsnood en gebrekkige geriewe. Die feit dat so ŉ groot persentasie van die mense en lidmate ongeletterd is, dra verder by tot die probleem.

Die kommerwekkende toename in korrupsie en wanbestuur wat in die Oos-Kaapprovinsie voorkom, is een van die bydraende faktore tot die probleem van uiterste armoede in dié provinsie. Die premier van die Oos-Kaap het op 25 Julie 2012 só gereageer op die Ouditeur-Generaal se verslag oor korrupsie in die Oos-Kaapse wetgewer: “Before the next audit we are going to find those involved in corruption and punish them, even if it means they have to be jailed. The time to be persuasive has come and gone now is the time to be pushy said Kiviet at a press briefing in East London” (www.peherald.com/news/article/7815).

In die premier se reaksie op die verslag het sy onder andere die klem laat val op:

- Munisipaliteite wat deur ongekwalifiseerde personeel beman word.
- Ongekwalifiseerde personeel in die Oos-Kaapse Departement van Finansies.
- Die gebrekkige oorsig in munisipaliteite lei tot munisipaliteite wat ongekwalifiseerde oudits kry (aldus die verslag: www.peherald.com/news/article/7815).

In ŉ ander korrupsie- en bedrogverslag wat op 9 Augustus 2012 in die *Eastern Cape Herald* verskyn het, is die volgende onthulling gemaak:

> It is alleged large portions of the construction work valued at R30-million, never took place under the watch of the former Roads and Transport Department.

Dit sluit ook korrupsie in die Departement van "Housing and Human Settlements" van ongeveer R267 miljoen.

> The report also reveals irregular payments totalling R60-million to companies in Port St Johns Municipality that dealt with the Department. Roads and Public Works spokesman Sisanda George said he was unable to comment.

Jay Kruuse (Public Service Accountability Monitor) se waarnemende mede-direkteur het soos volg gereageer: "The unit's findings need to be supported by sound leadership that will send guilty officials to jail" en verder: "Severe consequences should follow the government must act. Those guilty should be fired and removed from the public sector" (www.peherald.com/news/article/7815).

Die invloed van korrupsie en wanadministrasie in verskillende departemente en munisipaliteite hou die provinsie in 'n dodelike greep van armoede en wanhoop.

Teen hierdie agtergrond, word die navorsingsvraag herhaal:

Hoe begelei 'n mens lidmate in 'n tipies-plattelandse gemeente, wat in armoede en 'n instandhoudingsbediening vasgevang is, om hul menswaardigheid in Christus te ontdek en te transformeer na 'n missionale gemeente wat fokus op God en sy agenda vir hulle en hul gemeenskap?

Tot dusver het die navorsing slegs die plattelandse aard van die gemeente en sy armoede verduidelik.

Die doel van dié hoofstuk was om, deur middel van 'n kontekstuele analise, te toon dat mense, wat met soveel armoede en ontberinge daagliks moet worstel, baie maklik vasgevang kan raak in hul negatiewe omstandighede en slagoffers daarvan kan word. Die vraag wat tereg gevra kan word, is: Kan daar nog hoop wees wanneer die agterstand in terme van dienslewering net groter word? Kan lidmate in dié konteks werklik positief bly en in die proses hoop en nuwe lewe in die gemeenskap bring? Dit alles het 'n besliste uitwerking op die menswaardigheid van die VGK Gamtoosvallei se lidmate. Dit is ook belangrik dat die probleem van armoede wat spruit uit die korrupsie en wanbestuur van verskillende departemente van die Oos-Kaapse wetgewer hier genoem word - waarna daar reeds verwys is.

Met inagneming van hiérdie feite sal die gemeente se identiteit hierna bespreek word. Die belangrike invloed wat armoede op die gemeente se verstaan van hul eie identiteit het,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kan nie ligtelik opgeneem word nie. Dit beïnvloed die manier hoe daar gedink word oor die rol wat hulle in die *missio Dei* kan speel. Dit alles het ’n besliste uitwerking op die menswaardigheid van die VGK Gamtoosvallei se lidmate.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 3

DIE VROEË GESKIEDENIS VAN DIE VGKSA GAMTOOSVALLEI

3.1 INLEIDING

Die doel van hierdie studie is om, met behulp van ’n literatuurstudie, riglyne neer te pen wat deur die kerkraad van die gemeente gevolg kan word om die reis na missionale transformasie doelgerig verder te voer. Die navorsingsvermoede is dat die lidmate wat hul missionale roeping ontdek het en die kragtige werking van die Heilige Gees in hul midde ervaar het, die sleutel kan bied tot die herontdekking van hoop en nuwe lewe. Die vraag wat die navorser dus voortdurend vra is:

Hoe begelei ’n mens lidmate in ’n tipies-plattelandse gemeente, wat in armoede en ’n instandhoudingsbediening vasgevang is, om hul menswaardigheid in Christus te ontdek en te transformeer na ’n missionale gemeente wat fokus op God en sy genade vir hulle en hul gemeenskap?

Ten einde hierdie vraag te beantwoord, moet ons kyk na die identiteit van die gemeente, wie hulle is en waar hulle vandaan kom. In dié hoofstuk sal na die historiese wortels van die gemeente gekyk word. Deur middel van ’n tydlyn van die vroeë geskiedenis van die Khoi volk, wil die navorser toon watter invloed dit het op die hedendaagse situasie en die gemeenskap en die gemeente se kultuur.

In dié hoofstuk wil die navorser, deur middel van ’n Identiteitsanalise, toon watter agtergrondsomstandighede ’n besondere rol gespeel het in die vorming van die identiteit en kultuur van die VGK Gamtoosvallei se gemeente. Hy maak gebruik van twee belangrike aspekte om die kultuur en identiteit te bepaal. Eerstens is daar die tydlyn wat help om die verhaal van die gemeente te vertel. Tweedens word vanuit die perspektief van die kultuur–historiese erfenis gekyk na die invloed van die slawekultuur van die Khoi op die gemeente. Die gemeentelede is afstammelinge van die Khoi wat in hierdie wêreld gefloreer het. Tans is hulle egter grondloos - “exiles” op die geboortegrond van hul voorvaders. Daarna plaas die navorser die VGK Gamtoosvallei binne die kerklike omgewing waar hulle tuishoort en waarbinne hulle ’n beduidende rol speel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.2 DIE EERSTE BEWONERS VAN DIE GAMTOOSVALLEI

Van die lidmate kan hul identiteit teruglei na die Gamtouwer nasie wat ŉ hele paar eeue voor 1820 die Gamtoosvallei bewoon het. Sommige was van die Damaqua wat tussen die Swartkopsrivier en Gamtoosrivier gewoon het. Ander is gedeeltelik Gonaqua en gedeeltelik Khoi–Bantoe, wat tussen die Sondagsrivier en Groot Visrivier gewoon het. Toe die eerste reisigers die gebied van die Gamtoosvallei bereik het, is dit hoofsaaklik deur die Khoi bewoon. Op verskeie plekke in die die berge van die Vallei is daar tekens van rotstekeninge in die grotte. Daar is ook sekere gereedskapstukke, wat van klip gemaak is, op strategiese plekke gevind waar die San of die Khoi gewoon het, "and even if the oldest reference to Khoi pottery in the Eastern Cape actually comes from Thunberg who saw some in the region of Gamtoosriver in 1772-1773 (Thunberg 1986:44). Carl Thunberg (1986:203), ŉ Sweedse botanikus en historikus, het tydens sy ontdekkingsreise om die Oos-Kaap in 1772, gevind dat die Khoi en die Xhosa mense in liefde en vrede saam bestaan en geleef het in die Kabeljous en Gamtoosrivier areas. Baie van die plekname in die omgewing het ook ŉ Khoi oorsprong. Dit is ŉ bewys dat die plek voorheen hoofsaaklik deur die Khoisan bewoon is.

Teen die jaar 1800 het van die Xhosas uit die Oos-Kaap die gebied binnegedring (Slabbert 1991:12). Die blanke veeboere uit die Wes-Kaap het ook ŉ negatiewe impak op die Khoi en die San van die Gamtoosgebied gehad, wat meegebring het dat hulle al dieper die binneland en die berge in verdryf is deur die Xhosas aan die een kant, en die blanke boere aan die ander kant (1991:12). Die gevolg was dat baie boere, wat dieselfde gebied binnegedring het, vermoor is, hul landerye verbrand, en hul vee gesteel is (1991:12). Die Groot Trek van sowel die blanke boere as die Xhosas uit die Ooste het meegebring dat die Kaapkolonie se grense telkemale nuut vasgestel moes word. Om kontak met die trekboere te behou, moes daar verskillende landdroskantore gestig word. Die dorp het dan rondom die landdroskantoor ontwikkel. Swellendam is een van die dorpe wat op so ŉ wyse in 1745 tot stand gekom het (1991:12). In 1770 is die Gamtoosrivier as die oosgrens van die distrik Swellendam in die Kaapkolonie verklaar (1991:12).

In 1798 is Tjaart van der Walt aangestel as Kommandant van die Distrik Swellendam, waarvan die Gamtoos die oosgrens gevorm het. Sy taakomskrywing was om verskeie strafekspedisies teen die Khoi-San en die Xhosas te lei. Hy het in 1802 weereens met so ŉ strafekspedisie vanaf Swellendam opgetrek teen die Khoi en hulle tot oor die Sondagsrivier verdryf (Slabbert 1991:12). Op pad terug, het hulle langs die Gamtoosrivier

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

getrek tot by die Baviaansberge. Hier het hulle een van die Khoi kapteine, Andries Stuurman, en sy bendes teengekom. Onder leiding van Boland en ses van sy volgelinge is Kommandant Tjaart van der Walt aan die voet van die Winterhoekberge verras en verslaan. Hy is noodlottig gewond en sy erg verminkte liggaam is deur die boere gevind en op ʼn heuwel aan die voet van die Winterhoekberge in Kambria begrawe (1991:12).

Later, op 10 Oktober 1950, is dié boereleier, Tjaart van der Walt, op ʼn plegtige wyse herbegrawe langs die Goedehoop NG Kerk saal te Kambria. Op sy graf is ʼn gedenknaald ter ere van hom by dié geleentheid deur die Geloftefeeskomitee van die Gamtoosvallei opgerig (Slabbert 1991:13).

Een van die groot struikelblokke wat sendingwerk in die vroeë 18de eeu baie nadelig beïnvloed het, was inderdaad rasseverhoudinge. Die negatiewe houding van die blanke boere teenoor die Khoi in die algemeen het verhoudinge negatief beïnvloed. (Coetzee 1984:23). As gevolg van politieke druk en die stryd om oorlewing aan die kant van die blanke boere, was hul hantering van die Khoi plaaswerkers maar baie hard.

> With few exceptions the frontiersmen were a rough and ready breed, hard on their own servants and having lived through a period of political turbulence at the turn of the century, fiercely suspicious of both government policies and missionary endeavour which sought to protect people whose skin was darker than their own (Coetzee 1984:24).

Hierdie gesindheid is verder vertroebel tydens die stormagtige bewind van die eerste Britse administrasie vanaf 1795 tot 1803. Tydens hierdie tydperk is die blanke boere van verskillende kante bedreig: onder andere deur die regering van daardie dag, die Khoi plaaswerkers wat die plase verlaat het en hulle in groot getalle by die Britse leër aangesluit het, asook die Xhosas wat die gebied begin insypel het (Coetzee 1984:24). Nadat die Khoi deur Vandeleur verraai is, het hulle met die Xhosas kragte saamgespan en in drie groepe verdeel onder die leierskap van Klaas Stuurman, Hans Trompetter en Jan Boesak. Hulle het ʼn terreurveldtog teen die blanke boere gevoer, hulle vermoor, plase afgebrand en vee gesteel (1984:25).

Hierdie gebeure het ʼn baie traumatiese uitwerking op die blanke boere van die Gamtoos-vallei gehad en het rasseverhoudinge met die Khoi en die Xhosa plaaswerkers baie nadelig beïnvloed.

Dr van der Kemp, ʼn sendeling van die Londense Sendinggenootskap, het in sy sendingwerk veral gefokus op die Xhosas, asook op die Khoi. Hy het egter verdere sout in

die wonde van die blanke boere gevryf deur so aan te voer: “He argued that their imagined fear of attack had been a manifestation of their suppressed guilt, brought on by the knowledge that they had robbed these people of their land and their cattle” (Coetzee 1984:26). Generaal Francis Dundas, die waarnemende goewerneur van die Kaap, het tussen November 1798 en Desember 1799 in die gebied leiding geneem en was die grondlose Khoi mense baie simpatiek gesind. “He viewed them as the descendants of the earlier occupiers of the country, and advocated that they be very tenderly dealt with” (1984:26). In 1801 is die hulp van Van der Kemp deur die plaaslike leier, Willem Stephanus van Rhyneveld, ingeroep op gesag van die Kaapse regering, om die vrede tussen die blanke boere en die Khoi te probeer herstel, en om Klaas Stuurman te oorreed om ’n vredesooreenkoms te sluit. “A grant land was promised to the Khoi-leader if he undertook to return all stolen arms and cattle held by himself and the other Khoi captains” (1984:28).

Van der Kemp was heeltemal oortuig dat Stuurman eerlik op soek was na ’n vreedsame skikking maar, voordat hulle nog die vee kon bymekaar maak, het Tjaart van der Walt in ’n verrassende aanval op hulle toegesak om die gesteelde vee terug te neem. Van der Walt is deur Boland en sy bende in die berge van Kambria vasgekeer en vermoor. Sy verminkte liggaam is deur sy manskappe begrawe op die plaas Goedehoop, bekend as Kambria (Coetzee 1984:28). Die Khoi mense is dikwels in die middel vasgevang tussen ’n blanke/ swart of ’n boer/Britse konflik, wat beslis nie ’n maklike posisie was nie. Die grondkwessie was natuurlik die wortel van die kwaad. Die Khoi mense was grondloos en ook stemloos “These people had no rights to speak of and no land at all to call their own” (1984:30).

Teen die genoemde agtergrond moet ’n mens vandag die posisie van die Khoi beskou. Hul grondloosheid, stemloosheid en min of geen toegang tot ekonomiese bedrywighede is vandag nog wesenlike faktore.

Alhoewel omstandighede tot ’n groot mate verander het, is daar nie eintlik ’n werklike verhouding tussen die blanke boere en die Khoi plaaswerkers nie, behalwe natuurlik ’n arbeidsverhouding. Daar is egter nie meer dieselfde spanning in die rasseverhouding en voortdurende konflik wat die vorige eeue gekenmerk het nie. Die lidmate van die VGK Gamtoosvallei handhaaf ’n gesonde verhouding met die NG Kerke, asook met ander kerke in die omgewing. Indien daar enige versteurde verhouding is, dan glo die navorser dit is as gevolg van ’n ekonomiese wanbalans tussen ryk en arm. Hierdie stryd teen armoede tas die menswaardigheid van die mense van die Gamtoosvallei aan, maar het ook ’n

negatiewe invloed op die manier hoe die lidmate van die VGK Gamtoosvallei hul geroepenheid besef en uitleef.

3.3 ’n TYDLYN VAN HISTORIESE GEBEURE

’n Tydlyn van historiese gebeure wat inspeel op die identiteit van die VGKSA Gamtoos-vallei se gemeente word voorts behandel. Dit gee ’n oorsig oor die hoofmomente wat die geskiedenis van die Khoi mense beïnvloed het, en is gebaseer op die tydlyn wat Retha Venter(2008) in *God se Eindtyd Profetiese Plan vir die Bruin mense van Suider Afrika* gebruik.

Volgens Hendriks (2004:127) is die metodologiese doel van ’n tydlyn om die identiteit en die kultuur van ’n gemeente te bepaal deur historiese gebeure, wat ’n rol gespeel het, kronologies te verhaal. “History is absolutely crucial for a comprehension of identity and culture of a denomination or congregation” (2004:125). Die daad van onthou of herinnering is noodsaaklik vir die skep van identiteit en die korporatiewe integriteit van ’n gemeenskap (2004:125). Die gebruik van ’n tydlyn help ons om die ware storie van ’n gemeente of ’n gemeenskap te leer ken (2004:125). Dit is van belang om die rolspelers van die geskiedenis te leer ken, sowel as die dramatiese gebeure wat die gemeente of die gemeenskap se storie vertel. In die tydlyn van ’n gemeente moet daar gekyk word na:

1. Hoe was die gemeente waarvan die voorvaders deel was?
2. Wat het sedertien gebeur?
3. Watter predikante was rolspelers?
4. Watter groot gebeurtenisse het ’n merkwaardige rol gespeel, byvoorbeeld politieke gebeure, natuurrampe, vloede, droogtes, oorloë, ens.?

In die Afrika kultuur is tradisie, of mondelingse oorlewering, baie belangrik. Dit wat oorvertel word, is amper belangriker as geskrewe dokumente, of geskiedkundige rekords van gebeure. Gebeure word nie kronologies volgens ’n tydlyn opgeteken nie, maar aan die hand van gebeurtenisse (Hendriks 2004:125). In Afrika is die tydlyn een van die beste maniere om die geskiedenis van ’n kerk te leer ken (2004:127).

5000-1000 VC Die tydperk waartydens die Khoi herders Suid-Afrika binnegekom het vanuit die Noorde.

1488 Die Khoi se eerste kontak met die Portugese en Bartholomias Dias in Mossel-baai. ’n Khoi man word deur die matrose doodgemaak.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1489 Volgens ʼn 18de-eeuse dokument, moes Vasco da Gama se ondersteunings-vloot tydelik skuiling soek by Robbeneiland uit vrees vir die Khoi. Dus was die Khoi teenwoordig in die Tafelbaai gebied.

1497 Da Gama kom in aanraking met die Khoi mense in St Helenabaai. ʼn Misverstand lei daartoe dat die seevaarders met klippe aangeval word. Da Gama arriveer in Mosselbaai. Die ontmoeting met die Khoi mense is gemoedelik en vriendelik.

1503 Onder aanvoering van Antonio de Saldanha, kom die Portugese by Tafelbaai aan deur ʼn navigasie-fout en hy noem die Kaap Saldanhabaai.

1510 Die Portugees, Francisco de Almeida, besluit om die Khoi in Tafelbaai te straf omdat hulle sy handelsgeselskap beledig het. In weerwraak, het die Khoi vir Almeida en ook 58 van sy manskappe doodgemaak.

1594 Die Engelse skeepsman, James Lancaster, voer ruilhandel met die Khoi.

1608 Die Nederlandse Admiraal, Cornelis Matelief, gaan ruilhandel aan met die Khoi.

1613 Twee Khoi manne word deur Engelse handelaars gevang met die doel om hulle in Engeland te laat leer. Die een sterf tydens die reis, en die ander een, ʼn Gorachouqua genaamd Koree, keer in 1614 na die Kaap terug as ʼn handelaar.

1614 Die eerste besetting van Robbeneiland as ʼn strafkolonie, voorgestel deur Sir Thomas Herbert.

1614 John Cross, ʼn Engelsman, word aangekla en lewenslank gevonnis in die kolonie. Hy word vermoor deur die Khoi, omdat hy hulle misbruik het. Sy mede–aangeklaagdes vlug en vestig hulle op Robben Eiland - die eerste gevangenes wat op die eiland leef.

1616 Nederlanders ondersteun die Gorachouqua om die Cochoqua aan te val en te plunder (Venter 2008:94-107).

1626 Gorachouqua manne word deur die Nederlandse seevaarders doodgemaak omdat hulle geweier het om met hulle handel te dryf.

1631 Harry, die Strandloper, vaar per skip na Java en keer terug na die Kaap as ʼn tolk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1632 Die Strandloper hoof, Harry, reël om na Robbeneiland geneem te word saam met 20 van sy volgelinge wat daar bly tot 1640.

1647 Die “Haarlem” uit Nederland, land aan die Kaap. Die bemanning, onder leiding van Leendert Janz, bou ’n fort op die strandgebied waar hulle in vrede, vir ongeveer ’n jaar, met die Khoi leef.

1650 Die Khoi van die Kaapse Skiereiland begin handeldryf met die Khoi van die binneland; die Khoi van die Kaapse Skiereiland dryf egter alleen handel met die Nederlanders.

1652 Jan van Riebeeck land in die Kaap en kom in aanraking met Harry, die Khoi Strandloper. Van Riebeeck bou goeie verhoudinge met die Khoi en leef n vrede met hulle, sodat hy goeie handelsbande met hulle handhaaf en sodoende vee ruil. Hy erken egter nie hul reg tot die land van hul geboorte nie.

1653 Die eerste slaaf, Abraham vanuit Betavia, arriveer in die Kaap.

1655 Die eerste van ’n reeks opstande deur die Khoi teen die besetting van hul land deur die Nederlanders.

1656 Harry/Authshumato besef dat die Nederlanders in die Kaap gaan bly en daarom eis hy die Kaap as die woonplek van die Khoi Gorinhaiqua.

1657 Die eerste “Vryburgers” vestig hulle op Khoi grond. Die Nederlanders lig Harry in dat, sou hulle enige eis op enige grond hê, hulle in die behoefte vir vee in ruilhandel moet voorsien Dit is geensins vir die Khoi aanvaarbaar nie, aangesien hul vee hul rykdom is. Doman, die Gorinhaiqua, word na Batavia gestuur om as tolk opgelei te word.

1658 Harry, die Strandloper, word na Robbeneiland verban deur Jan van Riebeeck.

1659 ’n Gewapende Khoi opstand teen grondbesetting deur die Nederlanders. Doman lei die bevrydingstryd teen dié setlaars deur hul vee te steel en dood te maak. Die onenigheid tussen die Khoi stamme laat die sending misluk.

1660 Vrede word herstel. Die Skiereilandse Khoi word beperk tot die area om die Fort deur amandelheinings en versterkte poste. Die eerste perde arriveer aan die Kaap, wat die Nederlanders ’n verdere voorsprong teen die Khoi gee.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1663 Die stamleiers, Doman, Harry, en Authshumato sterf. Die Nederlandse besetting brei uit tot by Hottentots-Holland en Saldanhabaai.

1664 Die Khoi vrou, Eva (Krotoa), niggie van Authshumato, word die eerste vrou wat op Robbeneiland woon. Haar man, Pieter van Meerhoff, sterf in ʼn seeramp. Dit lei tot haar eensame lewe van alkoholisme en prostitusie, waavoor sy tussen Robbeneiland en Kaapstad reis.

1669 Ubiqua skiet met vergiftigde pyle na die " Hieronimus Cruise" ekspedisie.

1671 Die eerste Khoi/Nederlandse konflik word in die koloniale hof verhoor.

1672 Nederland se pogings om gronde, van die Khoi afgeneem, met koopkontrakte te wettig.

1673 Khoi se gewapende verset teen die Nederlandse vergrype en onregmatige grondtransaksies, die tweede Khoi/Nederlandse oorlog.

1674 Eva (Krotoa) sterf op die ouderdom van 31 jaar.

1677 Vrede word herstel tussen die Khoi en die setlaars, maar hul onregmatige grondbesetting gaan steeds voort.

1678 Die Wetgewende Vergadering verbied gemengde huwelike wat aangegaan word tussen die Khoi en die "Christene."

1679 Simon van der Stel word Goewerneur aan die Kaap, en Stellenbosch word gestig. Die eerste boere vestig hulle op plase in Eersterivier.

1685 Hendrik van Rheede verklaar dat manlike slawe hul vryheid kan koop op die ouderdom van 25 jaar, en vroulike slawe op 22 jaar.

1688 Aankoms van die Franse Hugenote, wat grond kry in Franschhoek - die oorname van grond het nou al buite die grens van die Kaap uitgebrei.

1689 ʼn Ekspedisie onder leiding van Schrijver maak kontak met die Inqua stam met die oog op ruilhandel van 500 beeste.

1690 Die trekboere se Groot Trek begin, en ʼn slawe-opstand misluk in Stellenbosch.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1695 Eerw Petrus Kalden se aankoms as die eerste Nederlandse Gereformeerde sendeling wat die Khoi mense met die evangelie moet bedien. Hy maak gebruik van die Khoi tolk, Fredrik Adolf.

1699-1707 Willem Adriaan van der Stel word goewerneur aan die Kaap.

1700 Vrye handel tussen die Khoi en die vryburgers word toegelaat. Dit lei direk tot Khoi armoede.

1701 Die eerste Khoi aanslag teen Duitse boere in Tulbagh, “Land van Waveren.”

1702 Die Khoi botsing met die Xhosa oor veediefstal en onwettige handel begin.

1702-1704 Die Oos-Indiese Kompanje se tydelike verbod op handel met die Khoi.

1705 Landdros Starrenberg dryf ruihandel met die Khoi ten Noorde van Saldanha-baai. Die landdros van Stellenbosch rapporteer dat die meeste Khoi van die omgewing, wat in vrede geleef het, verjaag is, en dat hulle hul aansluit by die Boesmanbendes wat in die berge bly.

1710-1720 Meer boere begin trek as gevolg van prysverlagings deur ’n surplus van wyn en koring.

1713 Ongeveer 90% van die Khoi bevolking in die suide van die Kaap sterf as gevolg van die pokke-epidemie.

1717 Vrye huurgrond word vervang met die amptelike oordrag van 400 plase.

1721 ’n Aantal vryburgers van Stellenbosch dring aan op die reg om Khoi kinders as arbeiders op kontrakbasis te neem.

1725 ’n Tydelike opheffing van die verbod op vrye handel met die Khoi.

1728 ’n Botsing tussen die Khoi en die trekboere by Langevallei (Venter 2008:94-107).

1730 Die eerste trekboere bereik die George gebied en trek binnelands tot by die Langkloof.

1731 Khoi vroue en kinders word gevange geneem en ontvoer, na ’n gewapende konfrontasie in die George omgewing.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1734 Die Oos-Indiese Kompanje verklaar Groot Brakrivier as die Oostelike grens van die Kaapkolonie.

1737 Die Morawiese sendeling, George Schmidt, bring sewe jaar van sy lewe deur by Genadendal om die Hessequa Khoi te evangeliseer.

1739 Die laaste gewapende Khoi opstand in die Suidwes-Kaap.

1740 Die oorblywende Wes-Kaapse Khoi word verneder tot arbeiderstatus.

1750s Die Nederlandse invloed op die wêreld word kleiner. Die Hoengiqua stamhoof, Ruyter, versamel die verstrooide Khoi lede en vorm ʼn nuwe stam, die Hoengiqua, wat as ʼn buffer tussen die trekboere en die Xhosa optree.

1751-1571 Ryk Tulbagh word goewerneur aan die Kaap.

1754 Die Khoi verniel plase in die Roggeveld.

1760 Die slawe en die Khoi word verplig om pasboeke te dra.

1767 Die einde van die invoer van mans as slawe uit Asië. Hierdie besluit word in 1784 en 1787 herhaal.

1771 Die Kaapkolonie se grense word uitgebrei tot oorkant die Gamtoosrivier en botsings tussen die trekkers en die Xhosas begin.

1774 Die Khoi opstand teen trekboere se grondbesetting bereik sy klimaks.

1778 Die Groot Visrivier word die Oostelik grens van die Kaapkolonie.

1780 Nederlanders laat die Lutherane toe om ʼn kerk te stig.

1781 Die eerste Khoi militêre dienseenheid word gevorm. Plaasboere protesteer dat die militêre dienseenheid hulle sal beroof van werkers.

1791 Die Kaapse slawehandel word oopgestel.

1792 In Suid-Afrika word die Morawiërs, Schwinn, Marsveld en Kuhnel, toegelaat om hulle sendingwerk onder die Hessequa te hervat (Venter 2008:94-107).

1793 Die Kaapse Korps of regiment word gevorm, meestal uit Khoi soldate.

1794 Die V.O.C. word bankrot verklaar.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1795 Die Britte neem die Kaapkolonie oor.

1798 Tuan Guru stig die Dorpstraat Moskee - die eerste in Suid-Arika.

1799 Die Londense Sendinggenootskap begin sy werksaamhede in die Kaap.

1799-1803 ʼn Onsuksesvolle Khoi rebellie in die Oos-Kaap, d.w.s. ʼn derde oorlog.

1804 Die Kaapse Korps word by Rietvlei-Milnerton ingeperk.

1804 Die Griqua stam, onder leiding van Adam Kok, vestig hulle noord van die Oranjerivier.

1806 Brittanje beset die Kaap vir die tweede keer.

1806 Die Britte maak ʼn einde aan slawehandel. Sommige slawe word steeds, na 1807, na die Kaap ingevoer (Negerslawe word aan die Kaap deur die Koninklike Vloot gevange geneem en verslaaf). Daar was egter nie genoeg om die dorpe en plase van die setlaars op te bou nie. ʼn Verbod op die oorsteek van die Oostelike grens - op die swartes van toepassing – tree in 1809 in werking en veroorsaak ʼn ernstige arbeidstekort. Dit lei daartoe dat sowel die Britte as die Nederlanders van Khoi slawe gebruik moet maak volgens die Caledon en Cradock kodes van 1809 en 1812.

1806 Brittanje stel die wet op die beëindiging van slawehandel in werking, wat ʼn einde maak aan slawehandel na die buiteland; slawerny kan nou slegs in die Kolonie plaasvind.

1809 Op 4 Desember 1809 tref ʼn aardbewing die Kaap.

1809 Die koloniale regering ontneem die oorblywende Khoi magte van die Khoi kapteine en die Khoi moet ook nou, soos alle ander inwoners, aan die koloniale owerhede onderworpe wees.

1810 Saartjie Baartman, of die “Hottentot Venus,” word na Parys ontvoer waar sy uitgestal word om nuuskierige toeriste te vermaak deur na haar “steatopygous buttocks” te staar (Venter 2008:94-107).

1811 Cupido Kakkerlak beweeg na Nokageng naby Kuruman om as sendeling onder die Koranas te gaan werk.

1811 ŉ Groot aantal Khoi lede lê klagtes teen die misbruik van plaaswerkers.

1812 ŉ Gedwonge aanleer van ambagte deur die Khoi kinders op die plase van die setlaars.

1814 Groot-Brittanje koop die Kaapkolonie van die Nederlanders vir ses miljoen pond.

1819 David Stuurman, ŉ Khoi vryheidsvegter, word na Nieu-Suid-Wallis verban.

1820 Die Britse Setlaars kom in Algoabaai aan.

1823 Die Britse Kommissie ondersoek die slawe- en plaaswerker-situasie sodat vordering gemaak kan word met die oog op ŉ regverdige, onpartydige regstelsel wat vir almal sal geld.

1827 Die "Charter of Justice" lê die grondslag vir ŉ stelsel wat gebaseer is op die Britse regstelsel van die ou distrikslanddroshowe, en word later vervang deur magistrate en vrederegters. Ten spyte van al dié instellings het die Khoi steeds geen burgerregte of die reg tot privaat grondbesit nie.

1828 Ordonnansie 49 stel die pasbeheerstelsel in werking op die swart werkers van die Kolonie, terwyl Ordonnansie 50 die stelsel van gedwonge aanleer van ambagte vir die Khoi kinders beëindig. Kragtens dié ordonnansie, kan die Khoi reg tot besit van privaatgrond in die Kaapkolonie kry. Alhoewel die ordonnansie die reg van die individu tot grondbesit erken, ontken dit nogtans die reg van die Khoi groep tot grondbesit.

1829 Die Khoi en ander gekleurdes vestig hulle in die Katrivier vestigingsgebied om as buffer te dien tussen die trekkers en die Xhosa.

1834 Die slawe word bevry, maar word verplig om vier jaar van gedwonge vakmanskap te doen.

1834-1835 Die sesde "grensoorlog."

1846 Die sewende "grensoorlog" (Venter 2008:94-107).

1847 Vir gekleurdes, wat nie eiendom besit nie, stel die Kaapse Koloniale Regering regulasies in vir die vestiging van woonbuurtes naby die blankes.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1849 ʼn Gevangenekrisis in Kaapstad.

1850 Die agtste “grensoorlog.” Die Katrivier Khoi span saam met die Xhosas.

1851 ʼn Ordonnansie om vestiging en plakkery op regeringsgrond te verbied.

1852 George Cathcart word Goewerneur aan die Kaap.

1853 Die sendelinge, Kleinschmidt en Vollmer, voltooi die boek oor die bybelse geskiedenis in die Namataal.

1854 ʼn Verteenwoordigende Regering word vir die Kaapkolonie toegestaan.

1856-1857 Die Xhosas maak hul eie vee dood en baie sterf van die honger.

1862 Phillip Wodehouse word Goewerneur aan die Kaap.

1862–1863 Die Griekwas van Philippolis vestig hulle as onafhanklike groep in die niemandsland tussen Natal en die Kaapkolonie.

1865 Die begin van die volstruisbedryf in Suid-Afrika.

1867 Hopefield se diamantvelde word ontdek met 21.25 karaat.

1869 Botsings van die Khoi/Korana teen die trekboere.

1878 Botsings van die Khoi/Korana teen die trekboere.

1880 Die stigting van die Afrikanerbond.

1890 ʼn Restaurant met ʼn dranklisensie word op Robbeneiland geopen. In 1892 probeer die regering om dit te sluit, maar dit word egter beskou as ʼn noodsaak-like euwel. Ongeveer 1070 mense is toe op die eiland, waarvan 800 mans is. Persone wat dalk terminaal siek is of wat ʼn ongeneeslike kwaal het, word later na instansies op die land in die Kaapkolonie oorgeplaas.

1898 Die Griekwa kaptein, Le Fleur, word tronk toe gestuur vir oproerigheid.

1899-1901 Die Anglo-Boere-oorlog (Venter 2008:94-107).

1903 Le Fleur word vrygelaat en besluit om die Griekwas en die ander kleurlinge in aparte gemeenskappe te laat leef en ontwikkel. Hy is die stigter van die “Griqua Independent Church” en koerant.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1910 Die Unie van Suid-Afrika word gevorm.

1912 Die stigting van die S.A.N.N.C. (later die A.N.C.).

1918 Die stigting van die Afrikaner Broederbond.

1936 Die bevolkingstelling in Kaapstad is net onder 350 000 waarvan 205 000 (67%) as “Nieblankes” geklassifiseer word.

1950 Die Bevolkingsregistrasie Wet; die Groepsgebiede Wet; die Rasseklassifikasie Wet (waarvolgens persone geklassifiseer word as Blank; Swart; en Kaapse Kleurlinge). Die term “Khoi-Khoi” verdwyn net hierna.

1952 Die “Dokumente Wet” maak sekere uitbreidings op die paswette. Die ANC begin met sy “verdedigingsveldtog.”

1953 Die Wet op Aparte Geriewe; die Wet van Bantoe Onderwys; en Kriminele Wysigings Wet word gemaak.

1955 Die Stedelike Bantoe Wysigings Wet word gemik is op uitgebreide instromings-beheer. Die “Congress of the People” aanvaar die “Freedom Charter” (Vryheidsmanifes) as hulle beleidsdokument.

1956 Kleurlinge word verwyder van die Kaapse algemene kieserslys. Vroue se massademonstrasies en -optogte teen die “pasboekstelsel.”

1966 Gedwonge verskuiwings van die kleurlinge vanuit sekere areas in Kaapstad na die Kaapse Vlakte begin.

1985 Die stigting van die Congress of South African Trade Unions en die herroeping van die pasboekwet.

1989 PW Botha word deur FW de Klerk vervang; die Massa Demokratiese Beweging (U.D.M.) loods sy burgerlike versetveldtog.

1989 De Klerk ontban die ANC, die PAC, die SAKP, en Nelson Mandela word vrygelaat uit die Victor Verster Gevangenis; en Namibia ontvang sy onafhanklikheid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1991 Die herroeping van die Groepsgebiede Wet; Land- en Bevolkingsregistrasie Wet, die CODESA-konvensie vir ʼn demokratiese Suid-Afrika word gevorm met die oog op die vorming van ʼn demokratiese Grondwet.

1993 Onderhandelings begin by Kempton Park om ʼn interim Grondwet te vorm.

1994 ʼn Regering van nasionale eenheid kom tot stand met ʼn ANC meerderheid. Nelson Mandela word Suid-Afrika se eerste demokraties-verkose staats-president. Die Verenigde Nasies erken die Khoisan as die eerste nasie van inheemse volkere van Suid-Afrika.

1997 Die eerste nasionale Khoisan konferensie word in Kaapstad gehou.

1998 Die versoening en vrystelling van die Khoi versoeningsgawe; die "baton" van intersessie.

2000 Op 27April 2000 word die Suid-Afrikaanse landswapen ingehuldig met Khoisan verteenwoordiging in die vorm van twee mensfigure wat eenheid simboliseer, met die motto "diverse people unite."

2002 In Augustus word die oorskot van Saartjie Baartman op ʼn eerbare wyse in Hankey in die Oos-Kaap herbegrawe en die plek van die graf word as ʼn nasionale monument verklaar.

2010 1 Maart word afgesonder om erkenning te gee aan die Khoi se herdenking van die 500-jarige vryheidstryd om grondwetlike erkenning vir hul eerste-nasie status (Venter 2008:94-107).

Die historiese tydlyn van die Khoi mense se lotgevalle het uiters belangrike implikasies vir hul nasate en die navorsingsvraag van hierdie studie. Die vraag wat hier gevra word, is:

> **Hoe begelei ʼn mens lidmate in ʼn tipies-plattelandse gemeente, wat in armoede en ʼn instandhoudingsbediening vasgevang is, om hul menswaardigheid in Christus te ontdek en te transformeer na ʼn missionale gemeente wat fokus op God en sy agenda vir hulle en hul gemeenskap?**

Die Khoi was ons land se "eerste mense." Onder die meedoënlose aanslag van die geskiedenis, soos hierbo in terme van die tydlyn oorsigtelik uitgespel, het hulle oor ʼn periode van vyf- of seshonderd jaar vele aanslae op hul grond, woonplek en kultuur beleef, iets wat duidelik ʼn groot invloed uitgeoefen het op hul identiteit. Met verwysing na die

tydlyn, word die gevolgtrekking gemaak dat die Khoi mense oor ʼn baie lang tydperk in ʼn geweldige stryd om oorlewing was, en dat hul menswaardigheid aan baie strawwe toetse onderwerp is. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die stryd vir die Khoi gegaan het om menswaardigheid op pad na ware selfkennis, selfoorlewing en selfbeskikking.

Die navorser se oortuiging is dat die aanslag van die geskiedenis op die menswaardigheid van die Khoi ʼn bepaalde negatiewe invloed op hulle gehad het. Aan die ander kant is daar ʼn positiewe invloed op die VGK gemeente, waar gesien kan word dat sommige lidmate in Christus tot die ontdekking van hul eie menswaardigheid en roeping kom. Hulle is die mense wat deur die Here gebruik word as instrumente in sy hand om hoop te bring vir hulself en ook vir die ander wat geen hoop het nie. Hierdie is nie ʼn waarneming slegs van die VGK lidmate nie, maar dieselfde roepingsbesef en ontdekking van hul menswaardigheid in Christus is ook te bespeur by lidmate van ander kerke in die gemeenskap.

3.4 DIE KULTUUR-HISTORIESE ERFENIS

3.4.1 Die erfenis van die slawekultuur

Dit word dikwels heftig ontken dat Suid-Afrika ʼn erfenis van die slawekultuur het, maar dit is ʼn erkende feit dat die slawekultuur oor baie dekades in die land geheers het. (http://cape-slavery-heritage.iblog.co.za/category/local-capture-of-sa-slaves/7/14/2010:16) (Mellet afgelaai 14-07-2012). Daar is genoegsame bewyse dat swart Suid-Afrikaners na Europa en Amerika weggevoer is om as slawe verkoop te word. Volgens die aangehaalde bron was die vroegste rekord van slawerny in 1613, toe ʼn swart slaaf na Engeland uitgevoer is. In die vroeë 1800 is van die swart vryheidsvegters na Australië verban om daar slawediens te verrig. Daar is ook rekords van mense van Natal wat gevange geneem is en as slawe weggevoer is van die Suid-Afrikaanse kusgebied en Mosambiek. Baie persone het eenvoudig slawe geword van blankes wat hulle op ekspedisies saam met hulle geneem het (http://cape-slavery-heritage.iblog.co.za) (Mellet afgelaai 14-07-2012).

In die Suid-Afrikaanse narratief is daar baie stories oor slawerny, dat slawe ook ingevoer is omdat die inboorlinge nie as slawe gebruik kon word nie. In die 1700s het die kommando's van die Kaap de Goeie Hoop plaasboere voorsien van swart kinders as slawe Daar was dus kinderarbeid, sowel as slawerny, wat ʼn inherente deel van die Khoi en Xhosa kultuur geword het (http://cape-slavery-heritage.iblog.co.za) (Mellet afgelaai 14-07-2012).

Toe die Britse en Duitse setlaars in die Oos-Kaap begin instroom, is baie Khoi en Xhosa jongmanne en vroue as slawe verkoop om onbetaalde harde hande-arbeid op die plase te

verrig (http://cape-slavery-heritage.iblog.co.za) (Mellet afgelaai 14-07-2012). Volgens die navorsing van Retha Venter, was die Khoi in die vroeë 1700s in ʼn baie netelige posisie. Hul probleme het begin toe die setlaars aanspraak gemaak het op die kinders wat uit die Khoi en slaweverbintenisse gebore is (Venter 2008:131). Kinders, wat na verwys is as "Bastaard Hottentots" was sonder meer as potensiële slawe ingeboek (2008:131). Vrygemaakte slawe was vanaf 1770 verplig om die staat te verdedig. In November 1809 is daar ook begin met die inwerkingstelling van die verpligte dra van ʼn pas en ʼn verpligte permanente adres, om Khoi mense verder van hulle menswaardigheid te stroop en hul vryheid nog verder in te perk (2008:131). Volgens Retha Venter, het graaf Cradock in 1812 ʼn proklamasie uitgevaardig wat bepaal het dat die kinders wat vir die Khoi op die plase gebore is, en wat vir ʼn minimum van agt jaar op die spesifieke plaas woonagtig was, vir ten minste tien jaar as slawe by die boer ingeboek kon word, met ander woorde die Khoi mense se menswaardigheid is verder aangetas omdat hulle eintlik toesig en beheer oor hul eie kinders verloor het (Venter 2008:131).

Een van die aangrypende slawe stories is dié van Goba Fango. Hy is in 1855 in die Oos-Kaap gebore en was en ʼn afstammeling van hoofman Sarhili van die AmaGcaleka stam. Goba het as slaaf by ʼn Engelsman, Henry Talbot, gewerk. Hulle het hom vir die skyn laat voel soos een van hul eie kinders, maar dit was baie ver van die waarheid - hy was hul slaaf.

Goba het as slaaf baie hard gewerk vir die Talbots. Goba is saam met die Talbots per skip, die "Race Horse," na Boston vervoer. Die Talbot familie het bestaan uit Henry, Ruth en hul 14 ongetroude kinders, asook hul getroude seun, James Talbot, met sy vrou en kind. Toe Goba in Boston aankom, het die burgeroorlog pas daar uitgebreek. Goba het saam met die Talbots vanaf Boston per trein deur New York na Chicago, en na Iowa en Nebraska gereis. Vandaar het hulle met waens verder gereis na Salt Lake Valley en later na Utah. Teen daardie tyd was daar ongeveer 29 swart slawe in Utah.

Nadat President Lincoln in 1863 die proklamasie vir die bevryding van die slawe uitgevaardig het, is Goba uiteindelik bevry nadat die Talbots hom eers aan Edward Hunter verkoop het. Goba het gesterf as gevolg van ʼn skietgeveg waarin hy dodelik gewond is. Goba Fango, ʼn slaaf oorspronklik van die Oos-Kaap, het op 10 Februarie 1886 op die ouderdom van 30 jaar gesterf (http://cape-slavery-heritage.iblog.co.za) (Mellet afgelaai 14-07-2012).

Die storie van hoofman David Stuurman is ook baie aangrypend. Hy is gevange geneem en verban na Nieu-Suid-Wallis in Australië (http://cape-slavery-heritage.iblog.co.za) (Mellet

afgelaai 14-07-2012). Sy misdaad was dat hy skuilplek gebied het aan wegloopslawe en dat hy sy mense aangehits het om weerstand te bied teen die besetting van hul grond deur die Britse setlaars. Hy is twee keer gevang en na Robbeneiland gestuur. Nadat hy twee keer ontsnap het, is hy na Australië verban. In die Khoi kringe is hy een van die mees gerespekteerde leiers (http://cape-slavery-heritage.iblog.co.za) (Mellet afgelaai 14-07-2012).

Dit word heeltemal te maklik geglo dat daar geen Suid-Afrikaner as slaaf gedien het nie en dat die prentjie nie heeltemal so donker was soos dit gepropageer word nie. Die volgende skokkende aanhaling kom uit *The forgotten frontier* van Nigel Penn (2005:117-120).

> Consider August to November of 1774 and YOU BE THE JUDGE.
>
> On September 1774 under the leadership of Gerrit van Wyk the Commando assembled at the Vis River in the Roggeveld and proceeded to the region in the north and north east of the Sak River. They killed 96 San and captured 21. No Commando member was killed.
>
> Through September 1774 a Commando under Opperman moved on to the San in the Sneeuberg, Camdeboo, Nuweveld and the Koup. They killed 265 San and 129 captured. A few Commando members were slightly wounded.
>
> The Commando returned to the Bokkeveld on 7 November 1774 having destroyed 17 kraals, killed 142 people and captured 89. Only one Commando member was killed (http://cape-slavery-heritage.iblog.co.za category/local-capture-of-sa-slaves/ 7/14/2010).

Die meeste van dié wat so gevange geneem is, was vroue en kinders wat as arbeiders vir die kolonialiste gegee is. Indien Augustus 1774 tot November 1774 so verloop het, dink net wat het alles gebeur oor ’n tydperk van 200 jaar!

Volgens die navorsing van Wendy Coetzee, het Hankey ’n groot rol gespeel om voormalige slawe in die Gamtoosvallei te akkommodeer. Sommige van die slawe kon hulself loskoop uit die slawerny en het dan op die sendingstasie te Hankey gaan bly. Die meeste moes egter wag tot 1838 om hul vryheid te bekom (Coetzee 1984:163). Die einde van slawerny in Suid-Afrika het vir die slawe, sowel as hul meesters, op ’n ramp uitgeloop, want dit het gelei tot ’n ekonomiese depressie wat baie van die slawe hulpeloos, huisloos en werkloos gelaat het. Die regering het wel die plaasboere skadevergoeding betaal vir die verlies van hul slawe, maar geen skadevergoeding is betaal vir die skade wat die slawe aan hul menswaardigheid gely het nie (1984:163). Die slawe in die Hankey omgewing is vir jare deur hul eienaars gehelp om eredienste by te woon, maar toe hulle op Sondag 2

Desember 1838 ŉ erediens ter viering van die beëindiging van slawerny wou gaan bywoon, het sommige van die boere taamlik ernstig weerstand daarteen gebied (1984:164).

Danksy die proklamasie van Ordonnansie 50 in die jaar 1828, het John Philip (14 April 1775-27 August 1851) daarin geslaag om suksesvol teen gewettigde slawerny van die Khoi en die San beswaar te maak. Ordonnansie 50 het die Khoi en die San, asook hul kinders, van gewettigde, gedwonge slawerny bevry, en ook terselfdertyd aan hulle vrye besitreg van vaste eiendom verleen. Hulle is dus deur Ordonnansie 50 met die Europeërs, op politieke vlak, gelykgestel en het op alle terreine vryheid ontvang (Venter 2008:131-132).

3.4.2 Die grondkwessie

Reeds van die eerste ontmoetings van die land se inheemse inwoners met die Portugese, die Nederlanders en die Britte, het die Khoisan en Xhosa bevolkings hulle verset teen die besetting van hul geboortegrond (Venter 2008:125,132). Die wortel van die verset was dus die feit dat die Khoisan, wat die status van die eerste nasie op papier het, bannelinge in hul geboorteland geword het. Van die belangrikste grensoorloë en skermutselings het juis gegaan oor die grondregte van die grondlose mense (Elbourne 2002:302-303).

Volgens die navorsing van Wendy D Coetzee (1984:32) was daar verskeie beleidsrigtings wat die verskillende regerings se beleid oor grondbesit beïnvloed het, onder andere die Duits-Oos Indiese Kompanje, die eerste Britse Administrasie, die Betaafse Republiek, asook die tweede Britse Administrasie. Voor 1822 was daar ŉ soort leenstelsel in werking wat ook ŉ groot aantal plase in die Gamtoosvallei geraak het (1984:32). Die “leenplase” is egter tussen 1816 en 1818 deur Lord Charles Somerset tot sogenaamde “grant plase” verklaar en aan die bestaande leenplaaseienaars toegeken. Dié stelsel was baie gewild in die tyd van die Europese besetting en die regering van die land tydens die 18de eeu. Dit het daartoe gelei dat baie pioniers wat grond wou bekom daarin kon slaag sonder enige ernstige finansiële las wat die persoon kon verhoed. Oorsponklik was die leenplase vir tydperke van ses maande of ŉ jaar geleen-huur, maar in 1732, volgens Wendy Coetzee (1984:32), het ŉ nuwe stelsel in werking gekom wat gelei het tot ŉ meer permanente vorm van landelike ontwikkeling. Volgens dié stelsel is ŉ plaas se grootte nou geraam op ongeveer 3000 morg, omtrent die grootte van die plaas, Gamtoosrivier Wagen Drift, waarop die dorp, Hankey, gebou en ontwikkel is (1984:32). Dit het egter net die blanke boere bevoordeel, en die inheemse volke erg benadeel en aan bande gelê.

In die dae van die Verenigde Oos-Indiese Kompanje is geen blanke boer toegelaat om in die Kaap die wettige eienaar te word van enige plaas wat deur hom gehuur word nie; alle grond het uiteindelik aan die regering van die dag behoort (Coetzee 1984:32).

Die huurders kon slegs die geboue wat hulle opgerig het tydens hul huurtermyn verkoop, maar die grond het aan daardie regering behoort. Die leenplaas-reg het dan outomaties oorgegaan op die nuwe leenhuurder.

Hierdie leenhuurder-stelsel was in werking sedert die eerste Britse besetting en die Bataafse Republiek, asook tydens die tweede Britse bewind in Suider-Afrika. Sir John Cradock was goewerneur van die Kaapkolonie tussen 1811 en 1814 en was verantwoordelik vir ʼn nuwe stelsel ten opsigte van grondbesit slegs vir blankes. Dit is tydens sy opvolger, Lord Charles Somerset, se termyn deurgevoer. Hiervolgens kon ʼn blanke boer sy plaas aan sy kinders bemaak, hy kon die geheel, of ʼn gedeelte van die plaas, verkoop of onderverdeel. Hy kon selfs mynregte op sy grond bekom, behalwe as daar goud, silwer of ander edelgesteentes ter sprake gekom het (Coetzee 1984:32,33). Juis op hierdie manier moes die Khoi mense finaal hulle grondregte prysgee en soos “exiles” op hul eie geboortegrond leef. In dié tyd (om en by 1779) van onteiening van die Khoi volk se geboortegrond het ʼn sekere Van Reenen grond in die Gamtoosrivier mond beset; hy het grond afgebaken vir die Stuurman familie. Onder die stamhoofskap van Klaas, Dawid en Bootsman, het hulle die grond daar bewoon en bewerk. Die reg op grondbesit het hulle egter later verloor toe die nuwe blanke huurder-eienaar, hul grondbesit beëindig het en hulle van die grond af verdryf het (1984:33).

Die Khoi volk is erg benadeel en geaffekteer deur die eksklusiewe wit reg tot die sogenaamde “huureienaar” grondbesit. Hulle was hofsaaklik veeboere en het dus nie toegang tot weidingsgrond gehad nie, en is erg daardeur benadeel. Die toekenning van grond aan die Khoi mense voor 1822 het maar teen ʼn slakkepas verloop, dit was ook maar min en ook baie wydverspreid (Coetzee 1984:33).

Volgens die navorsing van Wendy D Coetzee (1984) het die Verenigde Oos-Indiese Kompanje tydens sy bewind grond aan die Khoi stamhoof Adam Kok, die pa van Cornelius Kok, toegeken vir sy ”basterstam” in die omgewing van die Kamiesberg. Teen 1795 was daar egter net twee kapteins op die grond en die res van die stam was toe maar van die laagsbetaalde plaaswerkers of rondswerwers (1984:34).

Teen 1795 was daar net ŉ paar Khoi families wat hulle gevestig het langs die oewers van die Swartkops- die Sondags- en die Gamtoosriviere. Daar was egter geen sprake meer van gevestigde Khoi stamkrale nie maar, teen 1795 met die oorname van die Britte, was daar ŉ meer simpatieke houding teenoor die Khoi volk (Coetzee 1984:34).

Majoor-Generaal Francis Dundas, die nuwe goewerneur vanaf November 1798 tot Desember 1799, het groot simpatie met die grondlose Khoi volk betoon. Onder sy bewind het daar egter nie veel tot stand gekom ten opsigte van grondhervorming nie. Sy simpatieke houding teenoor die Khoi het darem die belofte van grond aan dr Van der Kemp vir die sendingstasie ingesluit – die belofte is ŉ paar jaar later deur goewerneur Jan Willem Janssens van die Bataafse Republiek eerbiedig (Coetzee 1984:34).

Teen 1803 is grond toegeken aan Jan Boesak en Klaas Stuurman op die presiese plek langs die Gamtoosrivier waar die Khoi voorheen verjaag en onteien is onder die kapteinskap van Klaas Stuurman se vader. Van Reenen het vir Janssens bygestaan om die grond, wat in Van Reenen se pa se leeftyd van die Khoi stam onteien is, in ŉ geskiedkundige grondregte hervormingsprogram aan die Khoi in die Gamtoosvallei terug te gee, aldus Coetzee (1984:34).

Elisabeth Elbourne (2002:296) se *Blood ground* stel dit duidelik dat die konflik in Hankey tussen 1830 en 1840 ŉ Khoisan konflik was oor grondbesit, en talle ander konflikte was ten diepste gewortel in die Khoisan se strewe na erkenning en menswaardigheid.

> Throughout 1830s and 1840s, competition for land in the vicinity of mission stations coupled with the widespread use of cattle pounds by white settlers to prevent cattle pasturage on “private” property, put growing economic pressure on mission Khoisan. Many Khoisan found themselves losing stock and being forced to work as farm labourers (Elbourne 2002:295).

Die geskiedenis van Hankey, as sendingstasie, werp lig op die vraagstuk van die Khoisan se soeke na ŉ eie identiteit, grondbesit, erkenning, ŉ strewe na menswaardigheid, ekonomiese geregtigheid en ŉ strewe na groter toegang tot noodsaaklike lewensmiddele. Hankey is oorspronklik gesien as ŉ plek waar die inwoners van Bethelsdorp mielies en koring kon aanplant vir die gebruik op die sendingstasie, Bethelsdorp. “A brief history of the station’s troubles sheds light on the interrelated themes of Khoisan struggles to obtain property rights in land, tensions within Khoisan communities themselves, and the economic problems of mission stations with limited access to recources” (Elbourne 2002:295).

Die inwoners van Bethelsdorp het ŉ rapsie meer as ŉ derde van die koopprys van Hankey bygedra (16 000 riksdaalders) maar, toe die finale titelakte uitgereik word, word dit in die naam van dr Phillip en enkele ander direkteure van die London Missionary Society (LMS) uitgereik (Elbourne 2002:295). Die plek is oorspronklik aangekoop om voedsel te verskaf aan die Hottentotte van die Bethelsdorp sendingstasie. Volgens Jane Sales (in Elbourne 2002:296) was daar egter nooit ŉ behoorlike ooreenkoms of ŉ verstandhouding oor wat die besitreg van die LMS of dié van die Khoisan inwoners van Hankey of Bethelsdorp sou wees nie en, volgens Sales, was dit die oorsaak van erge konflik wat oor etlike jare sou strek. "The stage was set for bitter conflicts over land use" (Sales in Elbourne 2002:296).

Volgens Elbourne (2002:296) was daar groot ontevredenheid met J Georg Messer omdat hy mense uit die sendinghuis en -eiendomme verwyder het wat, volgens hom, aan die LMS behoort het, want die mense het dit beskou as hul eiendom. In die 1820s en 1830s het verskeie sendelinge toenemend meer mense toegelaat om op die sendingstasie te bly, wat daartoe gelei het dat Messer gevra het dat die sending hom moet verplaas. Volgens Elbourne se navorsing, was daar ŉ redelike groot herlewing wat in Hankey uitgebreek het net voor Messer se vertrek, wat gelei het tot ŉ groot toevloei van mense na die sendingstasie te Hankey (2002:296). Hieroor het Messer soos volg verslag gedoen (2002:296):

> Sunday last the chapel was far too small, so that even a great number of the auditors were sitting on the ground and there was such a movement that I almost was not heard when preaching. Few eyes were dry, he testified. Slaves came from adjacent farms, some of whom would go into the bushes to pray after the service. Almost all night long we can hear the singing and praying by whale lamps.

Behalwe die herlewing, het die voltooiing van die waterkanaal in 1831 ook meegebring dat daar ŉ toevloei na die sendingstasie was. Van die reeds gevestigde families op die sendingstasie moes met 50 koeie betaal word vir die voltooiing van die werk aan die kanaal, wat ook gelei het tot groter spanning in die gebied (Elbourne 2002:296).

Na Messer, het die nuwe sendeling in beheer, John Melvill, 100 nuwe families in 1834 toegelaat tot die sendingstasie. In 1838 was daar alreeds meer as 600 inwoners op die sendingstasie dus was die grond te min om al die families in stand te hou. Die konflik oor grond het verder verdiep; hierdie keer het dit egter gegaan oor toegang tot besproeiings-grond - die sogenaamde "subscribers" was in konflik met die "non-subscribers" (Elbourne 2002:297). Teen die laat 1830s het die meeste van die sogenaamde subscribers nie meer op Hankey gebly nie maar was eerder op Bethelsdorp gevestig. Melvill het later, in 1838, na die Paarl in die Wes-Kaap vertrek omdat die konflik oor grondbesit sy waardigheid en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

integriteit as sendeling aangetas het. “The conflict also suggests that some at least of the Khoisan did want to own land, rather than holding it communally through the missionary society” (2002:297).

Die voortgesette armoede en die gebrek aan besitreg en lewensmiddele het veroorsaak dat meeste van die Khoisan die sendingstasie verlaat het; net diegene wat bykans niks besit het nie, het gebly. Tot vandag is die konflik oor grond en grondhervorming van die ernstigste brandpunte van ons samelewing en dit gaan vir seker nog lank ŉ brandpunt bly.

3.5 DIE ONTSTAANSGESKIEDENIS VAN DIE VGK GAMTOOSVALLEI

Soos blyk uit opgetekende notules van die Kerk, het die Verenigende Gereformeerde Kerk of, soos dit destyds bekend was, die NG Sending Kerk, sy ontstaan te danke aan die sendingywer van die lede van die Ned. Geref.Kerk. se Zending Werkkring. Dit blyk uit die notule van die gemeente dat die sendingwerkkring lank voor 1946 alreeds gewerk het aan die stigting van die gemeente (Slabbert 1991:32). Dit word wel algemeen aanvaar dat die amptelike stigtingsdatum van die gemeente vasgestel is op 7 Februarie 1948, maar die werk van die sendingkring het, soos reeds genoem, lank voor 1946 bestaan. Die rekords van die oudste beskikbare huweliksregister in die kerkkantoor van die gemeente dui daarop dat een van die eerste Christelike huwelike in die gemeentelike grense reeds op 15 September 1925 plaasgevind het. Die huwelik is deur ds G Stulting van die Ned.Geref.Kerk Goedehoop voltrek tussen Joseph Mahlambo en Adriana Joceline Witbooi. Die eerste Ned.Geref.Kerk. se gebou in Kambria het ook geheet die NGK Goedehoop. Dit bevestig die gedagte dat die NGK reeds van die vroegste tye af aktief betrokke was op sendinggebied (selfs voor 1925 te oordeel aan die huweliksregisters in die Kerk se argief) en dat hulle wel instrumenteel was in die totstandkoming van die VGK Gamtoosvallei, of te wel die NG Sendingkerk.

Onder voorsitterskap van eerwaarde JG Steenkamp, het die NGK se Sendingwerkkring Gamtoosvallei op sy vergadering van 12 Mei 1946 besluit om eredienste soos volg te laat plaasvind: Kambria twee dienste elke 14 dae; Kwagga slegs een diens elke 14 dae; en verder op ander plekke soos gereël kon word. Mnr H Smit word bedank vir die grond wat hy gratis te Kambria aan die Sendingwerkkring geskenk het.

Op 8 November 1946 word die volgende aangeteken ten opsigte van die versoek tot die stigting van die gemeente. Hierdie vergadering het die NGK se Moedergemeente vriendelik dog dringend versoek om:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> So spoedig moontlik by die ASSK (Algemene Sinodale Sending Kommisie) aansoek te doen tot die stigting van die NG Sending gemeente, daar ons voel dat dit ʼn groot voorwaartse stap sal wees vir die dwalende, en in die duister tastende gekleurdes, om hulle onder die vleuels van ons kerk te plaas Indien die Moederkerk hiertoe geneë voel vra ons verder, dat die Moederkerk die teenswoordige bydraes vir die salaris, reistoelae ens., sal waarborg by die stigting van ʼn gemeente (NG Sendingkerk notule 8 November1946).
>
> Omdat die te worde gestigte gemeente en die waarborg wat gevra word, vir u geen groter laste sal meebring wat u tans dra nie, waarvoor ons u innig en opreg dankbaar is, vertrou ons dat u hierdie versoeke baie gunstig sal oorweeg (Notule NGK Goedehoop, 8 November 1946).

Volgens die notule van 21 Februarie 1947 blyk dit dat ʼn sekere eerw JH Smith sending-werk op Kambria gedoen het, aangesien die vergadering met dank kennis geneem het van sy vrugbare werk, veral in die wyk Kambria.

Uit hierdie notule blyk dit ook dat die kerkgebou op Kambria as skool verhuur is, aangesien die prinsipaal gevra het om toestemming om ʼn deur in die oostelike muur van die kerk in te breek. Uit die notule van 29 Mei 1947, die volgende:

> Na aanleiding van die antwoord van die Moedergemeente op versoek van die Vergadering, in sake die afstigting, word die onderstaande besluit van die vergadering geneem, met slegs een stem daarteen.
>
> Hierdie vergadering van die voorstaanders, neem met dankbaarheid kennis van die besluit van die Moedergemeente se kerkraad gewillig is, om die aanvraag te doen tot stigting van ʼn Sendinggemeente, mits hierdie vergadering gewillig is om vyftig pond tot die salaris van die leraar by te dra. Die vergadering onderneem in die geloof om die gevraagde vyftig pond, asook ʼn bykomende sestig pond vir die reistoelae van die leraar by te dra en vertrou dat as die Sendinggemeente vasbrand, die Moederkerkraad ʼn helpende hand sal uitsteek.

Die notule van die kerkraads-vergadering van 31 Oktober 1947 dui daarop dat die kerkraad met waardering kennis geneem het dat die Moederkerk se kerkraad vir die tweede maal aansoek gedoen het by die Sending-subkommissie vir die stigting van ʼn Sending-gemeente. Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk, gemeente Gamtoos-Vallei is, volgens die notule boek van die NG Sendingkerk, amptelik op 7 Februarie 1948 gestig.

Vier ouderlinge en vier diakens is deur die Ringskommissie benoem en hulle is op 29 Februarie 1948 voorgestel. Die eerste leraar van die gemeente was eerw JG Steenkamp wat van Fraserburg gekom het, en hy is op 26 April 1946 bevestig (Slabbert 1991:32). Die gemeente het toe bekend gestaan as die Sendingwerkkring van die NGK Gamtoosvallei. Die grenslyne sou dieselfde wees as die grense van die NGK Gemeente Gamtoosvallei.

Eerw JG Steenkamp is eers op 28 Februarie 1948 amptelik en eenparig as beroepene van die nuutgestigte Sendinggemeente verklaar. Hy het op 17 Junie 1950 demissie ontvang.

Die nuwe Sendingkerk sou ressorteer onder die NG Sendingkerk, Ring van Jansenville. Die eerste konsulent sou eerwaarde DJ Senekal van Port Elisabeth wees. Volgens die Kerk se argiewe is die eerste vergadering van die nuwe Sendinggemeente op 17 April 1948 gehou. Die notule van die vergadering toon dat die NG Kerk reeds toe al ŉ sleutelrol met die totstandkoming sowel as met die instandhouding van die Sendinggemeente gespeel het. Selfs die feit dat meneer Herklaas du Plessis van die NGK Moedergemeente genader is om die nuutgestigte gemeente se finansiële boeke te doen teen ŉ vergoeding van £12 per jaar (NG Sendingkerk notule 17/4/48: 21). Dit getuig van die noue verbintenis, die samewerking en betrokkenheid van die Kerke by mekaar.

Volgens dieselfde notule (van die NG Sendingkerk 17/4/48:23), is daar ook ŉ begrafnis-vereniging, met ŉ konstitusie en reëls, op dieselfde dag gestig.

Die notuleboek van die NG Sendingkerk toon voorts dat menere P en M Vermaak bedank moet word dat hulle, as die vruggebruikers van die Vermaak boedel, die Kleurlingskool te Kwagga, ook vir kerklike gebruik gratis aan die NG Sendingkerk gee. ŉ Kontrak vir die Kleurlingskool te Kwagga sal namens die kerkraad deur eerw. JG Steenkamp en die broeders D van Rooyen en JH Bloemetjie onderteken word, aldus die notule van die NG Sendingkerk van 31/7/48: 28.

3.5.1 Kambria Skool / Kerk

Die vergadering besluit dat die grond te Kambria opgemeet moet word en volgens die grondwet op die naam van die Algemene Sinodale Kommissie getransporteer word. Die vergadering neem ook kennis dat ŉ jaarlikse huurtoelaag van £15 van die Departement Onderwys ontvang word as ŉ huurtoelaag vir die Kambria Kerkgebou as skool (Notule van die NG Sendingkerk 31/7/48: 26).

3.5.2 Grondtransaksie vir die aanbou van die kerkgebou te Kwagga

Volgens die notules van die NG Sendingkerk van onderskeidelik 29 /10 /1948, 5/2/1949 en 14/5/1949, het die volgende gebeur ten opsigte van die grondtransaksie. Die navorser gee die datum van die notule en dan, opsommenderwys, die betrokke gebeure:

Notule 29/10/1949:29: Die vergadering besluit om grond te Oos-Kwagga te koop “nie te bowe gaande 250 pond vir die bou van ŉ kerk.” Die leraar ds D van Rooyen en JH Bloemetjie ontvang volmag om in die saak te mag handel.

Notule 5/2/1949:32: Die kerkraadsvergadering neem kennis dat die nodige grond, soos by die vorige vergadering aan die kommissie opgedra is, vir die bedrag van £220 aangekoop is. Opmetings en transportkoste is nie by die bedrag ingereken nie.

Notule 5/2/1949:32 - Omheining van kerkgrond te Kwagga: Die vergadering besluit om ŉ ysterhek van 15 meter lank, asook hekpale, aan te koop om dadelik ingesit te word. Die vergadering besluit verder om 24 houtpale aan te koop vir die dwarsdraad wat later gespan sal word.

Notule 14/5/1949:34 - Kerkgrond te Kwagga: Die betrokke kommissie deel die vergadering mee dat die kooptransaksie van die aangekoopte grond gekanselleer is weens ontevredenheid by die Moedergemeente. Met dankbaarheid word ook egter meegedeel dat die kommissie van meneer P Spies een morg grond aangekoop het teen £200, betaalbaar sodra toestemming van die landmeter–generaal verkry is om dit uit te meet. Die vergadering keur die handelswyse van die Kommissie eenparig goed.

Notule van die VGK Gamtoosvallei 19/4/1969:19: Die kerkraad verneem met dankbaarheid dat grond toegesê is aan die gemeente vir die oprigting van die kerksaal te Kwagga, asook vir die skoolgebou. Die saak is nog nie finaal afgehandel nie.

Notule van die VGK Gamtoosvallei 09/04/1974:47: Die kerkraad besluit dat die kerkgebou op Kwagga op 17 Februarie 1974 in gebruik geneem sal word.

Notule van die VGK Gamtoosvallei 09/04/1974:47: Op aanbeveling van die vergadering sal daar voorlopig 150 stoele vir Kwagga se kerkgebou bestel word van Afro Steel Port Elizabeth teen R4.10 per stoel.

Die noukeurige lees van die notules van die bogenoemde tydperke toon dat ook die VGK gemeente Gamtoosvallei gewikkel is in ŉ stryd om menswaardigheid en erkenning. Dit was ook van belang om te kon verstaan wat God se doel en plan met die gemeente was. Soos blyk uit die notules, was daar aan die begin van die gemeente se ontstaan geen sprake van eiendomsreg nie, want die eiendom wat aan die Kerk geskenk is, was óf in ŉ ander instansie se naam geregistreer soos in Kambria se geval, óf daar was ŉ informele ooreenkoms soos in Kwagga en Andrieskraal se onderskeie gevalle.

Dit laat die navorser die afleiding maak dat eiendomsreg 'n kritieke vraagstuk vir die VGK Gamtoosvallei se gemeente was, en dit steeds vir sy kerkraad 'n teer punt is. Slegs die geboue op Loerie, Hankey en Patensie het transportaktes, nie een van die ander eiendomme of geboue van die VGK Gamtoosvallei te Kwagga, Andrieskraal en Kambria is behoorlik op die Kerk se naam getransporteer nie, al impliseer die notules dit helder en duidelik dat dit wel die intensie van die verkopers of skenkers van die gronde was.

3.6 TUSSEN ANDER KERKE EN GENOOTSKAPPE

Die gemeente VGK Gamtoosvallei bestaan nou al vir meer as 64 jaar tussen ander kerke en ander genootskappe. Die navorser lys die kerke en maak tersaaklike opmerkings.

1 Die United Congregational Kerk is die oudste bestaande Kerk in die Gamtoosvallei en het ontstaan as gevolg van die werk van die Londense Sendinggenootskap. Hankey was die teikengebied van die sendingstasie te Bethelsdorp in Port Elizabeth. Die werksaamheid van Bethelsdorp Sendingstasie het reeds so vroeg as 1822 in Hankey begin. Hankey United Congregational Kerk het sy eie sendingwerk uitgebrei na Kruisfontein te Humansdorp. Die United Congregational Kerk is by verre die suksesvolste Kerk in die Gamtoosvallei, met uitbreidings in die wyke Hankey, Patensie, Vensterhoek, Gonnakop, Loerie, Kwagga, Andrieskraal, Kambria, Kleinrivier en Thornhill. Hankey Congregational Kerk het op 3 September 1972 reeds hul 150ste bestaansjaar gevier en vier in 2012 hul 190ste bestaansjaar. Die bouwerk aan hul sentrale plek van aanbidding in Hankey het in 1833 net na die 1832 vloed begin (Coetzee 1984:118).

2 In 1890 is die Bantu Congregational Kerk se oorspronklike gebou te Weston opgerig, maar hulle het 'n beter gebou te Centerton opgerig wat in 1990 ingewy is. Die lidmate van die Kerk is hoofsaaklik Xhosasprekend.

3. Die drie Nederduitse Gereformeerde (NGK) gemeentes is Gamtoosvallei, Gamtoosvallei-Oos en die Loerie gemeente. Hierdie gemeentes is die afgelope 62 jaar betrokke by die VGK Gamtoosvallei. Hulle help veral op finansiële gebied om die VGK se leraarspos in stand te hou.

4. Die Morawiese Broederkerk is op hierdie stadium net tot Loerie beperk. Dit is eintlik 'n buitewyk van die Morawiese Broederkerk in Port Elizabeth-Salem gemeente.

5. Die Evangelies Gereformeerde Kerk. Die VGK Gamtoosvallei het 'n jarelange verbintenis en verhouding met dié Kerk, wat verskillende wyke het in Thornhill, Hankey

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en De Mistkraal. Die lidmate is meestal Afrikaanssprekend, baie meelewend en dit is ʼn Kerk aan die beweeg wat beslis mee rekening gehou moet word.

6. Die Pinkster Kerke in die Vallei is redelik sterk ontwikkel, maar is baie versplinter in ʼn hele aantal wegbreekgroepe wat dan weer kleiner gemeentes vorm, veral met lidmate uit ander kerke. Daar is meer as 15 verskillende groeperings.
7. Die Ou-Apostel Kerk.
8. Die Nuwe-Apostel Kerk.
9. Die Rooms-Katolieke Kerk.
10. Die Anglikaanse Kerk.
11. Die Metodiste Kerk.
12. Die Apostoliese Geloof Sending.
13. Die Presbiteriaanse Kerk.

Oor die samewerking tussen die VGK en die ander kerke, kortliks die volgende: Dit wissel van gemiddeld tot swak en uiters swak. In die verlede was die samewerking só dat gesamentlike dienste gereël kon word; byeenkomste is op die rugbyveld gereël om dit vir almal toeganklik te maak. Evangelisasie-dienste is al in die groot sitruspakstoor gehou om kerklike samewerking te bevorder; ook gebedstye vir reën tydens groot droogtes wat ons in die Vallei beleef het. Die vroue van sowel die NGK as die VGK het ook vroeërjare gesamentlike byeenkomste gehou om verhoudinge te bou en te bevorder, maar dit vind nie meer plaas nie . Die enigste kere wanneer verskillende kerke se mense bymekaarkom vir gesamentlike dienste is by sterfgevalle. By die huis waar die sterfgeval was, word vir ʼn week lank gesamentlike dienste gehou. Dan tree verskillende kerke se leiers op om die bedroefde familie te ondersteun, te versterk, en te bemoedig deur die Woord van die Here. Daar bestaan nie ʼn predikanteforum om sulke byeenkomste te koördineer nie, of om as leiers saam te bid oor die gemeenskap se probleme en vraagstukke nie. Dit sal beslis ʼn stap in die regte rigting wees as so ʼn forum op die been gebring kan word sodat daar gewerk kan word aan beter samewerking tussen die verskillende kerke wat tans maar baie swak, of glad geen, verhoudinge met mekaar het nie. Tot die krediet van al die verskillende kerklike groeperinge, kan wel gesê word dat die kerke ʼn baie groot rol gespeel het om menswaardigheid in so baie van die afstammelinge van die Khoi te herstel. Eintlik behoort ʼn mens te sê dat Christus deur sy kerk die herstelwerk en die herskeppingswerk gedoen het, dat daar ván hierdie mense kan wees wat, te midde van armoede en verskillende ander ontberinge, nogtans op ʼn menswaardige wyse hulle lewens voortsit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.7 GEVOLGTREKKINGS

Die doel van hierdie hoofstuk was om die verhaal of geskiedenis van die Khoi mense oor amper 400 jaar in breë trekke uit te spel. Die gedeelte voor die stigting van die gemeente en die vroeë geskiedenis van die gemeente het, uit die aard van die saak, die meeste aandag ontvang omdat dit die huidige identiteit van die VGKSA Gamtoosvallei verduidelik. In hooftrekke, sien ons hoe die gebied se eerste inwoners oor meer as 200 jaar in voortslepende gewapende konflik met groepe wat van oos en wes op hul gebied aanspraak gemaak het, gewikkel was. Stelselmatig is hulle van hul grond, regte en menswaardigheid ontneem. Daar is spesiaal op die slaweperiode, grondkwessies, en die katastrofale uitwerking daarvan op die Khoi volk en hul afstammelinge gefokus.

Hierdie droewe verhaal moet gesien word in die lig van universele menseregte wat, volgens die aanhef van die Universal Declaration of Human Rights (1948), bepaal dat menswaardigheid "die inherente waardigheid en die gelyke en onvervreembare regte van alle mense as die grondslag vir vryheid, geregtigheid en vrede in die wêreld" is. Vanuit die Christelike geloof, is die mens as *imago Dei*, na die beeld en gelykenis van God geskape. Alle mense is voor God gelyk en alle mense se regte en vryheid moet hiervolgens eerbiedig word. Dat dit nie die geval was met die Khoi mense en hulle afstammelinge in die Oos-Kaap nie, is deur bepaalde snitte uit die geskiedenis duidelik belig.

Die tweede hoofstuk het, met behulp van die konteks van die gebied, die fisieke situasie waarin die meeste van die VGKSA Gamtoosvallei se mense verkeer, uitgespel. Armoede, werkloosheid, gebrekkige opvoeding, en sosiale versorging is aan die orde van die dag.

Nogtans het die evangelie die Khoi mense bereik en kon die verhaal van die stigting en groei van die gemeente ewe-eens gevolg word. Dit geskied nie sonder waardering vir die NGK en ander sendinggenootskappe en sendinggeesdriftiges nie. Maar, selfs in hierdie meer positiewe deel van die geskiedenis, is dit duidelik dat daar telkens neergesien is op die gemeente se lidmate in sake soos dat hulle nie met die transportakte van hul eie kerkgeboue en eiendom vertrou is nie. Dit moet ’n minderwaardigheidskompleks vir ’n gemeenskap gee en mense se hoop op ’n beter, alternatiewe toekoms in die niet laat verdwyn.

Teen hierdie agtergrond word die navorsingsvraag van dié studie met soveel meer erns en oortuiging gevra:

Hoe begelei ’n mens lidmate in ’n tipies-plattelandse gemeente, wat in armoede en ’n instandhoudingsbediening vasgevang is, om hul menswaardigheid in Christus te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ontdek en te transformeer na ’n missionale gemeente wat fokus op God en sy agenda vir hulle en hul gemeenskap?

Die volgende hoofstuk wil die profiel van die huidige gemeente in sy konteks belig. Dit is belangrik om die mense in hul alledaagse werklikheid te beskou en te verstaan, voor die navorsingsvraag met egtheid en begrip beantwoord kan word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 4

DIE VGKSA GAMTOOSVALLEI VANDAG

4.1 INLEIDING

Die doel van hierdie studie is om, met behulp van ’n literatuurstudie, riglyne neer te pen wat die kerkraad van die gemeente kan volg om die reis na missionale transformasie doelgerig verder te voer. Die navorsingsvermoede is dat lidmate, wat hulle missionale roeping ontdek het en die kragtige werking van die Heilige Gees in hulle midde ervaar het, die sleutel kan bied tot die herontdekking van hoop en ’n nuwe lewe. Die vraag wat die navorser voortdurend vra is:

Hoe begelei ’n mens lidmate in ’n tipies-plattelandse gemeente, wat in armoede en ’n instandhoudingsbediening vasgevang is, om hul menswaardigheid in Christus te ontdek en te transformeer na ’n missonale gemeente wat fokus op God en sy agenda vir hulle en hul gemeenskap?

Die fokus van hierdie hoofstuk gaan oor die huidige werklikhede van die VGK Gamtoosvallei. Die doel is om die gemeente in sy wêreld te beskryf. In terme van die kruismetodologie is ons in hierdie hoofstuk besig met die linkerpool van die kruis. Dit gee iets weer van die gemeente se identiteit, wat nóu verband hou met die onderste punt van die kruis – die identiteitspool, wat die profiel van die gemeente beskryf. Daar word veral gekyk na die meso- en mikro-kontekste van die VGK Gamtoosvallei. Onderliggend tot die deurgee van die feite is die vraag na menswaardigheid. Hoe kan mense wie se menswaardigheid oor die eeue heen gekrenk is, opgetel word? Hoe word hulle mens-waardigheid herstel? Dié hoofstuk konsentreer egter merendeels op die beskrywing van die bestaanswerklikhede van die gemeente en gemeenskap, omdat hier, op meer as een wyse, transformasie moet plaasvind.

4.2 DIE PLAASLIKE REALITEITE VAN DIE VGK GAMTOOSVALLEI

4.2.1 Kerkverband

Die gemeente VGK Gamtoosvallei vorm deel van die VGKSA en val onder die Sinodale Gebied Streeksinode Kaapland. Die VGKSA is onderverdeel in sewe gebiedsinodes, te wete Kaapland, Vrystaat en Lesotho, KwaZulu-Natal, Namibië, Noord-Transvaal, Phororo,

en Suid-Transvaal. Namibië is tans die kleinste gebiedsinode van die VGKSA. Die VGKSA is ingedeel in ongeveer 85 Ringe. Die Kerk van 763 gemeentes word bedien deur ongeveer 536 predikante en 131 evangeliste en het ongeveer 496 733 bevestigde lidmate en 542 873 dooplidmate. Volgens die jaarboek, is daar ŉ rapsie meer as 100 gemeentes wat vakant is en wat slegs deur ŉ konsulent of die plaaslike kerkraad bedien word. Die data is gebaseer op die *VGKSA Jaarboek 2006*.

4.2.2 Gemeenteprofiel

Die aantal belydende lidmate van die VGK Gamtoosvallei word beraam op ongeveer 250 en daar is ongeveer 280 dooplidmate. Ongeveer 70% van die Gemeente VGK Gamtoos-vallei is Afrikaansprekende Bruinmense en 30% is Xhosasprekende lidmate. Aanvanklik was daar net werksaamhede wat op die Bruinmense gerig is maar, sedert 1972, het die werk ook na die Xhosas in Weston en Centerton uitgebrei.

Die doel van die navorsing is om vas te stel hoe ons die VGK Gamtoosvallei, wat ŉ tipiese plattelandse gemeente is en wat vasgevang is in armoede en ŉ instandhoudings-bediening, kan help om hulle menswaardigheid in Christus te ontdek en op ŉ reis na missionale transformasie te fokus op God en sy agenda vir hulle en hul gemeenskap.

4.2.3 Leraars wat die gemeente bedien het

Sedert sy amptelike stigting in 1948, is die gemeente deur die volgende predikante bedien. Vanaf 12 Mei 1946 tot en met 20 Mei 1950 was ds JG Steenkamp as konsulent verantwoordelik vir die geestelike versorging van die gemeente, daarna is die gemeente deur ds JH Janse van Rensburg vanaf 23 September 1950 tot 24 Mei 1958 bedien. Eerw AP van Wyk het vanaf 24 Mei 1958 as konsulent die gemeente bedien totdat ds AT Ferreira as predikant van die gemeente op Saterdag 11 April 1959 bevestig is. Hy het die gemeente bedien tot 6 Desember 1969. Vanaf dié datum tot 13 September 1970 het ds CF Snyman as konsulent in die gemeente opgetree (Slabbert 1991:33,34).

Die eerste amptelike kerkraadsvergadering, waar ds AJ Esterhuyse opgetree het, is op Saterdag 13 Februarie 1971 te Kwagga gehou. Hy het die gemeente bedien tot sy dood in Desember 1985. Ds PE du Toit het toe as konsulent die gemeente bedien totdat ds DL Slabbert die beroep na die gemeente in April 1986 aanvaar het waarna hy die gemeente tot 25 April 2004 bedien het. Daarna het ds Slabbert na Kanada geëmigreer waar hy tans in twee Presbiteriaanse Kerke in Ontario die predikant is.

Ds SW Jonas, die navorser, is sedert 18 Junie 2005 predikant van die gemeente. Op daardie datum is hy bevestig as leraar van die VGK Gamtoosvallei. Dit is merkwaardig dat ds SW Jonas die eerste bruin leraar is wat die gemeente sedert sy ontstaan bedien. Vir die VGK Gamtoosvallei het dit beslis ŉ nuwe era ingelei want, alhoewel die grondwet van die Bedieningskomitee bepaal dat die ondersteuning van die NGK aan die Sendingkerk van destyds onderhewig is aan die feit dat die Sendingkerk slegs deur wit leraars bedien mag word, het die navorser se beroep na die VGK Gamtoosvallei dinge heeltemal verander. As sendingwerker, was hy toe reeds vir meer as 21 jaar betrokke onder die plaasarbeiders en glo dit was die rede waarom hy aanvaarbaar was vir al drie NG Kerke in die Gamtoosvallei. Nie net was dit ŉ deurbraak vir die VGK Gamtoosvallei nie, maar ook vir die Ring van Uitenhage waar hy ook die enigste bruin leraar was in ŉ Ring van ses bruin en drie swart gemeentes. Na ds SW Jonas is ds Manasse na Ebenhaeser in die Ring van Uitenhage beroep, ook as die eerste bruin leraar van daardie gemeente. Dieselfde geld ook vir die VGK Humansdorp waarheen ŉ eerste bruin leraar ook beroep is.

Wat menswaardigheid betref, was dit ŉ groot uitdaging vir die navorser om eerstens sy roeping as leraar in die VGKSA met waardigheid en integriteit uit te leef. Dit boonop nadat hy nie aan die Stellenbosch Universiteit gestudeer het nie, maar deeltyds deur Unisa die grade BTh en BTh Honneurs verkry het, en by Northern Theological Seminary in Pretoria gelegitimeer is. Deur die genade van die Here kon hy met menswaardigheid sy geroepenheid besef en dit met waardigheid en integriteit uitleef. Hy kan egter met alle eerlikheid sê dat die feit dat die gemeente nie finansieel onafhanklik en selfonderhoudend is nie, iets aan die menswaardigheid van die gemeente VGK Gamtoosvallei, asook aan sy eie menswaardigheid doen. Die gemeente is doodeenvoudig net nie in staat om ŉ leraar te bekostig nie maar, deur die Here se genade en met die ondersteuning van die NG Kerk in die Gamtoosvallei, word dit gedoen. Dit bring egter mee dat die leraar geweldige opofferings moet maak om sy geroepenheid uit te leef en getrou aan die Here en aan sy roeping te bly, ten spyte daarvan dat hy nie op die voorgeskrewe skaal vergoed word nie.

4.2.4 Kerklike samewerking

Die VGK Gamtoosvallei is van die min plattelandse gemeentes wat nie oor lang tydperke vakant was nie, danksy die hulp van die Here en die bystand van die drie NG Kerke Loerie, Patensie en Gamtoosvallei. Die VGK Gamtoosvallei strek oor die grense van al drie hierdie genoemde NGK gemeentes. In daardie opsig, het die VGK en die NG Kerke ŉ gedeelde geskiedenis. Albei Kerke bestaan in die raamwerk van ŉ tipies-plattelandse

boerdery-gemeenskap waar al die boerdery-vraagstukke ŉ wesenlike rol speel. Die VGK gemeente is sedert 1971 verantwoordelik vir slegs 5% van die leraar se salaris en 50% van die reiskoste, asook 50% van sy mediese fonds. Die gemeente is 100% verantwoordelik vir die pensioen- en weduweefondse.

Die VGK sou sekerlik in ŉ beter finansiële posisie wou wees, waar hulle volwaardig die pos van die leraar kon dra, maar hulle is ŉ arm gemeente van hoofsaaklik plaaswerkers wat uit hul minimum lone of hul staatstoelaes leef. Dié geld is eenvoudig nie genoeg vir ŉ menswaardige lewenstandaard en om ook sinvol die Here se gemeente te onderhou nie. Die gemeente het nie dramaties gegroei in terme van getalle nie; inteendeel, die getalle neem stelselmatig af, dus is hulle nie selfonderhoudend nie. Die invloed hiervan op die gemeente is dat hulle nie met menswaardigheid hul geroepenheid besef en uitleef nie, maar die hele tyd op oorlewing en instandhouding ingestel is. Daar is egter hoop, aangesien daar wel lidmate is wat met menswaardigheid hul geroepenheid in Christus ontdek het en wat sodoende hoop bring in ŉ amper hopelose situasie.

4.2.5 ŉ Arm gemeente van hoofsaaklik plaaswerkers

Die bydraende lidmate verteenwoordig die lae inkomstegroep (99% plaaswerkers en pensioentrekkers, wat impliseer dat hulle óf ouderdoms, ongeskiktheids- óf kindertoelaes ontvang). Sommige se ongeskiktheidstoelaes is reeds gestaak. Van hierdie lidmate is óf HIV positief, óf hul siektes is kronies van aard, soos diabetes en hipertensie. Hulle is dus nie siek genoeg om toelaes oor ŉ lang termyn te ontvang nie, maar hulle is ook nie gesond genoeg om harde hande-arbeid te verrig vir hul eie lewensonderhoud of vir die gesin se versorging nie. Dit werk baie nadelig in op die verstaan van die Kerk se sending. Daar is egter al ŉ groot mate van klemverskuiwing wat plaasgevind het.

Werkloosheid, soos aangetoon in hoofstuk 2, is ŉ wesenlike probleem en kniehalter nie slegs die gemeente se voortbestaan nie, maar speel ook ŉ baie groot rol in die uitsigloosheid by veral matrikulante wat nie noodwendig ŉ aanvoeling het vir die landbousektor nie. Die meeste matrikulante se ouers kan dit ook nie bekostig om hulle na kolleges of universiteite te stuur vir verdere studies nie. Daar is nie werksgeleenthede anders as in die landbou en aanverwante bedrywe nie.

Verstedeliking het ŉ groot invloed op die gemeente. Die jongmense van die gemeente soek beter werksgeleenthede, en hoop vir beter salarisse, in plekke soos Humansdorp, Uitenhage, Port Elizabeth en Jeffreysbaai, selfs ook so ver as Kaapstad en Johannesburg.

Die volgende het ʼn negatiewe invloed op die groei in die gemeente, naamlik verstedeliking, sterftes as gevolg van Vigs, tuberkulose, hartsiektes en ander stresverwante siektes. Ons gemeente ervaar die pyn en lyding wat met bogenoemde siektes gepaard gaan baie intens. Die gemeente se leraarspos was egter in sy meer as 64 jaar se bestaan nooit vir lang tydperke vakant nie. Dit alleen is vir ons ʼn bewys van die goedheid en die guns van die Here wat met ons in hierdie arm gemeente is. Die gemeente se afhanklikheid van die finansies van die NG Kerk veroorsaak dat hulle nie sterk genoeg ingestel is om hul eie rol in God se *missio Dei* te verstaan nie. Daar is egter enkele lidmate wat baie goed verstaan wat God deur hulle in die omgewing wil doen en hul harte is baie oop om deel daarvan te wees.

Die VGK Gamtoosvallei is geleë in die westelike deel van die Oos-Kaap wat tans die land se armste provinsie is en seker die swakste bestuur word. Soos reeds aangedui, is daar werkloosheid nie net in die Vallei nie, maar dit is in die hele provinsie ʼn baie groot probleem. Die Vallei het sy deel van vloede en ook uitmergelende droogtes beleef. Van 2008 tot 2010 was die Gamtoosvallei in die wurggreep van ʼn knellende droogte met gepaardgaande waterbeperkings wat op verskeie plase sy tol geëis het. Groot was egter die verligting toe die droogte in 2011 gebreek is met welkome goeie reëns en ʼn dam wat oorgeloop het. Swak, of geen, dienslewering van die kant van die plaaslike regering ten opsigte van die plaaswerkers, veroorsaak dat die wurggreep van armoede en ellende ons mense net meer en meer benadeel.

ʼn Baie belangrike deel van die armoedevraagstuk is ʼn gebrek aan sinvolle deelname aan ekonomiese aktiwiteite in die Gamtoosvallei. Daar is min, of geen, ontwikkelingsprojekte wat die ekonomie vir die armstes van die armes in die Gamtoosvallei kan stimuleer nie. Ekonomiese deelname in boerderyaktiwiteite en ander besigheidspraktyke is tans nie ʼn opsie nie, gevolglik sal die armoedesiklus in die Vallei nie maklik gebreek kan word nie.

Dit blyk dat die Khoisan en Xhosa armes en noodlydendes in die Gamtoosvallei altyd daar sal wees. Wat egter kommerwekkend is, is dat die regering op plaaslike en nasionale vlakke gereeld geluide van grondhervorming, landelike ontwikkeling, ekonomiese transformasie en armoede-verligting maak, maar dit bring min of geen hoop vir die mense wat in die wurggreep van armoede vasgevang is nie. Uit die tydlyn (Retha Venter 2008) is dit ook duidelik dat rassekonflik en konflik oor grond en eiendomsbesit die geskiedenis van die Vallei in die verlede taamlik donker geskilder het.

In die Hankey gebied is daar wel ’n paar Bruin en Swart opkomende boere wat ’n sukkelende bestaan probeer maak het op ’n paar hektaar van die destydse Londense Sendinggenootskap se gronde. Ook een of twee van ons lidmate het in die Kambria gebied deelgeneem aan boerderyaktiwiteite deur middel van ’n Swart Ekonomiese Bemagtigingsprojek van die regering. Dit is egter maar ’n druppel in die emmer om die dodelike wurggreep van armoede aan te spreek en te verbreek. Daar is tans onderhandelinge om grondhervorming en ekonomiese bemagtiging in die Gamtoosvallei momentum te gee. Alles is egter nog in ’n onderhandelings- en beplanningsfase. Vir die menswaardigheid van die Khoi in die Gamtoosvallei sal dit ’n groot stap in die regte rigting wees as meer lidmate ekonomies selfversorgend kan wees en weer grond kan besit. Dit sal iets doen aan die menswaardigheid van die VGK Gamtoosvallei se lidmate. Die mense van die Gamtoosvallei het ’n boerdery-agtergrond; daarom is die navorser oortuig dat bemagtiging in die landbousektor ’n belangrike sleutel is om die menswaardigheid van die mense te verhoog en om armoede te verlig. Simbolies, sal dit mense weer hoop gee en die moontlikheid van ’n alternatiewe toekoms skep vir diegene wat bereid is om te leer en hard te werk. Mense wat hulself die heeltyd bejammer omdat hulle so arm en agtergeblewe is en sonder hoop lewe, kan nie met menswaardigheid fokus op wat God deur hulle in die wêreld en in die omgewing wil doen nie.

4.2.6 ’n Klein gemeente wat sorg vir mekaar en uitreik na vreemdelinge

As direkte gevolg van die armoede-prentjie word die gemeente se deelname aan dit wat God in die omgewing wil doen ook negatief geraak. Elke sent word om en om gedraai ter wille van eie oorlewing en instandhouding. Dit is egter geen verskoning vir doelbewuste ongehoorsaamheid aan die Groot Opdrag en *missio Dei* nie. Wat baie verblydend is, is om die klein tekens van gehoorsame deelname in die *missio Dei* by enkele van ons lidmate in die VGK Gamtoosvallei te bespeur. Dit het duidelik geword toe ván hierdie arm en selfs werklose mense, of seisoen werkers, in Patensie baie geesdriftig hul huise oopgemaak het vir Zimbabwiërs wat van hul eie armoede, werkloosheid en uitsigloosheid gevlug het. Hierdie arm lidmate het aan die misplaaste, vernederde, verarmde en ontwortelde mense van Zimbabwe, wat God op ons drumpel laat beland het, kos en slaapplek gegee. Dit het daartoe gelei dat ons gemeente se deure oopgegaan het om aan hierdie ontworteldes ’n geleentheid te bied waar hulle ons strukture kan gebruik om die Here te aanbid en om Hom te vereer. Dit is baie verblydend om te merk dat lidmate, wat nie baie hoog geletterd is en wat ook nie goed Engels praat nie, onbeskaamd verhoudinge met die vreemdelinge

probeer vestig het. Dit het ook die leraar/navorser laat besef wat dit beteken om by God in te skakel en jou roeping met menswaardigheid te kan uitleef.

Ons gemeente reik ook uit na die seisoenwerkers wat van Lesotho afkomstig is. Dit word gedoen in samewerking met ’n afgetrede predikant van Jeffreysbaai wat destyds in Lesotho sendingwerk gedoen het en wat Suid-Sotho kan praat. Daar is ook ’n uitreikspan wat met die Jesus film en ander praktiese maniere saam met ons uitreik na die mense van Lesotho. ’n Hoogtepunt was toe ons ’n Sotho prediker, Joseph Chauke. van Mamelodi, Pretoria, gekry het om vir ’n week lank die Woord van die Here in die taal en idioom van hierdie werkers te bedien, waarop daar werklik ’n ongelooflike reaksie was. Die mense is soekend na God.

Een van die geleenthede waar lidmate hul eie menswaardigheid in Christus ontdek, is wanneer hulle na die plaaswerkers in hul eie omgewing uitreik. Baie van die werkers wat lidmate is, was self ook vasgevang in drankmisbruik en ander sondige praktyke. Hulle kan eerstehands getuig van die bevrydende genade van God wat verlossing vir hulle bewerk het en wat hul lewens radikaal getransformeer het. Dit is ongelooflik om die ywer te sien waarmee hulle in gehoorsaamheid aan die Groot Opdrag van God werk om die Koninkryk van God te laat kom.

Van ons lidmate help ons met korttermyn uitreike in veral die gebiede waar ’n groot konsentrasie van plaaswerkers woonagtig is. Ongelooflike werk is al gedoen in samewerking met verskillende uitreikspanne van, onder andere, Operation Mobilization, VCSV Jeffreysbaai, en sendinguitreikspanne van verskillende NG Kerke in Port Elizabeth, Despatch en Jeffreysbaai. Die gemeentelede wat verstaan wat God in die omgewing wil doen, is spontaan meelewend. Wanneer lidmate so spontaan deel word van wat God in die omgewing wil doen en hul eie geroepenheid besef en uitleef, dan kom hul eie menswaardigheid tot sy reg.

Die navorsingsvraag: **Hoe begelei ’n mens lidmate in ’n tipies-plattelandse gemeente, wat in armoede en ’n instandhoudingsbediening vasgevang is, om hul menswaardigheid in Christus te ontdek en te transformeer na ’n missonale gemeente wat fokus op God en sy agenda vir hulle en hul gemeenskap?** ontvang dus hier ’n eerste en daadwerklike antwoord. Toe arm, en in hulle menswaardigheid gekrenkte lidmate mense op hul voorstoep ontmoet wat in absolute oorlewingsnood is, en hulle begin help, herontdek hulle hul eie waarde en menswaardigheid. Teologies gesproke, het hulle

die *missio Dei* in hul konteks ontdek. Vir die VGK Gamtoosvallei was dit ’n reuse tree vorentoe, ’n eerste tree op ’n missionale reis.

4.2.7 ’n Tekort aan goed-ontwikkelde missionale leierskap

Die gemeente se leierskap is swak ontwikkel en sentreer in slegs ’n paar dominante families. Leierskapsontwikkeling, en dan meer bepaald missionale leierskapsontwikkeling, is ’n wesenlike behoefte. Die Vallei het ontsagwekkende potensiaal vir wat God in die omgewing wil doen.

Indien die Kerk in die Vallei ’n sukses wil maak met die werk van die Here, sal ons moet saamwerk om ons leiers maksimaal te ontwikkel en hulle te lei op ’n pad van transformerende missionale denke. Ons sal beslis ons eie beperkende grense moet oorsteek, en meer gemaklik oorgaan na die “ander kant.” Ons sal ook ons leierskap op ’n pad van geloofsgroei moet lei, terwyl ons self die pad voorbeeldig met integriteit en menswaardigheid loop.

Die navorser/leraar se oë het oopgegaan vir missionale teologie toe die Here die deur vir hom oopgemaak het om Praktiese Teologie by die Universiteit van Stellenbosch te studeer. Hy was self vasgevang in sy klein wêreld van eie belange en in ’n kultuur van instandhoudingsgerigte bediening toe die Here hom begin bewus maak het van missionale teologie. Hy is geprikkel deur die vraag: Wat doen God in my omgewing, en hoe kan ek by God aansluit in wat Hy doen? ’n Heel nuwe wêreld het vir hom oopgegaan, en hy het nuut begin dink oor missionale teologie. Die module oor missionale leierskap het vir hom die fokus op dissipelskap geplaas en hoe hy deur sy voorbeeld sterker leiding kan gee aan die kerkraad op die pad na missionale transformasie.

4.2.6 Samevattend: Ons situasie, verleenthede en geleenthede

Die doel van die navorsing is om met behulp van ’n literatuurstudie riglyne neer te pen wat die kerkraad van die gemeente kan volg om die reis na missionale transformasie doelgerig verder te voer. Die navorsingsvermoede is dat lidmate wat hul missionale roeping ontdek het en die kragtige werking van die Heilige Gees in hulle midde ervaar het, die sleutel kan bied tot die herontdekking van hoop en nuwe lewe. Die vraag wat die navorser voortdurend vra is:

Hoe begelei ’n mens lidmate in ’n tipies-plattelandse gemeente, wat in armoede en ’n instandhoudingsbediening vasgevang is, om hul menswaardigheid in Christus te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ontdek en te transformeer na ’n missionale gemeente wat fokus op God en sy agenda vir hulle en hul gemeenskap?

Die situasie van die VGK Gamtoosvallei is in die voorafgaande gedeelte uiteengesit. Samevattend kan gesê word dat die VGK Gamtoosvallei ’n arm klein plattelandse gemeente is wat hoofsaaklik deur plaaswerkers in stand gehou word. Daar was egter nooit ’n situasie dat die gemeente vir lang tye sonder ’n leier was nie. Tog was daar nie leiers wat die gemeente kon lei uit die wurggreep van armoede en ’n instandhoudingsbediening op die pad na missionale transformasie nie. Die armoede het sy tol geëis deurdat sommige hulle vergryp aan drank, dwelms en ander ellendes.

Wat egter positief in die guns van die gemeente tel is:

1. Daar is gewone plaaswerkers wat hulle nie deur armoede laat onderkry nie, maar wat hul missionale roeping ontdek het en, onder leiding van die Heilige Gees, met menswaardigheid uitreik na ander.

2. Daar is lidmate wat nie dink dat hulle alles op hul eie hoef te vermag nie, maar hande vat saam met uitreikspanne en ander gelowiges om uitvoering te gee aan die *missio Dei*.

3. Baie positiewe werk word gedoen onder die vreemdelinge, die ontworteldes, die vernederdes en die misplaastes van Zimbabwe en Lesotho.

4. As leraar, het die navorser iets begin verstaan van wat die *missio Dei* en missionale teologie behels. Dit vul hom met hoop en verwagting. Hy glo in die hipotese wat in hierdie studie beredeneer word. Dit alles werk uiteindelik deur die gemeente.

5. Daar word baie aandag gegee aan die temas van menswaardigheid, roeping en die bou van goeie en gesonde verhoudinge.

4.3 DIE MESO-KONTEKS VAN DIE VGK GAMTOOSVALLEI

Die doel van hierdie studie is om, met behulp van ’n literatuurstudie, riglyne neer te pen wat die kerkraad van die gemeente kan volg om die reis na missionale transformasie doelgerig verder te voer. Die navorsingsvermoede is dat lidmate, wat hul missionale roeping ontdek het en die kragtige werking van die Heilige Gees in hul midde ervaar het, die sleutel kan bied tot die herontdekking van hoop en nuwe lewe. Die vraag wat die navorser voortdurend vra is:

Hoe begelei ’n mens lidmate in ’n tipies-plattelandse gemeente, wat in armoede en ’n instandhoudingsbediening vasgevang is, om hul menswaardigheid in Christus te ontdek en te transformeer na ’n missionale gemeente wat fokus op God en sy agenda vir hulle en hul gemeenskap?

Die doel van dié afdeling is om deur die bril van die meso-konteks na die situasie in die gemeente en die gemeenskap te kyk wat sal help om ’n begrip te verleen oor die verskillende invloede wat op die kerk inspeel en die identiteit van die kerk en sy lidmate bepaal.

Oor die algemeen is die VGK Gamtoosvallei baie klein in verhouding met ander kerke in die gebied. Die gemeente bestaan tussen ongeveer 25 of meer kerkgenootskappe (sien 3.6 wat die ander kerkgenootskappe beskryf).

Van die groter kerke se predikante, sowel as dié van die VGK, ontvang ’n vasgestelde salaris, soos deur die onderskeie sinodes bepaal. Die meeste pastore werk egter in ’n tentmakersbediening.

Die Gamtoosvallei is bevoorreg om die geestelike insette van dié van die Gamtoosvallei plaasbediening op ’n gereelde basis te kry. Die navorser/leraar was eers verantwoordelik vir die bediening wat in 1984 gestig is om geestelike werk onder die plaasarbeiders van ongeveer 60 verskillende plase te doen. Die VGK Gamtoosvallei strek oor die grense van drie NG gemeentes, wat ongeveer 130 plase insluit. Dan is daar ook die woongebiede wat rondom die klein dorpies Patensie, Hankey, Loerie en Thornhill gebou is. Die meeste van ons lidmate het eers op die plase gewoon, maar het later ter wille van groter verblyf-sekerheid na die onderskeie dorpies vertrek om ’n plek van hul eie te kon besit. Tans woon meeste van ons lidmate in die groter wyke in die onderskeie klein dorpies.

As gevolg van die feit dat daar geen noemenswaardige skakeling tussen die verskillende kerkleiers bestaan nie, is die verhouding tussen die verskeie kerke in die omgewing betreurenswaardig. Dit is ’n saak wat aandag verg en wat aangespreek moet word. Verskeie geleenthede kom gereeld voor om hieraan te werk. Drie sake word genoem:

1. Van die dinge wat ons gemeenskap wel nader aan mekaar gebring het, was die onlangse knellende droogte, asook die droogtes en vloede van die verlede. Die krisistye in die gebied laat mense grense oorsteek om na mekaar uit te reik deur middel van gebed, hulpverlening, bystand en bemoediging.

2. Begrafnisse is geleenthede vir ons arm gemeenskappe om voelbaar by mekaar betrokke te raak.

3. Die kwessie van MIV/VIGS het ons mense rondom mekaar se nood verenig. Vigs is ʼn onderwerp wat ons almal raak - dit raak die individu, die lewensmaat, die families, die gemeenskap, en dit raak die Kerk die ergste van almal. Lidmate wat HIV-positief is, of wat VIGS opgedoen het, dwing die Kerk om ernstig en dringend oor sy rol in die breë gemeenskap te besin, asook oor hoe die Kerk betrokke moet raak by sy lidmate en gesinne wat geïnfekteer en geaffekteer is.

Die oorgrote meerderheid van die mense is sterk aanhangers van die ANC, terwyl die DA en COPE sorg vir goeie politieke balans en opposisie. Daar is wel ander kleiner politieke rolspelers maar hulle maak nie eintlik enige noemenswaardige impak nie. Daar is wel genoeg rolspelers in die politieke arena wat kan sorg vir ʼn goedontwikkelde demokrasie, maar die rassekaart en politieke onverdraagsaamheid word nog te dikwels op die tafel geplaas wat gesonde deelname aan die politiek belemmer. Vir die gemeenskap is die verkiesing van die plaaslike regering ʼn saak van groot erns. In Patensie en Hankey word daar gereeld protesoptogte teen munisipale swak dienslewering gelei. Die gemeenskap se belange word nie na behore behartig nie. Dit word eerder as ʼn politieke speelbal gebruik om oningeligte kiesers se stemme te misbruik vir eie politieke gewin. ʼn Raadslid uit die plaaswerkers gemeenskap sal gekies moet word om plaaswerkers se regte sinvol te verdedig en ontwikkeling op die platteland konkreet aan te spreek.

Die groot munisipaliteite is in Jeffreysbaai, Humansdorp en Hankey geleë (www.kougamunicipality.gov.za). Dienslewering word vanuit hierdie munisipaliteite in die gebiede van Patensie, Loerie en Thornhill gelewer. Daar is egter baie min, of amper geen, werklike dienslewering aan die plattelandse plaasgemeenskappe nie. Onderhandelinge in Andrieskraal vir die bou van ʼn laerskool, wat kleiner plaasskole sal bedien, is al sedert 1999 aan die gang. Grond is al in 1999 deur Cacadu Munisipaliteit aangekoop en oorgedra aan die gemeenskap vir die bou van ʼn skool maar, vanaf 2003, het daar nog net mooi niks van gekom nie. Dienslewering aan die plaasgebiede in die platteland is dus ʼn nagmerrie!

Die naaste hospitaal is in Humansdorp, ongeveer 50 km vanaf Patensie. Daar is egter ook hospitale in Uitenhage en Port Elizabeth, onderskeidelik 100 en 110 km vanaf Patensie, waar ons plattelandse gemeenskappe hulp kan kry. Afstande is ʼn baie groot probleem, asook die koste vir mense se vervoer na die naaste punte waar hulle die ambulansdiens

kan bereik. Verskeie mense het al gesterf terwyl hulle gewag het vir ’n ambulans; dit is inderdaad ’n krisis. Pasiënte moet dikwels ten duurste van huurmotors gebruik maak om toegang tot gesondheidsorg te verkry.

Klinieke is opgerig in die woongebiede Thornhill, Loerie, Hankey, Weston, Patensie en nou ook een in Andrieskraal - ’n plaasgebied wat al die jare deur ’n mobiele eenheid van die kliniek bedien is. Die ander gebiede soos Kwagga, Kouga, en Kambria word steeds deur die mobiele kliniek bedien.

Dit spreek nie die behoefte aan toereikende gesondheidsorg na behore aan nie. Baie mense ontvang nog steeds nie behandeling teen Vigs en TB soos benodig nie. In sommige gevalle is die pasiënte nalatig of te skaam om dié tipe gestigmatiseerde behandeling te ontvang, en in ander gevalle is dienslewering die probleem.

Van ontwikkeling kan ’n mens werklik nie eintlik praat as dit kom by die plaaswerker-gemeenskap nie. In die dorpe word daar wel aandag gegee aan ontwikkeling, soos die bou van skole, klinieke, biblioteke, gemeenskapsale en sportvelde. Ontwikkelingsprojekte is beperk tot ’n kleuterskoolprojek hier en daar. Die plaaswerkers en hul gesinne trek maar aan die kortste ent, terwyl politici naarstiglik vir hul stemme kompeteer.

Die kerk het ’n ideale geleentheid om ’n groter rol te speel in die ontwikkeling van ons gemeenskappe. Die Verenigende Gereformeerde Kerk in die Oos-Kaap het die afgelope jaar gebruik gemaak van die dienste van ’n gemeenskapsontwikkelaar ten einde die probleem van armoede in die Kerk te help aanspreek. Dié aanstelling het groot potensiaal gehad, maar gebrekkige befondsing en groot afstande tussen gemeentes, waar projekte geloods word, het daartoe gelei dat die projek gestaak is.

In die Gamtoosvallei het die mikro-finansieringsbedryf vinnig opgang gemaak tot florerende besighede. Dit het egter ’n baie groot strik vir die mense geword; nou is baie vasgevang in ’n skuldkultuur.

Dié Kerk in die Gamtoosvallei het nog nie werklik sinvol tot die probleem en uitdaging van armoede en drankmisbruik toegetree nie. Daar is groot uitdagings waarmee ons gekonfronteer word, veral ten opsigte van armoedeverligting en werkskepping, wat ons, as Kerk, dwing om weer nuut en vars te dink oor ons rol as Kerk in die gemeenskap. Die VGK Gamtoosvallei gemeente het self ’n hele paar hulpbehoewende gesinne wat deur die Kerk gehelp word met kospakkies nou en dan; die gemeente word egter self ook finansieel gehelp om die Kerk in stand te hou.

4.3.1 Samevattend: Ons situasie, verleenthede en geleenthede

In terme van die doel van die navorsing wil die navorser vir die kerkraad van die gemeente riglyne neerpen wat hulle op die pad na missionale transformasie moet begelei sodat lidmate uit hierdie tipies-plattelandse gemeente hul menswaardigheid in Christus kan ontdek en hul roeping in hierdie gemeenskap kan uitleef.

Die situasie vir die VGK Gamtoosvallei is van so ’n aard dat die negatiewe aspekte werklik oorheersend is. Wat egter positief is en wat in die guns van die VGK Gamtoosvallei tel, is die feit dat die gemeente nooit regtig in ’n volledig leierlose posisie was nie. Die bystand van die Ned. Geref. Kerke het die gemeente gehelp om ’n verskil in die Gamtoosvallei te kon maak. Die gemeente het enkele lidmate wat in Christus hul menswaardigheid ontdek het en wat hul geroepenheid in die gemeenskap daadwerklik uitleef.

Tans is die gemeente in ’n baie moeilike finansiële wurggreep vasgevang in sy eie stryd om finansiële oorlewing. Instandhouding is nog baie hoog op die agenda, alhoewel daar tog deurbrake is van mense wat absoluut verstaan dat God deur hulle wil werk in die omgewing. Hulle het hul missionale roeping ontdek en dinge is besig om te gebeur. Missionale transformasie het plaasgevind en daar is goeie potensiaal wat net wag om ontsluit te word.

4.4 GEVOLGTREKKING: DIE GEMEENTE EN HAAR KONTEKS

4.4.1 Die navorsingsdoel, probleem, hipotese en die gevolgtrekkings

Die doel van hierdie navorsing is om, met behulp van ’n literatuurstudie, riglyne neer te pen wat ;’’ die kerkraad van die gemeente kan volg om die reis na missionale transformasie doelgerig verder te voer. In hoofstukke 2 tot 4 het die navorser met behulp van ’n prakties-teologiese metodiek die realiteit van die gemeente beskryf. Hierdie realiteit word nou saamgevat in die gevolgtrekkings hier onder. Teen hierdie agtergrond sal die navorser in die volgende hoofstukke met missionale literatuur in gesprek gaan.

Herhaal van ’n ander hoek, is sy vraag: **Hoe begelei ’n mens lidmate in ’n tipies-plattelandse gemeente, wat in armoede en ’n instandhoudingsbediening vasgevang is, om hul menswaardigheid in Christus te ontdek en te transformeer na ’n missonale gemeente wat fokus op God en sy agenda vir hulle en hul gemeenskap?** Die navorsingsgegewens van hoofstukke 2 tot 4 word nou saamgevat in terme van wat die probleem is. Dit omskryf die armoedesituasie, die instandhoudingsbediening en die

gekrenkte menswaardigheid van baie mense in die gemeente en gemeenskap. Teen hierdie agtergrond is daar die hipotese wat vermoed dat daar ŉ pad is uit die ellendes.

Die navorser se vermoede is **dat lidmate wat hulle missionale roeping ontdek het en die kragtige werking van die Heilige Gees in hulle midde ervaar het, die sleutel kan bied tot die herontdekking van hoop en nuwe lewe.** Hierdie vermoede geld as die navorsing se hipotese. Die opsomming hieronder verskaf ŉ lys van die positiewe faktore wat die navorsing in hoofstukke 2 tot 4 beskryf.

4.4.2 ŉ Kernagtige samevatting van die probleme

1. Die gemeente het nie genoeg missionale leiers nie.
2. Die VGK Gamtoosvallei is te vasgevang in die wurggreep van armoede en ŉ instandhoudingsbediening.
3. Daar is ŉ ongesonde afhanklikheid van befondsing deur die NG Kerk in die Gamtoosvallei.
4. Grondloosheid en stemloosheid bring uitsigloosheid en hooploosheid mee.
5. Lidmate het gebrekkige of geen sinvolle deelname aan ekonomiese aktiwiteite om hulself te bemagtig nie.

4.4.3 ŉ Kernagtige samevatting van positiewe faktore

1. Die gemeente was nooit regtig in ŉ leierlose posisie nie.
2. Die huidige leraar se studies het vir hom ŉ nuwe visie en hoop vir ŉ alternatiewe toekoms en vir transformasie gegee.
3. Enkele lidmate het in Christus hul menswaardigheid en roeping ontdek en begin om dit uit te leef.
4. Lidmate, wat te midde van hulle eie swaarkry, vir mekaar sorg en ook na vreemdelinge op hul drumpel omgesien het, en steeds omsien, het ŉ nuwe selfwaarde ontdek wat hul lewensuitkyk baie positief verander het.

Dié ontdekkings is soos die saad wat in goeie grond gesaai is wat, in terme van ŉ alternatiewe missionale bedieningspatroon, nuwe hoop bring. Dit is moontlik om uit die ellende van armoede en gekrenkte identiteit te ontsnap na menswaardigheid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 5

IDENTITEIT EN DIE *MISSIO DEI*

5.1 INLEIDING

Die doel van hierdie studie is om, met behulp van ’n literatuurstudie riglyne neer te pen wat die kerkraad kan volg om die reis na missionale transformasie doelgerig verder te voer. Die navorsingsvermoede is dat lidmate wat hul missionale roeping ontdek het en die kragtige werking van die Heilige Gees in hul midde ervaar het, die sleutel kan bied tot die herontdekking van hoop en nuwe lewe. Die vraag wat die navorser voortdurend vra is :

Hoe begelei ’n mens lidmate in ’n tipies-plattelandse gemeente, wat in armoede en ’n instandhoudingsbediening vasgevang is, om hul menswaardigheid in Christus te ontdek en te transformeer na ’n missionale gemeente wat fokus op God en sy agenda vir hulle en hul gemeenskap?

Hierdie hoofstuk is bedoel om ’n literatuurstudie te wees wat ’n prakties-teologiese raamwerk uiteensit waarvolgens die navorser te werk wil gaan om te toon wie God is, hoe die Triniteit funksioneer en wat die invloed daarvan is op die verhoudinge tussen gelowiges onderling en in die Kerk. In terme van die prakties-teologiese raamwerk van die kruismetodologie, verwys die navorser in dié hoofstuk na die onderste, regterkantste en boonste pole van die kruis. Aan die hand van ’n kern skrifgedeelte, soos Genesis 1:26-28, en deur die afdeling oor die *perichoresis,* wil die navorser toon hoe die verhouding in die Triniteit werk en hoe dit ons verhouding met God en mekaar raak. Die doel is om ’n teologies-teoretiese verwysingsraamwerk daar te stel wat fokus op die Triniteit. Dit sluit aan by die tema van menswaardigheid wat ontdek word wanneer die mens sy ware identiteit as beelddraer van God ontdek en deelname aan die *missio Dei* ervaar. Hierdie literatuurstudie moet die navorser, sowel as die gemeente, help om uit die groef van ’n bestaansgerigte gemeente te beweeg na ’n missionale gemeente wat deelneem aan dit wat God deur hulle in die omgewing wil doen.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.2 DIE TRINITEIT EN DIE *MISSIO DEI*

5.2.1 God is uniek in sy bestaanswyse

Die uniekheid van God gaan daaroor dat Hy gans anders is - Hy kan nie met ander gode vergelyk word nie. Hy is uniek omdat Hy die enigste ware God is. Wat God verder uniek maak vir ons as Christene is dat Hy Homself openbaar in, en deur, onse Here Jesus Christus. Die God wat ons aanbid, verskil geheel en al van die gode wat die nie-Christene aanbid. Ons ontmoet die God van die Bybel net wanneer ons vir Jesus ontmoet. Ons kan nie God in ons gedagtewêreld vasvang nie, ons menslike gedagtes is gans te beperk om God ten volle te begryp. Volgens Volf (1998:193) is God die bron van eenheid, maar ook van verskeidenheid: "If unity and multiplicity are equiprimal in Him, then God is the ground of both unity and multiplicity." Enige refleksie op die verhouding binne die Triniteit moet die uniekheid van die Triniteit in berekening bring (1998:192). Dit gaan oor die uniekheid van die Triniteit in sigself, asook die inwoning in sy kerk.

Geloof is ŉ baie belangrike sleutel in ons soeke na ŉ bevredigende Godsbegrip. As die kerk bely dat sy in ŉ drie-enige God glo, gaan dit nie oor hoe ons as mense sommetjies maak oor hoe die misterie van hierdie eenheid van God is nie, maar hoe ons die wêreld kan help om te glo (Joh. 17:21). God is die bron van die lewe van die kerk (Link 1988:21). In die verhouding, Vader, Seun en Heilige Gees, is dit juis so dat hulle nie onafhanklik van mekaar is nie; inteendeel, hulle is onlosmaaklik aan mekaar verbonde en saam is hulle die een ware God wat na die mens uitreik.

5.2.2 Die drie-eenheid van God

Volf (1998:198) bring die verhouding van die Triniteit in verband met die verhouding van God met die kerk. Alhoewel daar sekere vergelykings is, is dit beperk slegs tot sekere aspekte van daardie unieke verhouding tussen God en die kerk. In die verband skaar Volf hom by Jurgen Moltmann en Wolfhart Pannenberg wat die klem laat val op daardie unieke verhouding. "Instead I will adopt the general features of this social model especially where required by consideration of the correspondence between the Trinity and the church" (1998:198). Volf (1998:197) sien in dat die gemeenskap van die gelowiges ŉ refleksie van die Triniteit moet wees: "The fellowship of Christians should reflect the trinitarian unity of God." In die kruismetodologie verwys hierdie aspek na die onderste punt van die kruis waar die Triniteit as basis van die kerk se identiteit aangedui word. Sowel die kerk as die mens is deur goed "in verhouding" geskep. In die herstel van die beeld van God in ons, kry

hoop en nuwe lewe weer gestalte. Dit is wat, in terme van die metodologie van die kruissimbool, met die toppunt van die kruis verbeeld word. Dit is hoe die koninkryk van God gestalte vind. Hoop vir die toekoms maar ook hoop vir die hier en nou vind hul oorsprong in God.

Die term "Triniteit" word deur Tertullianus gebruik in sy dialoog met die Katolieke en Ortodokse tradisies. Hy probeer om die verband te stel tussen die verhouding in die Triniteit en die verhouding in die kerk. "For the Church is itself properly and principally, the Spirit Himself, in whom there is a Trinity of one divinity, Father, Son and Holy Spirit. He unites in one congregation that Church which the Lord said consists of three persons" (Volf 1998:197).

Volgens Zizioulas (Volf 1998:76) is die grondslag van die Trinitariese denke gelê deur die Griekse vaders, onder andere, Cappadosius, wat glo dat die wese van God en die persone van God hand aan hand loop. God is die oorsprong, asook die persoonlike oorsprong van die Seun en die Heilige Gees, en dit was alles uit sy vrye wil. God het die vryheid om te handel volgens sy soewereine wil. Dit maak Hom in sy wese ook God van die gemeenskap. God se keuse is dus om Homself bekend te maak en sigbaar te laat word in die Drie-eenheid. Volgens Zizioulas, kan geen persoon daarom sonder gemeenskap funksioneer nie (1998:76).

5.2.3 Die Triniteit bestaan in terme van verhoudings

Die Westerse denke verstaan persoonwees in individualistiese terme. 'n Persoon word gedefinieer in terme van fisieke faktore en nie volgens die verhoudinge waarin die persoon staan nie. Die persoonlikheid van die Triniteit, daarteenoor, word gemeet in terme van verhoudinge (Volf 1998:205):

> God's personhood is somehow defined as a community of persons who find their true being in relationships. In other words it is the relationships that exist between Father, Son and Holy Spirit, just as much as the separate beings in themselves, that truly define who God really is.

Volf (1998:205) verwys na Moltmann wanneer hy sê dat daar geen persone is as daar nie sprake van verhouding is nie, en omgekeerd. Hy beklemtoon die belangrikheid van verhoudings. Die implikasie van dié soort denke hou verreikende gevolge in vir die Christelike teologie, lewe en ervaring. Die trinitariese denke laat God na vore tree as die waaragtige lewende God. Dit laat geen ruimte vir 'n stagnerende konsep van God wat net

passief daar is en bestaan, nie. Wanneer ons trinitaries oor God dink, sien ons God as lewend en in ewige verhoudings, en in ewige gemeenskap (1998:205).

Die gemeenskap wat in die Triniteit bestaan, is die basis van die gemeenskap binne die menslike familie, binne die gesin, die gemeenskap maar, meer spesifiek, binne die kerk waar die Heilige Gees die agent en ook die medium van die gemeenskap is (Volf 1998:213).

Die kerk moet as gevolg van hierdie verstaan van die Triniteit ŉ oop ruimte wees waar daar ŉ gesindheid van verwelkoming behoort te wees. Dit is baie betekenisvol dat die gemeente van eenvoudige plaaswerkers iets van die misterie verstaan, vandaar hul ingesteldheid om selfs verwelkomend op te tree teenoor die vreemdelinge wat in ons poorte kom. Die gemeente is oorwegend Afrikaanssprekend en tog het hulle hul deure en harte oopgemaak vir mense van Lesotho en Zimbabwe. Taal het geen kunsmatige grens gemaak wat dié eenvoudige mense nie kon oorsteek nie. God werk binne die ruimte van verhoudinge, besonderlik ook in menslike verhoudinge. Wanneer ons verhoudinge bou en grense oorsteek, dan word God verheerlik.

5.2.4 Die gelykheid van die persone in die Triniteit

Die Konsilie van Nicea het die geloof in een God, een Here, een kerk en een doop bevestig (Link 1988:18). “Daar is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping, een Here een geloof een doop, een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in almal is” (Efes. 4:4-6). Die kerk van die tweede eeu het teenoor Marcion die geloof in die eenheid van God wat skep en verlos, bely. Arius was ŉ sterk voorstaander van die geloof in die eenheid van God, maar ten koste van Christus. Die Niceane het egter baie sterk geglo dat Christus, as die Here, aanbid moet word, dat die verlossing deur Hom kom en dat Hy essensieel tot die Godheid behoort. Tydens die Konsilie van Konstantinopel, is die gelykheid van die Heilige Gees met die Vader en die Seun bevestig. In die sakrament van die doop, word die gelykheid van die Drie-eenheid ook beklemtoon. Selfs in die kerk se aanbidding kom die gelykwaardigheid van die Triniteit sterk na vore. Sowel die kerk in die Weste as die kerk in die Ooste bely die eenheid van die drie goddelike gelykwaardige persone in die Triniteit: Vader, Seun en Heilige Gees (1988:19).

Ten opsigte van die gelykheid van die Triniteit is dit nogal insiggewend wat Miroslaf Volf (1998:217) sê: “Within a community of perfect Love between persons who share all the

divine attributes, a notion of hierarchy and subordination is inconceivable." In die bybelse verhale merk ons telkemale hoe die verskillende persone van die Triniteit se rolle en funksies beklemtoon word en ook hoe die een persoon van die Godheid aan die ander persoon eer gee. Die rol van die Vader staan uit by die Skepping, maar sowel die Woord as die Gees is teenwoordig en betrokke; die Seun is op die voorgrond in die werk van verlossing, maar die Vader en die Gees is betrokke; die Gees is op die voorgrond in die proses van geestelike groei en transformasie, maar die Seun en die Vader is ook teenwoordig en betrokke (Link 1988:21).

5.2.5 Die verhouding binne die Triniteit – *perichoresis*

Die term "*perichoresis"* word gebruik om die verhouding van die inwoning tussen elk van die persone van die Triniteit te beskryf. "It can be defined as co-indwelling, co-inhering, and mutual interpenetration" (McGrath 2001:325). *Perichoresis* behels dat die individualiteit van die persone in die Triniteit behoue bly, terwyl elke persoon in die lewe van die ander twee deel. "An image often used to express this idea is that of a 'community of being' in which each person, while maintaining its distinctive identity, penetrates the others and is penetrated by them" (McGrath 2001:325).

'n Sleutelgedeelte vir die verstaan van *perichoresis* is Joh 16:14, waar Jesus soos volg bid: "Father the hour has come; glorify your Son that the Son may glorify you."

> We see that the Son brings glory to the Father, the Father brings glory to the Son, and the Spirit brings glory to the Son. Such an understanding of glory exhibits the love expressed within the Godhead by the Father, Son and Spirit as they give glory to each other (McGrath 2001:325).

Die drie-enige God is die bron van lewe en oorsprong van die kerk. Die mens is geskape in die ewige gemeenskap van goddelike liefde en dit wat aan die mens 'n doelgerigtheid gee. Dit is juis hierdie inwoning, *perichoresis,* wat die beeld van God in die mens herstel (Gen. 1:26-28). Dan ontdek die mens sy missionale roeping in Christus en word sy mens-waardigheid herstel. God wil juis vir ons uitnooi om deur hierdie "dans" by Hom in te skakel en deel te word van wat Hy in die wêreld wil doen. Volgens Joh 17:21 is die inwoning van die Triniteit die model van liefde ook vir die kerk se lewe hier op aarde. Volf (1998:208) sê *perichoresis* verwys na begrippe soos 'n onderlinge gee en ontvang van wat in die Triniteit bestaan. Daar is ook sprake van interafhanklikheid, asook onderlinge inwoning; die een woon as 't ware in die ander een "mutually internal." Volf (1998:208) sê:

> This mutually internal abiding and interpenetration of the Trinitarian persons, which since Pseudo–Cyril has been called *perichoresis* determines the character both of the divine persons and of their unity

Volf (1998:209) se verstaan van die *perichoresis* sluit in dat die interafhanklikheid en die inter-inwoning nie die uniekheid en onderskeidbaarheid van die trinitariese persone in die gedrang laat kom nie; "*Perichoresis* is co-inherence in one another without any coalescence or commixture."

Die *perichoresis* verwys na "mutual indwelling." Teoloë is soms lief om die term met die metafoor van dans te verduidelik. Barth sê die metafoor van dans is deur Griekse teoloë gebruik om te verwys na die Triniteit (Peterson 2005:44). Barth "assert[s] that the divine modes of existence condition and permeate one another mutually with such perfection, that one is invariably in the other two and the other two are in the one" (2005:44). "That they may be all one even as thou, Father art in me, and I in thee, that they may also be in us" / "... dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het" (Joh. 17:21).

Volgens Peterson (2005) se boek, *Christ plays in 10,000 places,* is die tipe dans wat voorgestel word as ʼn volksdans, ʼn kringdans met drie deelnemers in die dans, soos die Amerikaanse skuurdans of ʼn Ierse *ceilidh*. Sodra die musiek begin, word hande gehou en in ʼn sirkel beweeg, hande word om die beurt verwissel en, soos die tempo van die musiek toeneem, neem die intensiteit van die dans ook toe.

> The tempo increases, the partners move more swiftly with and between and among one another, swinging and twirling, embracing and releasing, holding on and letting go. But there is no confusion, every movement is cleanly coordinated in precise rhythms (these are practiced and skillful dancers) as each person maintains his or her own identity (Peterson 2005:44).

Dit is die rede vir die eenheid in die kerk van ons Here Jesus Christus, gebaseer op die liefde van God wat in ons harte uitgestort is deur die inwoning van die Gees.

Daar is ʼn verskil in die "mutual indwelling" tussen die Trinitariese Persone en die gelowiges onderling. In die geval van die gelowiges is die gemeenskap nie dieselfde as by die Triniteit nie. Die saambindende faktor is die verbond. Die gelowiges kan die *perichoresis* naboots deur in verhouding met mekaar te leef, wat insluit ʼn doelgerigte wilsbesluit om met mekaar in gemeenskap te leef – die basis hiervoor behoort hierdie *perichoresis* te wees wat spruit uit die verhouding binne die Triniteit (Link 1988:21).

"Trinitarian Unity, therefore is the negation of all subordinationism and the refusal of all isolationism, separation or indifference towards others" (Link 1988:21). Die eenheid binne die Triniteit maak dit dus onmoontlik vir ons om in isolasie en afsydigheid teenoor mekaar te leef. Die eenheid behoort dus uitgebrei te word na iets wat sigbaar is.

> Each divine Person lives the life of the others and each divine Person lives not only with the others (co-existence) but also for the others (pro-existence). Local churches united in the image of the Trinitarian koinonia will each live the life of the others and will live the life of each, while yet keeping their specific gifts (Link 1988:21).

Trinitariese eenheid en *koinonia* verseker dat sowel eenheid as vryheid van elk, en van almal, gehandhaaf word op so 'n wyse dat dit nooit sal ontaard nie.

> ... that the unity never becomes subordination or totalitarianism, and the liberty never becomes isolation or selfish individualism. Thus the Life of the Church and the churches will bear witness among humanity to the mystery of the God who is Love (Link 1988:21).

Die tipe *koinonia,* "conciliar fellowship," wat tussen kerke vandag behoort te bestaan, moet 'n refleksie wees van die Trinitariese lewe en verhouding. Dit moet ruimte laat vir 'n meer deursigtige manifestasie van die gemeenskap van lewe en liefde wat Christene met die Trinitariese God beleef te midde van 'n wêreld wat gekenmerk word deur sonde, verdeeldheid, en 'n ernstige gebrek aan ware gemeenskap. Die enigste ware manier waarop ons as gemeente kan demonstreer dat ons in gemeenskap met die Triniteit leef, is dat daar 'n aktiewe deelname aan die dans van God sal wees; ons kan nie net toeskouers wees wat op 'n afstand aanskou wat God doen nie, nee *perichoresis* is 'n dans van deelname (Link 1988:21).

5.3 DIE *MISSIO DEI*

Die verstaan van die sending, as die sending van God, het eers teen die laaste helfte van die vorige eeu na vore getree. In die vorige eeue is sending op verskillende maniere verstaan, te wete: in soteriologiese, kulturele, en ekklesiologiese terme. Karl Barth was een van die eerste teoloë wat sending as die aktiwiteit van God beskryf het by die "Brandenberg Missionary Conference" in 1932. Dit is duidelik dat hy 'n noemenswaardige bydrae gemaak het om die nuwe verstaan van die sending te vestig. Barth was dus inderdaad die eerste duidelike eksponent van dié bepaalde sienswyse dat sending die sending van God is (Bosch 1991:389). Hy verwys hierna as die *missio Dei.*

Barth se invloed op missionêre denke het sy toppunt bereik by die Willingen Konferensie van die International Missionary Council in 1952. Hier het die gedagte van die *missio Dei* vir die eerste keer in die spel gekom. Dit was die verstaan dat sending voortspruit uit die

wesenlike aard of natuur van God. Daarom is dit binne die konteks van die Triniteit geplaas, en nie in die ekklesiologie of die soteriologie nie. David Bosch (1991:390) stel dit so:

> The classical doctrine on the *missio Dei* as God the Father sending the Son, and God the Father and the Son sending the Spirit was expanded to include yet another 'movement': Father, Son, and Holy Spirit sending the church into the world.

Daar is ŉ baie nou verband tussen die *missio Dei* en die denke oor die Triniteit. Volgens Willingen het die Kerk se sending geen lewe sonder die lewe wat die *missio Dei* van die trinitariese God in die sending van die Kerk inblaas nie. Willingen se beskouing is dat die lyn van die *missio Dei* deurgetrek kan word na die inkarnasie en die kruisiging van Christus. In 1953 is ŉ toespraak gelewer onder die titel, "The missionary obligation of the church," wat gepubliseer is onder die titel, *Missions under the Cross,* en wat die duidelike verband tussen die *missio Dei* van die Triniteit en die versoeningswerk van Jesus Christus toon (Bosch 1991:390).

Daar is verskeie skrywers wat ons help om die gedagte van die *missio Dei* beter te verstaan as die primêre eienskap van die trinitariese God, as van die missionêre God. Moltmann sê dit gaan nie regtig oor wat die kerk besig is om te doen nie, maar wel oor wat God aan die doen is in die wêreld. "It is not the church that has a mission of salvation to fulfil in the world; it is the mission of the Son and the Holy Spirit through the Father that includes the church" (Moltmann, in Bosch 1991:390). Die sending word beskou as die beweging van God na die wêreld en die kerk word beskou as die instrument van sending. "Mission is thereby seen as a movement from God to the world, the church is viewed as an instrument for that mission (Aagaard, in Bosch 1991:390). Volgens Aagaard (in Bosch 1991:390), bestaan die kerk omdat daar sending is en nie omgekeerd nie. Om deel te neem aan sending is om deel te neem aan die beweging van God se liefde teenoor mense – God is die bron van sturende liefde.

Die nuwe verstaan van die *misso Dei* is omhels deur bykans alle Christelike groeperings van Protestantisme (Bosch 1980:179), die Oosters-Ortodokse Kerk (Anastasios 1989:79-81), en Evangelies-gesindes (Costas 1989:71-87). Dit is ook onderskryf in die Katolieke sendingteologie, soos gereflekteer in die Tweede Vatikaanse Konsilie, 1962 tot 1965 (Aagaard 1974).

Dit is duidelik uit bogenoemde verklaring dat die kerk se missionêre identiteit begrond is in die *missio Dei* van die Trinitariese God. Die kerk behoort sy roeping vanuit dié raamwerk te verstaan. Die eenheid in die Triniteit en die *perichoresis,* wat binne daardie verhouding

van die Triniteit funksioneer, is die tipe verhouding wat in die kerk van die Here behoort te funksioneer. Dit moet ’n beslissende rol speel in die wyse waarop die kerk gestalte gee aan sy eie roeping. Ons behoort meer te reflekteer op die twee spesifieke aspekte van die Triniteit, naamlik die *missio Dei* en *perichoresis* wat ’n direkte invloed op die missionêre taak van die kerk het.

Die gemeente het nog nie naastenby die stadium bereik waar die fokus sterk genoeg val op wat God wil hê in sy kerk moet gebeur nie, maar dit word tog al meer sigbaar. Die gemeente word dan instrumenteel om ’n netwerk van verhoudinge te help skep sodat God binne daardie verhoudinge kan werk en verheerlik kan word. Ons word as gemeente opgeroep om in gemeenskap met die lewende opgestane Here Jesus te leef.

5.4 GEVOLGTREKKING

Die doel van dié hoofstuk was om ’n teologiese raamwerk daar te stel wat die gemeente se kerkraad kan volg om die reis na missionale transformasie doelgerig verder te voer. Die navorsingsvermoede is dat lidmate wat hul missionale roeping ontdek het en die kragtige werking van die Heilige Gees in hul midde ervaar het, die sleutel kan bied tot die herontdekking van hoop en nuwe lewe. Die vraag wat die navorser voortdurend vra is:

Hoe begelei ’n mens lidmate in ’n tipies-plattelandse gemeente, wat in armoede en ’n instandhoudingsbediening vasgevang is, om hul menswaardigheid in Christus te ontdek en te transformeer na ’n missionale gemeente wat fokus op God en sy agenda vir hulle en hul gemeenskap?

1. Die doel van dié hoofstuk was om ’n teologies-teoretiese raamwerk uiteen te sit waarvolgens die navorser, in terme van sy verstaan van Praktiese Teologie, die identiteit van die gemeente kan begrond in God se identiteit. Die basiese logika, volgens Genesis 1:26-28, is dat God die mens na sy beeld en gelykenis geskape het. Hierdie *imago Dei* vorm die hoeksteen van die navorser se verstaan van die mens-waardigheid van elke mens, ook waarop die mense van die VGK Gamtoosvallei berus.
2. In die transformasieproses waarna die navorser hunker, is die teologiese verstaan van verhoudings sentraal. Die verhoudings in die Triniteit bied die basis vir die verhouding tussen gelowiges onderling. Aan die hand van die Skrifgedeelte (Gen. 1:26-28) en die gedeelte oor die *perichoresis,* het die navorser getoon hoe die verhouding in die Triniteit werk, en hoe dit ons verhouding in die kerk raak.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3. Hierdie herstel van die mens se beeldskap en sy menswaardigheid vind plaas wanneer die mens in verhouding met God begin leef en in Christus sy missionale roeping ontdek, sodat hy by God se agenda met die wêreld kan inskakel in die *missio Dei*.
4. Die hoofstuk help om die ondersoek na die ware geestelike identiteit van die gemeente in die Triniteit te ontsluit.
5. Die volgende hoofstuk moet die navorser en die gemeente help om uit die groef van ŉ bestaansgerigte gemeente te beweeg na ŉ missionale gemeente wat deelneem aan wat God deur hulle in die omgewing wil doen.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 6

DIE TEORETIESE VERSTAAN VAN ’n MISSIONALE KERK

6.1 INLEIDING

Die doel van hierdie studie is om met behulp van ’n literatuurstudie riglyne neer te pen wat die kerkraad van die gemeente kan volg om die reis na missionale transformasie doelgerig verder te voer. Die navorsingsvermoede is dat lidmate, wat hulle missionale roeping ontdek het en die kragtige werking van die Heilige Gees in hulle midde ervaar het, die sleutel kan bied tot die herontdekking van hoop en ’n nuwe lewe. Die vraag wat die navorser voortdurend vra is:

Hoe begelei ’n mens ’n tipies-plattelandse gemeente, wat in armoede en ’n instandhoudingsbediening vasgevang is, om hul menswaardigheid in Christus te ontdek en te transformeer na ’n missionale gemeente wat fokus op God en sy agenda vir hulle en hul gemeenskap?

In terme van die prakties-teologiese raamwerk van hoofstuk 1, sal hoofstukke 6 en 7 die agtste stap hanteer. Dit gaan hier oor hoe die transformasie moet gebeur. In hoofstuk 6 val die klem op hoe ’n missionale gemeente behoort te funksioneer, dan fokus hoofstuk 7 op die belangrike leierskapstyle wat gevolg kan word op die reis na missionale transformasie.

6.2 MISSIONALE PATRONE VAN GESTUURDE GEMEENTES

Dit behoort die kerk se prioriteit te wees om sy gemeentes geestelik, moreel en materieel te versorg en te begelei om hul getuienis te gee, hul roeping te ontdek en hul gestuurdheid te kan uitleef. Die kerk se missionaliteit geniet die aandag en belangstelling van die kerk regoor die hele wêreld. Die boeke van DL Guder *et al*. (1998), *Missional church,* en LY Barrett *et al.* (2004), *Treasures in clay jars,* het ’n groot bydrae gelewer tot die navorser se persoonlike verstaan van die missionale kerk. In albei boeke help ’n span navorsers gemeentes om te sien hoe lyk ’n missionale gemeente wat hul roeping van gestuurdheid ten volle verstaan en van harte kan uitleef.

Aan die hand van 2 Korintiërs 4, gee Lois Barrett, die redakteur van die boek, *Treasures in clay jars*, ’n beskrywing van hoe gestuurde gemeentes eienskappe van “gebreekte

kleipotte" vertoon. Die volgende afdeling gee ŉ kort opsomming van die agt patrone waarna die toepassing daarvan in die VGK Gamtoosvallei bespreek sal word.

6.2.1 Patrone vir gestuurde gehoorsaamheid

Die onderstaande agt patrone vorm deel van ŉ gestuurde gemeente. Dit is hoe die missionale denkpatroon van ŉ gestuurde gemeente bepaal kan word en is gebaseer op die navorsing wat ŉ groep navorsers in verskillende missionale gemeentes gedoen het. Hul bevindinge is van onskatbare waarde vir die kerk wat op weg is na gestuurde gehoorsaamheid. Die navorsers is die volgende persone 1) George R Hunsberger, 2) Darrell L Guder, 3) Lois Y Barrett, 4) Dale A Ziemer, 5) Linford L Stutzman, 6) Walter C Hobbs, en 7) Jeff van Kooten (Barrett 2004:vi-vii).

Patroon 1. ŉ Gestuurde roeping - 2 Korintiërs 4:1

> God het Hom oor ons ontferm en hierdie bediening aan ons opgedra.

As gevolg van ŉ proses van geestelike onderskeiding, ontdek die gemeente saam, in die teenwoordigheid van die Triniteit, dat hulle deur God geroep en gestuur word na die wêreld in nood. Die kerk is God se instrument om die wêreld te bereik. Die sukses van die kerk se missionale gerigtheid word gemeet aan sy gehoorsaamheid aan God se roeping, en nie bloot aan die instandhouding van die kerk se eie visie nie. Die gemeente ervaar ŉ luisterproses om in geloof te onderskei wat God se wil en roeping vir die gemeente is (Barrett 2004:33).

Patroon 2. Bybelse vorming en dissipelskap - 2 Korintiërs 4:13,16

> Ons het dieselfde Gees wat die geloof wek …. Daarom gee ons nie moed op nie, maar al vergaan ons uiterlike mens ook, nogtans word die innerlike mens dag na dag vernuwe.
>
> Becoming a missional congregation can be described as a process of biblical formation and discipling. ... the missional church is a community where all members would be involved in learning to become disciples of Jesus (Barrett 2004:59,60).

ŉ Missionale gemeente is ŉ geloofsgemeenskap waarin lidmate gevorm word tot ware volgelinge - tot dissipels van Jesus. Die Bybel is die rigtinggewende bron en norm wat in die vorming van die dissipels gebruik word. Die beskouing van lidmate in ŉ missionale gemeente is nie dié van lidmate wat primêr aangewend word net om die gemeente finansieel in stand te hou nie, maar om as dissipels in gemeenteverband hul roeping in die wêreld uit te leef (Barrett 2004:61).

Patroon 3. Neem risiko's as 'n kontrasgemeenskap - 2 Korintiërs 4:3-4,8-9

> Hulle is die ongelowiges wie se verstand deur die god van die wêreld verblind is … In alles word ons verdruk … maar nie vernietig nie.

Die gestuurde gemeente leer om, ter wille van die evangelie, die uitdagings te aanvaar en die risiko's te neem. Die kerk van die Here is anders as die wêreld, as gevolg van haar deelname in die lewe, en die Here Jesus Christus se sterwe en opstanding. Hierdie andersheid maak dat die gemeente dikwels in skrille kontras tot die wêreld staan, veral as dit kom by kerklike, kulturele en sosiale vraagstukke.

Die gemeente staan in 'n verhouding met die opgestane Heiland, daarom is sy ook in 'n worsteling betrokke om die interne asook die eksterne weerstand te kan hanteer:

> These congregations seem to be living by a set of rules different from that of the dominant culture. Their priorities are different. They act against the common sense. They are trying to conform to Jesus Christ rather than to the surrounding society (Barrett 2004:75).

'n Missionale gemeente sal dit dus nie moeilik vind om die risiko te loop om as anders geëtiketteer te word nie, inteendeel, dit sal die gemeente trots maak om Christus so na te volg (Barrett 2004:75).

Patroon 4. Praktyke wat God se bedoeling vir die wêreld demonstreer - 2 Korintiërs 4:2

> Ons vermy praktyke wat nie die lig kan verdra nie … ons maak die waarheid openlik bekend en beveel ons so aan by elkeen.

'n Missionale gemeente word uitgedaag om in hul dag-tot-dag lewe as 'n geloofsgemeenskap God se bedoelinge met die wêreld te demonstreer. Dit is hoe die gelowige behoort te leef, maar dit is ook hoe God wil hê dat die wêreld moet leef. Op dié manier word die lewe as 'n geloofsgemeenskap 'n voorsmakie van die Koninkryk van God.

> This visible community exists not for itself, but for God's mission – to be the sign and foretaste of God's reign of justice, freedom and love. These patterns or Christian practices are communal or social in nature. They contribute essentially to the missional character of the congregation, for they are rooted in the gospel and offer a redemptive contrast to the social patterns of the dominant culture (Barrett 2004:85).

In Handelinge word hierdie manier van leef in die kerk gedemonstreer, en behoort so uitgeleef te word in enige missionale gemeente, naamlik sorg, versoening, liefdevolle verantwoordelikheid vir mekaar en gasvryheid (Hand. 2:37-47; 4:32-37). 'n Gestuurde gemeente behoort te alle tye so teenoor mekaar op te tree sodat hulle die lig vir die wêreld kan wees.

Patroon 5. Aanbidding as openbare getuienis - 2 Korintiërs 4:5-6

> Ons verkondig nie onsself nie, maar Jesus Christus as die Here, en onsself as julle diensknegte om Jesus wil. Want God wat gesê het dat daar uit die duisternis lig moet skyn, dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus.
>
> If worship is a kind of public intervention, an acknowledgement of God's purposes, so also is the church's public witness. Worship motivates and permeates public action, for it is an encounter with God who both calls his people out of the world and sends them into it (Barrett 2004:113).

'n Missionale gemeente beskou aanbidding as 'n geleentheid vir getuienis en 'n oop uitnodiging aan diegene wat buite hierdie genade staan, om deel te word van die geloofs-gemeenskap.

Die geloofsgemeenskap gee, deur middel van aanbidding, uitdrukking aan die vreugde en die dankbaarheid waarmee hulle God se teenwoordigheid en sy koninkryk wil beleef en vier. Dit is dus nie net 'n verre toekomstige vooruitsig nie, maar 'n belewenis vir die hier en nou, sodat hulle wat buite die geloofsgemeenskap is ook kan voel dat God hulle nie uitsluit nie, maar wil laat deel in die genade.

Patroon 6. Afhanklikheid van die Heilige Gees - 2 Korintiërs 4:7b

> Die krag wat alles oortref kom dus van God, nie van ons nie.

'n Gestuurde gemeeente van God leef elke dag in biddende afhanklikheid van die Here. Hulle skroom nie om hul diepe afhanklikheid van die Heilige Gees te bely nie. Hulle is altyd deeglik bewus dat hulle vanuit die krag van die Heilige Gees moet leef in dit wat hulle getuig en doen. "The missional church is incapable of fulfilling its call, save for guidance from the Spirit of God and for the Spirit's empowerment of the church's witness to that reality" (Barrett 2004:119).

'n Missionale gemeente maak dus nie op eie krag staat nie, die energie waarmee hulle werk, is die krag van die Heilige Gees. Gestuurde gemeentes leef met die houding en ingesteldheid van diepe geloofsafhanklikheid. Hulle is geheel en al op God gewerp en beleef dikwels God se wonderlike ingryping in situasies. Hulle glo nie net in wonderwerke van God nie, hulle beleef hul geloofservaring as een groot wonderwerk en 'n bewys van die kragtige werking van die Heilige Gees (Barrett 2004:119).

Patroon 7. Die gemeente wys heen na God se heerskappy - 2 Korintiërs 4:17-18

> Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op ʼn heerlikheid wat alles verreweg oortref ….

ʼn Missionale gemeente verstaan dat God hulle roep en wil gebruik om getuies te wees van sy Koninkryk. Die kerk is die agent van die roeping om draers van die evangelie van God se heerskapy te wees. “The mystery reign of God is at the heart of the gospel. The mission of the apostolic church clearly centers on the proclamation and demonstration of the in–breaking reign of God.” “One evidence that missional transformation is happening would be the awareness that the church is as yet a flawed witness to the kingdom of God” (Barrett 2004:127,128).

ʼn Gestuurde gemeente is voortdurend bewus dat haar identiteit, aktiwiteit en kommunikasie heenwys na die heerskappy van God. Die gemeente is ook deurlopend bewus van haar eie gebrokenheid en beperkinge, dat haar leefstyl beperkend, onvolledig en onvolmaak is, derhalwe moet haar bekering as ʼn voortdurende noodsaaklikheid plaasvind. Dié gemeentes arriveer nooit, maar is voortdurend aan die beweeg, met die versugting om daagliks deur die Gees vernuwe te word sodat hul leefwyse wat God se heerskappy vertoon toenemend in hulle sigbaar sal word.

Patroon 8. Gestuurde gesag - 2 Korintiërs 4:5

> Ons verkondig nie onsself nie, maar Jesus Christus as die Here, en onsself as julle dienaars ter wille van Jesus.

Die Heilige Gees werk in die kerk deur die gesag van gemeentelike leiers wat self ondergeskik aan die leierskap van die Triniteit werk. Die roeping kom van God af en die Heilige Gees rus die leiers toe met krag uit die hoogte. ʼn Missionale gemeente verstaan dat die voortreflikheid van die krag uit God is en dat ook die leierskap maar net erdekruike is wat vol krake van menslike beperkinge en onvolmaakthede is.

> The authority of those who steer the church must be under the authority of Jesus the Lord as servants or even slaves. Those who lead have submitted their will to God’s will. They lead not for their own benefit or for praise, but for the sake of the reign of God (Barrett 2004:141).

Leierskap word nie as ʼn gesagsposisie beskou nie, maar as ʼn roeping van God aan sy gestuurde gemeente. Leiers se funksie is nie ʼn bestuursfunksie nie, maar om geloofs-onderskeidend die wil van die Here vir die gestuurde gemeente en vir hulself te ontdek, en oor hoe hulle, as gemeente en as leiers, die roeping van God kan uitleef. Gestuurdheid gaan dus nie net oor geestelike aktiwiteite en uitreikings nie, maar oor alles wat die kerk is

en doen. Volgens Lesslie Newbigin is daar drie elemente in hierdie gesagstruktuur: 1) ’n geloofsgemeenskap; 2) ’n tradisie van lering; en 3) ’n voortsetting van die werk van die Heilige Gees (Barrett 2004:141).

6.2.2 Toepassing van die patrone in die Gamtoosvallei

Die riglyne wat in die VGK Gamtoosvallei op die reis na missionale transformasie gevolg sal word, is soos volg.

In die VGK Gamtoosvallei sal begin word om ’n kultuur van luister by die kerkraad te kweek. As die kerkraad dit onder die knie het, moet dit vir die gemeente geleer word. Ons sal leer om geloofsonderskeidend na God te luister, sodat ons ons roeping van gestuurdheid na die wêreld kan ontdek. Ons sal ook leer wat dit beteken om ’n ware dissipel te wees wat in geloofsgehoorsaamheid na die Bybel as enigste norm vir ons lewe gryp. Die VGK Gamtoosvallei sal ook leer om, in diepe afhanklikheid van God, elke uitdaging wat voor ons kom aan te gryp. Deur ons lewe en ons voorbeeld sal ons demonstreer wat God se bedoeling met ons gemeenskap en ook met die wêreld is. Die VGK Gamtoosvallei wil aanbiddingsgeleenthede so benut dat dit ’n oop uitnodiging sal wees vir hulle wat nog buite die genade van God staan. Ons wil daagliks in biddende afhanklikheid van die Heilige Gees leef en ons gestuurdheid na die wêreld ons prioriteit nommer een maak. Deur ons openbare getuienis, wil die VGK Gamtoosvallei God se heerskappy van ons lewens erken. Die leraar, kerkraad en gemeente van die VGK Gamtoosvallei wil elke dag tot eer van God leef en sy gesag op ons lewens erken en verstaan.

Daar ís al gestaltes hiervan in die gemeente teenwoordig. Die gemeente se spontane uitreik na, en versorging van, Zimbabwiese en Lesotho vreemdelinge, is ’n duidelike demonstrasie van patrone 3 en 4. Hulle het uitgereik na vreemdelinge en hulle ontferm oor die haweloses. Dit het nie elders gebeur nie en was ’n demonstrasie van risiko’s neem en van God se ontfermende liefde.

6.3 ’n DEFINISIE VAN ’n MISSIONALE GEMEENTE

Die doel van so ’n definisie is om by die kerkraad en gemeente ’n helder begrip te vestig vir wat, en hoe, so ’n gemeente is. Dit skep ’n duidelike ideaal en droom en is waarheen ons op pad is. Die navorser hoop dit sal lidmate wat hul missionale roeping in Christus ontdek het, help om hul roeping met menswaardigheid uit te leef en by God se agenda met hierdie gebroke wêreld in sy nood in te skakel. Die einddoel is om dié arm gemeente, wat

in ŉ instandhoudingsgerigte bediening vasgevang is, te laat transformeer na ŉ missionale gemeente.

Die beste manier om ŉ missionale kerk te definieer en te identifiseer, is om die teks in Handelinge wat die vroeë kerk se leef en werkswyse beskryf, te analiseer.

Die sending van God, of die *missio Dei,* is die sentrale fokus van ons verstaan van ŉ missionale kerk. Die vraag is dus nie: Wat doen die kerk? nie, maar, Wat doen God in die kerk en waar kan ons by God aansluit in wat Hy reeds mee besig is? Die kerk is dus God se instrument vir sending. "We have accepted the definition of the church as God's instrument for God's mission convinced that this is scripturally warranted" (Guder 1998:8).

Die missionaliteit van ŉ gemeente word nie gemeet aan missionale aktiwiteite nie, maar is geleë in die Bybel se ekklesiologiese verstaan van wat die kerk is en doen ten opsigte van die *missio Dei* van God in die wêreld. Die kerk bestaan dus nie vir homself nie, maar om deel te neem aan wat God doen in terme van sending en versoening. In die voorwoord van haar boek, *Treasures in clay jars*, sê Lois Barrett (2004:x):

> Mission is the character of the church in whatever context it exists. A missional church is a church that is shaped by participating in God's mission which is to set things right in a broken sinful world to redeem it, and to restore it to what God has always intended for the world.

ŉ Missionale gemeente laat die *missio Dei* voorop staan en laat dit oorheers - van die punt van aanbidding tot by getuienislewering en dissipelskap-opleiding vir sy lidmate. Die kerk moet die sending van God in die wêreld beliggaam. Elke gemeente is dus ŉ gestuurde gemeente. Prof Malan Nel sê: "Gemeentes is gawes van God aan die wêreld." Brian McLaren sê, "Elke Christen is ŉ sendeling en elke plek ŉ sendingveld" (Niemandt 2007:149). Die kerk sal alleenlik die wêreld kan verander as dit sy uitkyk op, en sy verstaan van, kerk wees verander. Alles gaan oor die deelname in God se *missio Dei*. Dit is God self wat ons nooi om deel van die dans te wees. God wil die werk doen, maar Hy nooi ons om deel te neem aan dit wat Hy in die wêreld wil doen.

Wanneer ons praat van wat God aan die doen is in ons eie omgewing, is dit nodig om te let op wat Nelus Niemandt (2007:150) in sy boek, *Nuwe drome vir nuwe werklikhede,* sê. Hy gebruik die term "liquid church" – vloeibaarheid - as hy missionêre gemeentes se sensitiwiteit vir die spesifieke konteks waarin hulle hulself bevind, wil beklemtoon. Niemandt (2007:150) het die volgende insiggewende lys van waardes wat rigting gee aan

die vloei van die boodskap wat ons wil uitdra. Dit vorm die rivier waardeur die stroom van God se genade na die wêreld vloei.

Lewe as ŉ geloofsgemeenskap
Oop en plat leierskap strukture
Deelname deur al die lidmate
ŉ Sin vir avontuur en bereidheid om risiko's te neem
Vloeibaarheid en plooibaarheid met minder klem op strukture
Aanbidding wat klem lê op ervaring, deelname en die kunste
ŉ Sin vir geregtigheid
Deernis met mense in nood
Waardering vir diversiteit met behoud van die klem op eensgesindheid.

Vir die navorser is ŉ missionale gemeente die volgende:

- ŉ Missionale gemeente is in werklikheid ŉ gemeente wat sonder vrees uitdrukking gee aan wat hulle met absolute oortuiging glo en van harte aanvaar.
- ŉ Missionale gemeente glo dat die sending van die kerk, die *missio ecclesiae,* voortvloei uit die wese van die sending van die Triniteit - die *missio Dei*.
- ŉ Missionale gemeente glo dat die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, met sy sending die omvattende heil van die totale mens in al sy dimensies wil bring. God se liefde en deernis is deurgaans die dryfkrag agter al sy verlossingsdade.
- ŉ Missionale gemeente glo dat God deur sy Heilige Gees ons in die wêreld wil stuur om dissipels te maak van al die nasies.
- ŉ Missionale gemeente glo dat elke lidmaat deel moet wees van wat God in die wêreld wil doen. Elke lidmaat behoort dus ŉ sendeling te wees.
- ŉ Missionale gemeente het die uitdaging aanvaar om ŉ paradigmaskuif te maak van ŉ modernistiese instandhoudingsmodel van kerk wees na ŉ nuwe era van missionale geroepenheid en gestuurdheid.

Milfred Minatrea beskryf ŉ missionale gemeente so: "... as ŉ geloofsgemeenskap wat ware dissipels vermenigvuldig, toerus en as God se sendelinge die wêreld instuur om sy koninkryk in die wêreld te leef en te verkondig" (Niemandt 2007:147).

Die hele gedagte van ŉ missionale gemeente begin dus by God en werk weer terug na Hom, omdat sy gestuurdes na die wêreld gaan om daar tot sy eer te leef en te werk sodat die koninkryk kan kom en dat Hy verheerlik kan word.

Ten slotte: ŉ Missionale gemeente volg die Triniteit op die reis na missionale transformasie. Deur in te skakel by God se agenda, leef hulle hul menswaardigheid en roeping in die gemeenskap uit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.4 DIE MISSIONALE GEMEENTE: GESTUURDHEID, GEMEENTEBOU EN *MISSIO DEI*

As ŉ alternatiewe geloofsgemeenskap, handhaaf die kerk sy roeping van gestuurdheid ten opsigte van die wêreld. Die fokus is dus nie op gemeentebou, soos wat dit tradisioneel die kerk se uitgangspunt was, wat op groei ingestel was nie. Vanuit ŉ missionale perspektief gesien, is die kerk ŉ apostel vir die wêreld, Jesus self stuur ons, soos die Vader Hom ook gestuur het, na ŉ gebroke wêreld in sy nood. Daar is ŉ radikale verskil tussen gemeentebou en ŉ gestuurde teologie.

Volgens die handleiding van die SAVGG (2009:117), kan ons die volgende belangrike verskille tussen gemeentebou en ŉ gestuurde teologie onderskei:

1. Die vertrekpunt by gemeentebou is heeltemal anders as by die gestuurde teologie. Gemeentebou se vertrekpunt is antroposentries en strategies. Die gestuurde teologie vertrek vanaf die teologie van ŉ trinitariese verstaan van die *missio Dei* (SAVGG 2009:117). God se gestuurde gemeente is dus ingestel op betrokkenheid saam met God in die *missio Dei*. Daarom gaan dit nie oor getalle en oor uitbreiding nie, maar oor gestuurdheid; met ander woorde, om apostels vir die wêreld te wees. Dit gaan dus nie oor die kerk nie, maar oor die Koninkryk van God.
2. Gemeentebou leun baie swaar op die menslike vermoë om te reflekteer en ŉ strategie te ontwikkel, terwyl daar by die gestuurde teologie ŉ groter bewussyn van afhanklikheid van die Gees is. Dit is onnodig om die twee teenoor mekaar te stel, aangesien antropologie en pneumatologie nie teenoor mekaar gestel behoort te word nie (SAVGG 2009:117). Dit is belangrik om die gebrek aan afhanklikheid van die Gees by gemeentebou in die uitleef van die roeping te identifiseer. Dit gaan in gemeentebou oor die mens se verstaan en die realisering van die “groot opdrag.” Gemeentebou sien gebed as voorbidding, terwyl die gestuurde teologie dit sien in die konteks van geloofsonderskeiding.
3. By gemeentebou sou die vraag wees: Hoe help ons gemeentes om te groei? Deur die praktiese toepassing van evangeliese waarhede. Die gestuurde teologie begin by die vraag na die aard van die Evangelie en die vraag na die wese van God self, en hoe gemeentes dit kan beliggaam (SAVGG 2009:117). In die gestuurde teologie val die klem op die stories van God se bedoelinge, terwyl gemeentebou die klem laat val op voorveronderstelde waarhede. By missionale teologie gebeur sending deur die

verrassende werking van die Gees van God en die vestiging van ŉ betroubare geloofsgemeenskap, terwyl dit by gemeentegroei kom deur strategiese beplanning.

4. "Gestuurde Teologie is bewus daarvan dat ons nie met strategiese beplanning kan voorspel hoe die Drie-enige God sy missie realiseer nie" (SAVGG 2009:117). "Gestuurde Teologie praktiseer die soewereiniteit van God deur geloofsonderskeiding, terwyl gemeentebou die gawes van gelowiges kreatief mobiliseer" (2009:117).
5. "Een van die belangrikste punte van onderskeid tussen gemeentebou en gestuurde teologie is hoe daar oor geloofsgemeenskap gedink word. Gemeentebou laat die klem val op die uniekheid van bevolkingsgroepe in die kontekstualisering van die evangelie. Die gestuurde teologie, aan die ander kant, glo dat die evangelie sosio-ekonomiese, generasie, taal en rasgrense deurbreek" (SAVGG 2009:117). God stuur dus die gemeente om nuwe geloofsgemeenskappe te vestig oral waar Hy hulle stuur om grense oor te steek.
6. In gestuurde teologie is evangelisasie en dienswerk in die gemeenskap nie teenoorstaande nie, maar daar word geglo dat albei in die holistiese missie van God na die wêreld inpas. Gemeentebou is geneig om te reageer op die sogenaamde Social Gospel, en oorbeklemtoon evangelisasie as die primêre taak van die kerk (SAVGG 2009:117).
7. ŉ Baie belangrike onderskeid tussen gemeentebou en die gestuurde teologie is hoe daar oor mag gedink word, of die posisie van die kerk in die samelewing. "Gemeentebou is nie noodwendig negatief teenoor die invloed van die Christendom in die kerk nie. Daarom is die verandering wat Gemeentebou bepleit eintlik tegniese verstellings, om beter te kan funksioneer as kerk, terwyl Gestuurde Teologie ŉ identiteitstransformasie vir die kerk in die oog het" (SAVGG 2009:117).

6.5 GEVOLGTREKKINGS

Die doel van hierdie navorsing is om, met behulp van ŉ literatuurstudie, riglyne neer te pen wat die kerkraad van die gemeente kan volg om die reis na missionale transformasie verder te voer. Die navorsingsvermoede is dat lidmate wat hulle missionale roeping ontdek het en die kragtige werking van die Heilige Gees in hul midde ervaar het, die sleutel kan bied tot die herontdekking van hoop en nuwe lewe. Die vraag wat die navorser voortdurend vra is:

Hoe begelei ’n mens lidmate in ’n tipies-plattelandse gemeente, wat in armoede en ’n instandhoudingsbediening vasgevang is, om hul menswaardigheid in Christus te ontdek en te transformeer na ’n missionale gemeente wat fokus op God en sy agenda vir hulle en hul gemeenskap?

Die antwoord op hierdie vraag behels dat die leierskap die gemeente se ware identiteit herontdek. In hoofstukke 5 en 6 is die basisteorie uitgespel van wat ’n missionale gemeente is. In terme van die studie se prakties-teologiese metodologie, verduidelik die kruissimbool dat die verstaan van God se identiteit wesenlik is tot die verstaan van die identiteit van die kerk en alle aspekte van menswaardigheid. Hierdie hoofstuk het by die konsep van die *missio Dei* aanknoping gevind. In sy wese, is God ’n sendende God en, as sodanig, is dit die enigste identiteit wat kerk en mens menswaardig maak. Dié hoofstuk het gevolglik aspekte van ’n kerklike missionale identiteit uitgespel.

Die doel van die hoofstuk is om ’n prakties-teologiese raamwerk daar te stel wat handel oor missionale transformasie.

Die missionale patrone in gestuurde gemeentes wat gebaseer is op die boeke van DL Guder *et al.* (1998)*, Missional church,* en LY Barrett *et al*. (2004), *Treasures in clay jars,* het ’n groot bydrae gelewer tot die navorser se verstaan van hoe ’n missionale gemeente lyk wat hul roeping van gestuurdheid ten volle verstaan en van harte uitleef.

Die hoofstuk het die riglyne uiteengesit wat die VGK Gamtoosvallei gaan volg op hulle eie reis na missionale transformasie.

Die doel met ’n missionale definisie is om die hipotese van die navorsing te bewys: **Die navorser se vermoede dat die lidmate wat hulle missionale roeping ontdek het en die kragtige werking van die Heilige Gees in hulle midde ervaar het, die sleutel kan bied tot die herontdekking van hoop en nuwe lewe.**

Die ontsluiting van hul missionale roeping sal die tipies-plattelandse gemeente, wat in armoede en ’n instandhoudingsbediening vasgevang is, begelei om hul menswaardigheid in Christus te ontdek en te transformeer na ’n missionale gemeente wat fokus op God en sy agenda vir hulle en hul gemeenskap.

Die *missio Dei* konsep is die sentrale fokus van ons verstaan van ’n missionale kerk. Die vraag is dus nie: Wat doen die kerk? nie, maar, Wat doen God in die omgewing en waar kan die kerk by God aansluit in wat hy doen?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die volgende hoofstuk sal die klem val op missionale transformasie en die ontwikkeling van missionale leierskap.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 7

LEIERSKAP

7.1 INLEIDING

Die doel van hierdie studie is om, met behulp van ’n literatuurstudie, riglyne neer te pen wat die kerkraad van die gemeente kan volg om die reis na missionale transformasie doelgerig verder te voer. Die navorsingsvermoede is dat lidmate wat hulle missionale roeping ontdek het en die kragtige werking van die Heilige Gees in hulle midde ervaar het, die sleutel kan bied tot die herontdekking van hoop en ’n nuwe lewe. Die vraag wat die navorser voortdurend vra is:

Hoe begelei ’n mens lidmate in ’n tipies-plattelandse gemeente, wat in armoede en ’n instandhoudingsbediening vasgevang is, om hul menswaardigheid in Christus te ontdek en te transformeer na ’n missionale gemeente wat fokus op God en sy agenda vir hulle en hul gemeenskap?

In terme van die prakties-teologiese raamwerk, is ons in hoofstuk 7 steeds besig met die agtste stap, naamlik transformasie. Hierdie hoofstuk gaan om die missionale leierskap. In die vorige hoofstuk het ons gekyk na hoe ’n missionale gemeente behoort te lyk; nou kyk ons na die leierskap wat die gemeente op die reis na transformasie moet begelei.

7.2 MISSIONALE LEIERSKAP

In die lig van die vorige hoofstuk oor hoe ’n missionale gemeente behoort te lyk, sal ons in dié hoofstuk kyk na ’n baie belangrike sleutel tot missionale transformasie, naamlik leierskap en dan spesifiek missionale leierskap (Guder 1998:183). Die kerk se missionale roeping is om die wêreld terug te wen na God. Die kerk kan geen ander bestaansdoel hê anders as om God se ewige voorneme met die wêreld te vervul nie, en om Jesus se liefde, wat versoening bewerk het, uit te leef nie. Die Here wil deur die kerk sy heerskappy in die wêreld laat geld. Deur die gawe van leierskap, kan God bekwame leiers toerus vir hul dienswerk in missionale transformasie.

> Leadership is a critical gift, provided by the Spirit because as the Scriptures demonstrate, fundamental change in any body of people requires leaders capable of transforming its life and being transformed themselves (Guder 1998:183).

Die VGK Gamtoosvallei gemeente se konteksontleding wys dat daar ŉ leemte bestaan ten opsigte van goedtoegeruste en bekwame leierskap om die gemeente te begelei op die weg na missionale transformasie.

Aangesien missionale leierskap so ŉ kritieke en belangrike rol speel, is dit nodig om eers te begin by ŉ definisie van wat missionale leierskap is. "Missionaal" verwys na die *missio Dei.* Die gestuurdheid van God dwing ons om ons verstaan van die kerk te herdefinieer. Die kerk is God se gestuurde mense. Sommige mense glo dat die kerk die instrument van God se sending in die wêreld is sodat die kerk daardeur kan groei. Dié sienswyse is nie ŉ korrekte verstaan van die *missio Dei* nie. Dikwels word gesê dat "die kerk ŉ sending het," maar ŉ meer korrekte stelling sou wees, "die sending het ŉ kerk."

Die predikant en die kerkraad is die sleutelpersone wat leierskap aanbetref, dan kom die gewone lidmate wat ook missionale leierseienskappe besit, of by wie daar leierskapontwikkeling kan plaasvind (Efes. 4:11-14). Dit is belangrik dat by die rol van die predikant begin word. Indien sy ingesteldheid nie reg is nie, sal ŉ kerkraad of ŉ gemeente kwalik op ŉ pad van missionale transformasie gelei kan word. "Such leadership through the agency of the Holy Spirit, works to create a people whose life is a witness to Jesus Christ" (Guder 1998:184).

Predikante het die verantwoordelikheid om met integriteit hul roeping en taak as geestelike leiers te vervul. Die veranderende situasie in die kerk van die 21ste eeu bring mee dat predikante se opleiding ook aanpasbaar moet wees. Teologiese opleiding moet ŉ gesonde teologiese grondslag lê. Predikante moet sensitief kan leiding gee en moet die gemeente by God se *missio Dei* kan laat inskakel. "Hulle kan dit nie sonder jou, die predikant as deel van die geestelike leierspan, doen nie" (SAVGG 2009:25).

Predikante, wat missionaal dink, het deel geword van die geestelike dans om aan te sluit by die punt waar God aan die werk is. Hulle is persoonlike navolgers, maar ook ware dissipelmakers. Hul taak is om lidmate geestelik toe te rus, te mobiliseer, en om die Christelike verbeelding van die taakspan en leierskap te stimuleer (SAVGG 2009:25).

Die predikant het ŉ belangrike profetiese rol om mense God se Woord te laat hoor.

God moet inderdaad aan die woord kom om mense van alle ouderdomme te leer om geloof in God te beoefen en om volgens die Woord hul lewens in te rig.

Die rol van die predikant is ook om ŉ priester te wees, eerstens in sy eie huis, én in die huis van God. Dit behels dat hy mense moet bystaan in hul nood en pyn. In die taal van die Belhar belydenis, behels dit om te staan waar God staan . Die nood van mense moet nie die predikant koud laat nie; dit moet hom noop om hulle te begelei en hulle met raad en daad by te staan.

Die predikant moet, volgens die Woord van God en die formulier van bevestiging, ook sy herderlike taak dienend uitvoer. Om te dien moet nie vernederend wees nie, maar koninklik. Die predikant moet sy deelname aan die missionale roeping van die kerk beskou as ŉ koninklike diens, as dienende leierskap, wat die koninkryksvisie van die kerk vorentoe laat beweeg.

Indien die ingesteldheid van die predikant reg is, kan hy sy gemeente help om te groei en te ontwikkel in ŉ geesvervulde missionale gemeente wat in gehoorsaamheid aan God wil leef en in geloofsgehoorsaamheid die wil van God nastreef.

Die predikant moet die voorloper wees en, in gehoorsaamheid aan die Here van die kerk, moet die kerkraad en gemeente die predikant volg - as geestelike leier van sy span – God se span. Jesus se leierskap was ŉ soort leierskap onder die heerskappy van God. “Therefore missional leadership requires a spirituality that lives in close relationship with and reliance on the directions of the Father through the Spirit” (Guder 1998:186).

Deurdat die predikant in sy eie wandel met God groei en tyd spandeer met God, kan hy ook hierdie waardevolle geestelike gewoontes by sy lidmate kweek (SAVGG 2009:25). “The practice of regular spiritual disciplines (the ecclesial practices) is essential for such a life in Christ’s footsteps” (Guder 1998:186).

Die leier moet weet wat dit beteken om in spanverband te kan werk, want die taak van ŉ gestuurde is nie net die taak van ŉ oorwerkte leier nie, maar dit is die taak van die kerk. Hy moet altyd deel van die span wees om sodoende die span behoorlik te lei na die doel waartoe God self hulle geroep het. ”Neem deel as lid van die taakspan. Wees verkieslik die sekretaris - dit is ŉ geleentheid om die taakspan op die pad te hou” (SAVGG 2009:25).

Die leier moet, deur fyn ingesteldheid op die Here en ŉ diepe gees van onderskeiding, weet om geleenthede reg te benut, veral eredienste, bidure en Bybelstudies, om aan die leierskap en die gewone lidmate die belangrike beginsels van God se sending te leer. Die uitleef hiervan is egter van groot belang om gestuurde teologie te verduidelik en uit te leef (SAVGG 2009:25). Leraars moet lei deur hul eie voorbeeld van gestuurdheid.

Te dikwels word die leier se aandag afgelei van die missionale roeping en word sy lewe oorweldig met ŉ oorlading van take en nogmaals take, net om sy gestuurdheid as leier te belemmer. "Verkort jou lang lys van take wat gedoen moet word en fokus op gestuurdheid" (SAVGG 2009:25).

ŉ Missionale predikant of leier ken sy gemeente en sy gemeenskap. Hy weet wie is die mense wat groot invloed het, en wat maklik in ŉ netwerk gebruik kan word om andere ook te mobiliseer - in besonder diegene wat hulself nie so maklik oor die weg kan help nie.

Predikante wat die vermoë het om stilweg te dien, het ook terselfdertyd die vermoë om hul gemeenskapsdiens te gebruik as ŉ manier om in die gemeenskap die rykdom, invloed, posisies en spesiale vergunnings te ontsluit om die roeping van gestuurdheid te vervul.

Missionale predikante is, in die meeste gevalle, goeie netwerkers. Hulle weet hoe om mense met mekaar in verbinding te bring wat moontlik werk kan verskaf, of wat opleiding kan fasiliteer, berading kan gee, of wat op enige ander manier bystand kan verleen.

ŉ Missionale predikant handhaaf ŉ sterk band met sy gemeente sowel as met die gemeenskap waar hy betrokke is, daarom kan so ŉ leier makliker die afsydigheid en onbetrokkenheid van diegene in ŉ gemaksone aanspreek. ŉ Missionale predikant help om Christene met die nood en behoeftes van hul onderskeie gemeenskappe te verbind. Dit is ook makliker vir so leier om uit die gemaksone van sy kantoor uit te beweeg om die nood van die mense aan te spreek.

ŉ Missionale leier se hart klop altyd warm vir die buite-kerklikes en hy is ernstig om maniere te vind waarop hy hul behoeftes kan aanspreek.

7.3 DIE VORMING VAN MISSIONALE LEIERSKAP

1. *ŉ Missionale leier is een wat oor die vermoë beskik om te kan luister*

Dit word vanselfsprekend van leiers verwag om sterk leiding te kan gee. Daar is duidelik ook ander stemme wat ŉ bepaalde invloed het op die wyse waarop leiding gegee word. In Jesus se geval het sy Vader duidelik gepraat, Jesus het goed geluister wat sy Vader gesê het, en dan met sterk leiding na vore gekom. Die vraag word onwillekeurig gevra of leiers werklik oor die vermoë beskik om te kan luister. Samuel, wat onder die toesig van Eli die priester in die tempel gewerk het, was nog nie goed genoeg geoefen om te luister, en om goed te luister nie. ŉ Missionale leier moet na die stem van God in die eerste plek, en dan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ook na die mense se stemme kan luister. Hy of sy moet dan geloofsonderskeidend kan luister na dit wat gesê word. Die luistervaardigheid van ŉ missionale leier moet bo verdenking wees. Gebed, en dan meer spesifiek kontemplatiewe gebed, is ŉ sleutel-element van missionale leierskap. Dit is ŉ logiese uitvloeisel van missionale leiers se koninkryksgerigtheid om hulle voortdurend in plekke te bevind waar hulle na God kan luister, en ook om hulle te bevind in die geselskap van mense wat hulle kan help om geloofsonderskeidend die stem van God te hoor.

2. *Die dienskneg-gestalte van die missionale leier*

Jesus het self sy dissipels geleer dat hulle nederig en sagmoedig soos Hy moet wees en dat hulle almal se dienskneg moet wees. As hulle die hoogste wil wees, moet hulle almal se dienskneg wees. Hyself het sy dissipels se voete gewas en hulle geleer dat hulle ook so moet doen. Diensbaarheid is sinoniem met ware dissipelskap. Die basis van ons leierskap is gesetel in ons karakter. Die nederige gestalte van ŉ dienskneg is slegs moontlik wanneer ons reg na God luister en na die mense vir wie ons moet dien.

Leiers, wat altyd net op die voorgrond wil wees en hulle eie ego net wil laat geld, sal dit nooit regkry om waarlik dienskneg van die Here te wees nie. Hierdie soort nederigheid in ons karakter maak dat ons al ons talente, gawes en bekwaamhede in diens van ons medemens stel, sonder om eer en erkenning daarvoor te soek. Dit is in elk geval God wat aan die werk is, en ons is slegs sy instrumente wat Hy gebruik tot sy eer en verheerliking. Die nederige diensknegleier gaan voort om biddend na God te luister en so weet hy of sy presies by watter invalshoek om in te kom om waarlik diensbaar te wees.

3. *Die gehoorsaamheid van die missionale leier*

ŉ Leier wat nie in gehoorsaamheid onder gesag kan staan nie, is geen ware leier nie. Iemand wat gehoorsaam kan volg, kan ook met gesag leiding neem. Om in gehoorsaam-heid aan God te leef, kan net slaag as ons ook in die verhoudinge waarin ons staan, verantwoordbaar teenoor mekaar kan wees, en sodoende bewys lewer dat ons geestelik in ons karakter gegroei het. Slegs op dié manier kan ons verhinder word om altyd ons eie stem met die stem van die Here te verwar. Slegs in die beoefening van die geestelike dissipline van belydenis en vergifnis onderskei ons God se stem reg en reageer ook daarop in gehoorsaamheid. Wanneer ons ons eie sondes, gebrokenheid en mislukkings erken en bely, kan ons ander mense help om te groei op die weg van verantwoordbaarheid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4. *Die leier se verbintenis aan die* missio Dei

Die verbintenis tot persoonlike transformasie en tot transformasie in die gemeente is waarlik merktekens van missionale leierskap. ʼn Goeie leier erken dat God aan die werk is in elke klein deeltjie van die wêreld, selfs ook in al ons gevestigde strukture, en dat geen plek of person buite die skopus van God se genadewerkinge staan nie. ʼn Missionale leier stel vas waar God aan die werk is, en sluit dan daar by God aan in aktiewe deelname. Dit beteken om dan mee te werk aan betekenisvolle versoening, en dit behels ook om van tyd tot tyd geleenthede van God te sien en daarop te reageer; so ʼn leier sien geleenthede waarin ander persone dikwels geen geleentheid sien nie. Hierdie soort teologiese ontwikkeling vind plaas as ʼn geestelike dissipline, en as ʼn voortgesette dialoog met die kultuur waarin die leier hom of haar bevind. Die missionale leier verstaan alte goed hoe die Koninkryksbeginsels werk en bou sy lewensuitkyk rondom dit.

5. *ʼn Missionale leier beliggaam die koninkryksbeginsel van gestuurdheid*

Hierdie beginsel word nie uitsluitlik beliggaam in die predikant of in die kerkraad nie, maar in elke gelowige wat deur missionale leiers toegerus is vir hul dienswerk (Efes. 4:11-13). Hulle identifiseer hulself graag as gestuurdes van die Here. Hierdie soort leiers is bereid om hul eie gemaksones te verlaat en in Jesus se voetspore te volg, waar Hy hulle ookal mag lei. Hulle is ook bereid om risiko's te neem om mense in God se nuwe wêreld in te lei. In werklikheid is dit Jesus se eie lewe en bediening wat die grondslag lê vir ons eie lewens en bedieninge.

Die geloofsgemeenskap se deelname in Christus, sy lyding, sy dood, en sy opstanding bepaal hoe hulle die koninkryksbeginsel van gestuurdheid beliggaam.

6. *ʼn Missionale leier se leierskapstyl is uniek*

Elke missionale leier is deel van ʼn unieke leierskapspan. Daar is geen enkele persoon wat oor al die gawes beskik om effektiewe koninkryksleierskap te beoefen nie. Vanuit die verstaansraamwerk dat God aan almal verskillende gawes uitdeel soos Hy wil, word missionale leierskap as ʼn spanpoging beoefen. Missionale leiers streef daarna om unieke en kreatiewe gawes in ander mense te vertroetel en te ontwikkel deur die antieke vaardigheid en praktyke van mentorskap en geestelike dissiplines.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

7.4 DIE KERKRAAD AS MISSIONALE LEIERS

Dit sou fantasties gewees het as alle leiers presies op dieselfde geestelike vlak van missionale ontwikkeling was. Ongelukkig is die werklikheid anders. Leierskap moet ontwikkel word. Predikante speel normaalweg ŉ sleutel rol; as hulle op hul beste vir die Here wil wees in terme van leierskap, is dit noodsaaklik om te weet dat dit nie alleen gedoen kan word nie; ŉ leierskapspan is nodig. God het die leraars en die herders daar gestel om die res van die leierskapspan op te lei en toe te rus vir hul dienswerk. As predikant, is dit jou strewe om jou potensiaal in Christus te bereik, maar dit is ook belangrik dat jy die leiers help en ontwikkel dat ook hul volle potensiaal in die Here se gemeente bereik kan word.

Missionale transformasie in ŉ gemeente is byna onmoontlik sonder die ontwikkeling van hierdie vlak van leierskap. Die VGK in die Oos-Kaap gaan al vir jare gebuk onder ŉ nypende tekort aan predikante en daar is talle gemeentes wat óf nog nooit ŉ predikant kon beroep nie, óf die gemeentes is al vir dekades vakant. Hierdie gemeentes is uitsluitlik afhanklik van konsulente se dienste, of van die uiters noodsaaklike leierskap van kerkrade en gemeenteleiers. Om so ŉ gemeente te kan begelei op die pad van missionale transformasie is geen maklike taak nie.

Om ŉ gemeente effektief te kan lei, is dit nodig dat hierdie vlak van leierskap behoorlik ingestel moet wees om deur God gelei te word. Kerkrade wat die geheim geleer het om na God te luister en sy leiding te volg, het die soort leierskap wat missionale transformasie in gemeentes kan bewerkstellig. In sy boek, *God praat - leef luisterryk,* spreek Frederick Marais (2007) die vlak van leierskap aan wat ŉ wesenlike verskil kan maak in die manier hoe God transformerend in ŉ gemeente kan werk om hulle te begelei op die pad van missionale transformasie. In die opleiding wat aan die kerkraad verskaf sal word, sal die navorser juis van Marais se handleiding gebruik maak. Hy sal hier net enkele aspekte noem wat in die opleiding meer breedvoerig behandel sal word.

ŉ Belangrike aspek wat uitstaan, is die hele kwessie van geloofsonderskeiding. Die onderskeiding wat hier gebeur, is om in die lig van Christus se denke en strewe oor die dinge na te dink en sake te beoordeel (Marais 2007:35).

Is ons kerkraadsvergaderings geleenthede waar God kan praat en ons kan luister? Normaalweg is dit nie die geval nie; inteendeel, dit is juis die plek waar kerkraadslede hul “bors kom leegmaak.” Dit kan verander word na luistergeleenthede. In ons vergaderings

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kan ons ŉ luisterkultuur skep waar ons na God, maar ook na mekaar kan luister. Die luistersiklus skep vir ons spesiale ruimtes, wat ons so nodig het – naamlik om na God en mekaar te luister.

Marais (2007:70) onderskei tussen drie groot bewegings in die luistersiklus, naamlik rus, hoor en leef.

In die rus-beweging word daar diep en indringend met mekaar gesels oor die dinge wat hoop gee, asook oor die dinge wat wanhoop meebring. Nadat daar oor al hierdie dinge gebid is, word Skrifgedeeltes, wat die Here op verskillende harte afdruk, openhartig met mekaar gedeel. Die luistersiklus begin met ŉ uitnodiging deur God om tot rus te kom. "Om te rus by die Here is om ŉ tuiskoms te ervaar" (Marais 2007:70).

In die hoor-beweging word daar gefokus op die spesifieke tekste wat die Here op verskillende harte afgedruk het. Die woord "sjema" beteken om te luister en aandag te gee, maar dit beteken ook: "om te luister sodat ons kan hoor wat die Here vir ons as gemeente wil sê" (Marais 2007:95). Die woord wat die Here gespreek het, word dan spesifiek toegepas, na gelang van die konteks waar dit van toepassing is. Sake van belang wat bespreek moet word, word dan hanteer, sodat eienaarskap gevestig kan word.

In die leef-beweging word die proses afgerond met besluitneming. Marais (2007:130) noem dit "beliggaming" (embodiment) en verwys na H Richard Niebuhr wat dit ŉ ver-antwoord-elike lewe noem. Hy onderskei tussen (1) gehoorsaam wees aan wette, (2) ŉ doelgerigte lewe en (3) ŉ verantwoordelike lewe. Daar word nou oor projekte gesels, oor wat nodig is om gedoen te word, en dan word beplanning verder deurgevoer. Hier antwoord mense met hul lewens, ten opsigte van dit wat hulle by die Here gehoor het. "Ons wag op Hom en ontvang dan van Hom as die bron van liefde en genade, koers en rigting vir die pad vorentoe" (Marais 2007:135).

7.5 GEMEENTELEDE AS MISSIONALE LIDMATE

In Efesiërs 4:11-12 stel Paulus dit só: "En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus."

Dit was altyd deel van God se plan dat die hele kerk ŉ missionale roeping van gestuurdheid moet aankleef. Die SAVGG gids help missionale leiers om die gestuurde kapasiteit van hul lidmate op te bou en wel op die volgende wyse (SAVGG 2009:26):

1. Leer hulle dat gestuurdheid nie by jouself begin nie, dit begin by God. Gestuurdheid is ’n eienskap van God. Die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees leef in gemeenskap met mekaar, ’n gemeenskap van deernis, liefde en respek waarmee as drie-enige God, Hy self uitreik na die wêreld in nood. God drie-enig het daarom ’n gestuurde geaardheid (SAVGG 2009:26).

2. Dié belangrikste oortuiging van gestuurdes, is dat God drie-enig ons voorgaan in ons gestuurdheid. *Missio Dei* beteken dat God vandag in **hierdie** tyd en dag en in **elke plek besig** is met die herstel van verhoudings (SAVGG 2009:26).

3. Daarom is gestuurdes mense wat begin deur te rus in God. Hulle wag in die geloof om te onderskei waarmee, en hoe, God besig is om sy gestuurdheid uit te leef. Gestuurdes leef daarom vanuit geloofsvormende gewoontes wat help om raak te sien wat God aan die doen is, sodat ons, in ons gestuurdheid, by Hom kan aansluit. Gestuurdheid is nie ons taak nie, dit is wie God is en wat Hy doen. (SAVGG 2009:26).

4. Gestuurdes het basies twee stukke gereedskap: die Woord van God en ’n openheid om deur die Gees vernuwe te word. Gestuurdes stel hulself oop om gevorm te word - weg van ’n selfgerigte lewe na ’n selflose lewe waarin ons, ter wille van die eer van God en die koms van sy Koninkryk, fokus op die herstel van gebroke verhoudings - in die familie, die gemeenskap, die ekonomie, die politiek, die natuur en natuurlik die kerk (SAVGG 2009:27).

5. Gestuurde leiers bou die kapasiteit van die lidmate deur insigte om te sit in ’n leefwyse. Dit bestaan uit vier komponente, te wete kennis, vaardighede, houding en gewoontes wat herhaal kan word.

   Kapasiteit 1 leer en ervaar hoe om eerstehands met God te lewe. *Metodiek*: ons beoefen geloofsvormende gewoontes soos wandel in die Woord, asook ander geestelike dissiplines.

   Kapasiteit 2 leer en ervaar om in die geloof te onderskei. *Metodiek*: Ons beoefen geloofsonderskeidende praktyke soos om God se vrae te vra en bewus te word van die bewegings van die Gees.

   Kapasiteit 3 leer en ervaar wat dit beteken om onder leiding van die Heilige Gees grense oor te steek en so jou gestuurdheid te ontdek. *Metodiek*: Ons wandel in die wêreld en leer om gefokus oor grense verhoudings te bou.

Kapasiteit 4 leer en ervaar hoe om bevestiging van jou gawes en roeping te gee en te ontvang. *Metodiek*: Ons beoefen die gewoonte van bevestiging van alle mense as geskape na die beeld van God (*imago Dei*) en bou saam aan die nuwe gemeenskap van God se Koninkryk. (SAVGG 2009:27,28).

7.6 RIGLYNE VIR DIE PAD VORENTOE

Die VGK Gamtoosvallei se predikant en kerkraad, sowel as die gelowiges in die gemeente, het ŉ goeie begrip gekry van wat God besig is om te doen in die gemeente en in die gemeenskap. Dit is daarom van belang dat die gemeente nou na vore sal kom met riglyne vir die pad vorentoe. Die vorige hoofstuk het deeglik getoon hoe ŉ missionale gemeente lyk, sodat riglyne makliker vir onsself in die gemeente neergelê kan word oor hoe ons graag wil hê die leraar, die kerkraad en die gemeente hul aandeel in die *missio Dei* moet sien.

7.6.1 Die rol van die leraar

Dit sal ŉ belangrike uitdaging vir die leraar van ŉ tradisionele instandhoudingsgerigte gemeente wees om hierdie mense se fokus rondom die geboue, bestuur en finansies van die kerk te laat verskuif na ŉ missionale fokus. Die geboue het wel groot geskiedkundige waarde vir die gemeente ten opsigte van hul strewe na menswaardigheid en erkenning, maar dit is belangriker vir die gemeente om te weet wat God wil doen in die omgewing en waar ons by Hom kan aansluit in die *missio Dei*. Die leraar se primêre taak is nie om geboue in stand te hou nie maar om die koninkryk van God te verkondig en die gemeente te begelei in die realisering daarvan.

Vir die leraar lê die uitdaging voor die deur om te fokus op buitengewone ruimtes waar God sy wil bekend wil maak aan die mense. Om te gaan waar die plaaswerkers hulle bevind, in die sitruspakstore, in ander fabrieke, in groentelande, in hul huise, op straat en in die dorp op die markplein. Dáár moet die fokus op die bou van verhoudings wees.

Die vlak van transformasie wat die leraar sal moet nastreef, is om ŉ “dienskneg-gestalte leierskap” na vore te laat tree.

Vir die leraar van die VGK Gamtoosvallei sal die gespartel rondom wat die leraar moet doen om die nood aan te spreek, verander na: Wat gaan ons doen as kerk van die Here om ons omgewing te transformeer? Ons sal nie meer alleen spartel om vure te blus nie,

maar ons sal die gemeente, as God se gawe aan ons, sy rol laat sien om deel te wees van dit wat God in die omgewing wil doen.

Die leraar van die VGK sal meer kwesbaar moet word en sal grense moet oorsteek. In hierdie geval, sal dit blootstelling wees aan die talle buite-kerklikes op die plase rondom ons, en vreemdelinge uit Lesotho, Zimbabwe, Nigerië, Somalië en China.

Die leraar sal, deur toerusting en bemagtiging van die kerkraad en die gemeente, vir hulle help om hul rol en plek in die plan van God te sien en om dit na te streef. Deur die uitleef, en die beoefening van die geestelike dissiplines van gebed, luister na God, wandel in die Woord, en stil wees voor die Here, sal die leraar homself bemagtig om God se gawes aan die wêreld bekend te maak.

7.6.2 Die rol van die kerkraad en ander leiers

Missionale transformasie in die leierskap sal die kerk beslis tot hoër hoogtes lei. Wanneer die gemeente sien dat die leierskap ernstig is oor wat God in die omgewing wil doen, en hulle dan ook met hul harte deelneem, sal die gemeente wil deel wees van wat God aan die doen is in die wêreld. Leraars wat hul beste potensiaal bereik het, is dié wat hul leierskap so ontwikkel het dat kerkrade en gemeentes hul beste potensiaal verwesenlik.

Die ontwikkeling van leiers vereis voortdurend harde, opofferende werk. Dit gebeur nie sommer oornag dat iemand in ’n missionale leier ontwikkel nie. Dit vereis voortdurende aandag en behoorlike toespitsing op wat besig is om ontdek en ontwikkel te word. Dit vra beslis baie aandag en toewyding. Indien die leraar die pad met die kerkraad en die leierskap gevolg het, sal dit soveel makliker vir hulle wees om die missionale leierskap van die gemeente te ontwikkel.

Die kerkraad moet vir hulself vra:

- Sal ons leierskap heeltyd net in die konsistorie besig gehou word met die een vergadering na die ander, of sal ons potensiaal as missionale leiers bereik word?
- Sal ons, as kerkraad, vir onsself eerlik konfronteer met vrae soos: Wat is God besig om te doen in ons omgewing?
- Op watter manier sal ons as leiers by God kan inskakel en deel wees van hierdie groter plan van God?
- Wat sal die uitkoms wees van hierdie deelname in God se *missio Dei?*

7.6.3 Die rol van die gemeente

Vir ’n gemeente wat ernstig is oor transformasie, sal dit nie te moeilik wees om te verstaan dat God deur die gemeente wil werk om ’n verskil in die gemeenskap te maak nie. So ’n gemeente weet dat God sy leiers daargestel het om die gelowiges in die gemeente toe te rus vir hul dienswerk. Dit is hier waar die missionale transformasie inkom. Deur die nodige praktykgerigte opleiding en toerustingsmiddele kan ’n tradisionele instandhoudingsgerigte gemeente ontwikkel tot ’n groeiende missionale gemeente. Die predikant en die kerkraad is medeverantwoordelik vir die uiters belangrike proses. Die prediking, die dissipline van wandel in die Woord, en die voorbeeld en lewe van die bedienaar van die Woord, is belangrik in die proses van geestelike toerusting. Ons, wat leiers is, moet lei deur ons voorbeeld. Die transformasie wat deel van ons lewe geword het, word dan ook spontaan deel van die gemeente se leer en lewe.

7.7 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

Die vraag wat die navorser aan die begin gevra het, was: **Hoe kan hy in die omstandighede by die positiewe werking van die Heilige Gees in sommige lidmate se harte en lewens aansluit en die gemeente inspireer of begelei om ’n missionale gemeente te word?**

7.7.1 Die navorsingsdoel

Die doel van hierdie navorsing is om, met behulp van ’n literatuurstudie, riglyne neer te pen wat die kerkraad van die gemeente kan volg om die reis na missionale transformasie doelgerig verder te voer.

7.7.2 Hipotese

Die navorser se vermoede is dat lidmate wat hul missionale roeping ontdek het en die kragtige werking van die Heilige Gees in hul midde ervaar het, die sleutel kan bied tot die herontdekking van hoop en nuwe lewe. Hierdie vermoede het as die navorser se hipotese gegeld.

7.7.3 Die navorsingsvraag

Die navorser se formele navorsingsvraag het gelui: **Hoe begelei ’n mens lidmate in ’n tipies-plattelandse gemeente, wat in armoede en ’n instandhoudingsbediening vasgevang is, om hul menswaardigheid in Christus te ontdek en te transformeer na**

ʼn missionale gemeente wat fokus op God en sy agenda vir hulle en hul gemeenskap?

7.7.4 Die antwoord op die navorsingsvraag

Die navorsing is prakties-teologies in ontwerp (Hendriks 2004:23). Die verduideliking van die kruismetodologie het as metodologiese raamwerk en vertrekpunt vir die studie gedien. Die inleidende hoofstuk het op die doel van die prakties-teologiese ondersoek gefokus, naamlik om die menswaardigheid en roeping van die lidmate van die VGK Gamtoosvallei aan die orde te stel.

Hoofstuk 2 was ʼn konteksanalise en het die demografiese gegewens van die VGK Gamtoosvallei beskryf. Aan die hand van die konteksanalise, is die gemeente se probleme geïdentifiseer. Armoede, die gemeente se selfgerigtheid op eie oorlewing, en min of byna geen fokus op wat God in die omgewing wil doen nie, is van die geïdentifiseerde probleme. Die doel van dié hoofstuk was om aan te toon dat mense, wat met soveel armoede en ontberinge daagliks worstel, baie maklik vasgevang raak in hul negatiewe omstandighede, en slagoffers van hul omstandighede kan word. Die vraag is gevra: Kan lidmate in sodanige konteks werklik positief bly, en in die proses hoop en nuwe lewe in die gemeente en gemeenskap bring? Dit alles het ʼn uitwerking op die menswaardigheid van die lidmate van die VGK Gamtoosvallei.

In hoofstuk 3 het die navorser, deur middel van ʼn identiteitsanalise, die omstandighede wat ʼn besondere rol gespeel het in die vorming van die VGK Gamtoosvallei se identiteit en kultuur uitgespel. Die vraag na die identiteit van die gemeente is beantwoord aan die hand van ʼn oorsig oor die geskiedenis van die gemeente en ʼn tydlyn wat help om die verhaal van die gemeente te vertel. Tweedens, is vanuit die perspektief van die kultuur-historiese erfenis gekyk na die invloed van die slawekultuur van die Khoi op die gemeente se kultuur. Die gemeente is afstammelinge van die Khoi. Hulle is egter ook “exiles” op hul eie geboortegrond, met ander woorde, hulle is grondloos en ook stemloos.

Hoofstuk 4 het die profiel van die gemeente in sy huidige konteks belig. Dit is belangrik om die mense in hul alledaagse werklikheid te sien en te verstaan voor die navorsingsvraag met egtheid en begrip beantwoord kan word. Die fokus is op hul huidige realiteite. In terme van die kruismetodologie was hierdie hoofstuk besig met die linkerpool van die kruis - die beskrywing van die konkrete situasie op die grond. Dit gee ook weer iets van die identiteit van die gemeente wat nóu verband hou met die onderste punt van die kruis, die identiteits-

pool. Hier is bevind dat ván die lidmate in die gemeente hulle nie deur hul armoede laat onderkry nie, deurdat hulle hul missionale roeping ontdek het en onder leiding van die Heilige Gees met menswaardigheid hul roeping in Christus begin uitleef het.

Teen dié agtergrond is die hipotese van die navorsing as waar bewys, naamlik dat daar ŉ pad uit hierdie ellende is en dat daar positiewe hoop vir die kerk is – al is hierdie vroeë en eerste tekens.

Hoofstuk 5 is ŉ literatuurstudie wat ŉ prakties-teologiese raamwerk uiteensit waarvolgens die navorser te werk wil gaan om te toon wie God is, en hoe die Triniteit werk. Dit sluit aan by die tema van menswaardigheid wat ontdek word wanneer die mens sy ware identiteit as beelddraer van God ontdek. Die doel van hoofstuk 5 was om ŉ teologies-teoretiese basisteorie uit te spel. Hiervoor is uit die *missional church* literatuur ŉ opsomming gemaak. Dit het op die Triniteit as grondslag van die identiteit van die kerk en die mens gefokus. Die basiese logika is dat Genesis 1:26-28 sê dat God die mens na sy beeld en gelykenis geskape het. Hierdie *imago Dei* vorm die hoeksteen van die navorser se verstaan van menswaardigheid.

In die proses van transformasie, waarna die navorser hunker, is die teologiese verstaan van verhoudings sentraal. Dit is die verhouding in die Triniteit wat die basis bied vir die verhouding tussen die gelowiges onderling. In die gedeelte oor *perichoresis* is getoon hoe die verhouding in die Triniteit werk en hoe dit ons verhoudinge in die kerk raak.

Hoofstuk 5 toon ook die herstel van die *imago Dei* en die mense se menswaardigheid wat plaasvind wanneer die mens in verhouding met God begin leef en sy roeping in Christus begin uitleef. Dit sal die gemeente help om uit sy bestaansgerigte ingesteldheid te beweeg en te transformeer na ŉ missionale gemeente wat deelneem aan wat God in die omgewing wil doen.

Hoofstuk 6 het, in terme van die prakties-teologiese raamwerk, begin fokus op die strategie van hoe die transformasieproses hanteer moet word. In hoofstuk 7 is op die belangrike leierskapstyle wat gevolg kan word op die reis na missionale transformasie gefokus. Dit gaan in dié hoofstuk oor ŉ geloofsonderskeidingsproses. Die hoofstuk kyk na hoe ons die leierskap van ŉ gemeente op die reis na missionale transformasie moet begelei.

Die navorsingsvraag word beantwoord wanneer die leierskap die gemeente se ware identiteit herontdek. In hoofstukke 5 en 6 is die basisteorie van wat ŉ missionale gemeente is, uitgespel. In terme van die prakties-teologiese metodologie, verduidelik die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kruissimbool dat die verstaan van God se identiteit wesenlik is vir die verstaan van die identiteit van die kerk, asook alle aspekte van menswaardigheid. Hierdie hoofstuk het aanknoping gevind by die *missio-Dei* konsep. In wese, is God ’n sendende God en, as sodanig, is dit die enigste identiteit wat die kerk en die mens menswaardig maak. Die hoofstuk het ook aspekte van kerklike missionaliteit uitgespel.

Die vraag wat die navorser aan die begin gevra het, was:

Hoe kan hy, in die omstandighede, by die werking van die Heilige Gees in sommige lidmate se harte en lewens aansluit en die gemeente inspireer of begelei om ’n missionale gemeente te word?

Die hipotese van hierdie navorsing was die navorser se vermoede **dat sommige lidmate, wat hulle missionale roeping ontdek het en die kragtige werking van die Heilige Gees in hulle midde ervaar het, die sleutel kan bied tot die herontdekking van hoop en ’n nuwe lewe.** Hierdie vermoede is in die studie bevestig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BIBLIOGRAFIE

Ackermann, L.W.H. 2004. *Menswaardigheid na Tien Jaar van Regstaatlikheid in Suid-Afrika* (Toespraak gelewer by Noordwes – Universiteit (Potchefstroom) 16 Maart 2004. http://www.nwu.ac.za/sites/default/files/images/04Xv1ackerm.pdf afgelaai op 14-07-2012.

Barrett, L. Y. 2004. *Treasure in Clay Jars: Patterns in Missional Faithfulness.*William B Eerdmans Publishing Company Grand Rapids, Michigan/ Cambridge, U.K.

Bosch, D. J. 1991 *Transforming mission: Paradigm shifts in theology of mission.*

Coetzee, W. D. 1984. *The early history of Hankey 1822 – 1847*. MA – verhandeling, Universiteit Pretoria.

Costas, O. E. 1989. *Liberating News: A Theology of Contextual Evangelism.* Grand Rapids: Eerdmans.

Elbourne, E. 2002. *Blood Ground*. Mc Gill Queen`s University Press.

Grondwet van Suid-Afrika. Die volledige grondwet is by: http://www.info.gov.za/documents/constitution/1996/a108-96.pdf Afgelaai 14-07-2012.

Guder, D. L. 1998 *Missional Church: A Vision for Sending of the Church in North America*. W B Eerdmans Publishing Co.

Hendriks, H. Jurgens. 2004 *Studying Congregations in Africa*. Lux Verbi: Paarl Print.

Hirsch, A. 2006. *The Forgotten Ways*. Brazos Press.

Kouga Integrated Development Plan (2007 – 2012).

Kouga Spatial Development Plan (2009).

Link, H. 1988. *One God One Lord One Spirit On the Explication of Apostolic Faith Today.* Macmillan India Ltd Bangalore 25.

Malan, G. H. 1970. *Die brullende leeu getem.*Humansdorp: Suidooster.

Marais, Frederick. 2007. *God praat - leef luisterryk vir vergadering*: *Handleiding vir gemeenteleiers op soek na God se agenda vir gemeentes*. Wellington: Bybelkor.

McGrath, A. E. 2001. *Christian Theology: an introduction*. Oxford:Blackwell.

Moltmann, J. 1984. *On Human Dignity: Political Theology and Ethics.* (Fortress Press Philadelphia).

Mouton, J. en Marais, H. 1990. *Basiese Begrippe: Metodologie van die Geestewetenskappe.* RGN – Uitgewers. Pretoria.

Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk: sien VGKSA.

NGK Notules. Vanaf 08.11.1946 – 29.05.1947.

Niemandt, N. 2007. *Nuwe drome vir nuwe werklikhede.* Wellington: Lux Verbi.

Ntoubandi, Z. F. 2000. *Human Dignity in the South African Constitution.* Ongepubliseerde LLM – Skripsie . Potchefstroom : PU vir CHO.

Penn, N. 2005. *The Forgotten Frontier*. *Colonist and Khoisan on the Cape's Northern Frontier in the 18th century.* Cape Town: Double Story Books.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Peterson, E. 2005. *Christ plays in 10,000 places: A conversation in spiritual theology.* London: Hodder & Stoughton.

SAVGG gids, Uitgawe 1 - Jan 2009.

Slabbert, D. L. 1991. *Die Onvoltooide Sendingtaak onder die bruin en swart inwoners van die Gamtoosvallei* MA Verhandeling. Universiteit OVS.

Thunberg, C. P. 1986. *Travels at the Cape of Good Hope 1772 – 1773,* second series no 17*,* Van Riebeeck Society, Cape Town.

Van der Merwe, H. 1988. *Die Suid-Kaap: `n Agtergrond. Die Kultuurhistorikus*. US: Dept Afrikaans Kultuurgeskiedenis en Museumkunde.

Venter, R. 2008. *God se Eindtyd Profetiese Plan vir die Bruin mense van Suider Afrika.* Handisa Media.

VGKSA Jaarboek. 2006. CLF Uitgewers: Bellville.

VGKSA Notules. vanaf 17.04.1948 – 09.04.1974 (Die VGKSA was voorheen bekend as die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk).

Volf, M. 1998. *After Our Likeness The Church as the Image of the Trinity.* Eerdmans: Grand Rapids.

Vorster, N. 2005. `n Teologiese – Dogmatiese Beoordeling Van Die Suid Afrikaanse Grondwetlike Konsep Van Menswaardigheid. In: *Acta Theologica* 2005:1, 134-171.

Artikels:

1.(www.lausanne.org/documents.html).

2.(www.peherald.com/news/article/7815).

3.(http://capeslavery-heritage.iblog.co.za). Mellet P T Afgelaai 14-07-2012[4]

4.(www.kougamunicipality.co.za).

[4]Al die notules wat na verwys word in die tesis is beskikbaar by die kerkkantoor van die VGK Gamtoosvallei in Patensie

`N kaart van die gebied word as addendum geplaas na die bibliografie

Die huweliksregister kan gevind word in die kerkkantoor van die VGKSA Gamtoosvallei Patensie

[4] *Die Bybel Nuwe Vertaling*. electronic ed. Cape Town, South Africa : Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1998, c1983, S. Php 1:9-10

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ETIESE KLARING: VERLOF VAN KERKRAAD VIR DIE STUDIE

UNITING REFORMED CHURCH IN SOUTHERN AFRICA

VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDER AFRIKA

Uitenhage Presbytery / Ring van Uitenhage
Gamtoos Valley Congregation / Gamtoosvallei Gemeente

Rev S W Jonas (041) 283 0556 / 072 235 0416, P O Box 134 Patensie 6335

HEIL DIE LESER

Verw: Kerkraad van die VGK Gamtoosvallei se goedkeuring vir navorsingstudie.

Weleerwaarde Heer en lede,

Die kerkraad van die Verenigende Gereformeerde Kerk Gamtoosvallei gee met die verskuldigde eerbied kennis van sy besluit, geneem op 26 Januarie 2008 om goedkeuring te verleen aan die voorgenome navorsingstudie van Ds Stephen Wilhelm Jonas rakende die Menswaardigheid en Missioniale roeping van die lidmate van die VGK Gamtoosvallei.

Geteken te Kwagga, Patensie op 26 Januarie 2008.

Waarnemende Voorsitter .....

Skriba .....

Lid .....

KAART: KOUGA MUNISIPALE AREA